# HOOFSTUK 3

## ENKELE GESINSTIPES EN DIE INVLOED VAN DIE INDUSTRIëLE REVOLUSIE, KERSTENING EN VERSTEDELIKING OP DIE LEWE VAN DIE TRADISIONELE SWARTMAN VAN SUID-AFRIKA

### 3.1 INLEIDING

Volgens antropoloë is die gesin die universele sosiale eenheid van 'n samelewing; die eenheid waaruit alle ander sosiale strukture voortvloei: "...the family has always been the nucleus of culture in the history of civilization" (Anderson & Lindeman, 1930:333). Dit is belangrik om daarop te let dat daar verskeie gesinstipes bestaan (paragraaf 3.2), meestal in ooreenstemming met 'n betrokke samelewing se sosiale struktuur. Só byvoorbeeld was die sosiale struktuur van die vóór-industriële tydperk geweldig groepsgeoriënteerd en om dié rede was die **uitgebreide gesin** (paragraaf 3.2.4) die oorheersende gesinstipe gedurende daardie tyd. Vandag is die **kerngesin** (paragraaf 3.3) oorheersend; in pas met die eise van 'n industriële samelewing.

Die gesin speel in alle samelewings 'n belangrike rol, ongeag die tipe samelewing waarin die gesin funksioneer. Hierdie stelling word deur Anderson en Lindeman (1930:333) soos volg onderstreep: "Whatever the social pattern of a people, the family has held in that arrangement a key position."

Die harmoniese gesin as fundamentele bron van opvoeding en onderwys (vergelyk paragraaf 2.2.2.3) is een van die belangrikste instellings waarbinne dissipline en stabiliteit in elke individu se lewe verseker word (Strijdom & Van der Burgh, 1980:1) (paragraaf 1.8.5). Uit navorsingsresultate blyk dit dat indien eenheid en stabiliteit die gesinslewe kenmerk, dieselfde gunstige omstandighede ook in die betrokke samelewing sal heers (Anon, 1986:4 ; Pretorius, 1988:35). Rondom hierdie stelling is die hele navorsingsprojek geweef.

As gevolg van die versnellende tempo van ekonomiese vooruitgang, veral sedert die Industriële Revolusie in Europa en ook in Suid-Afrika , het die mens hom in toenemende mate na die stad gewend (Strijdom & Van der Burgh, 1980:2). Dit het die struktuur en funksionering van die tradisionele uitgebreide gesin beïnvloed; in heelwat opsigte positief, maar ongetwyfeld nie sonder knelpunte nie. Ten einde die ontstaan van die kerngesin (paragraaf 3.3.3.2) te begryp en ook begrip te hê vir die voordele (paragraaf 3.3.3.3) en kwesbaarheid (paragraaf 3.3.3.4) van die kerngesin binne die industriële samelewing, is dit eerstens nodig om te kyk na die manifestering van die gesin deur die eeue tot en met die Industriële Revolusie (paragraaf 3.3.2).

Waar hierdie studie spesifiek gerig is op die swartmense van Suid-Afrika, en dan in besonder op die toestand van ouer-kind-opvoedingsverhoudinge en moontlike opvoedingsprobleme waarmee die **verstedelikte** swartmens te kampe het, is 'n oorsig van die swarte in sy tradisionele stamopset van groot belang (paragraaf 3.4). Eers wanneer die swartmens in dié opset geken is, kan die aanpassingsprobleme wat hy in die verstedelikte en half-verwesterde toestand ervaar, met begrip en simpatie bejeën word. In hierdie verband word gekyk na die vestigingspatrone van die swartmense van Suid-Afrika (paragraaf 3.4.2), na hulle tradisionele lewens- en wêreldbeskouing (paragraaf 3.4.3), hul tradisionele samelewingsbeskouing en gesinslewe (paragraaf 3.4.4) en hul tradisionele opvoedingsgedagtes (paragraaf 3.4.5).

Die swartmense van Suid-Afrika is egter deur die prosesse van verstedeliking en verwestering gedwing om aanpassings in hul tradisionele leefwyse te maak (Strijdom & Van der Burgh, 1980:1). Aanpassings wat as gevolg van die vreemdheid daarvan soms "a disintegrating effect on their traditional way of life in general and on their traditional family life in particular", gehad het (Steyn & Rip, soos aangehaal deur Strijdom & Van der Burgh, 1980:1). Die invloed (hetsy positief of negatief) wat spesifiek die **Christelik**-westerse kultuur en die proses van verstedeliking op die tradisionele swartmens gehad het (paragraaf 3.5) , dien

as teoretiese agtergrond vir die empiriese ondersoek (hoofstuk 4) na die toereikendheid al dan nie van ouer-kind-opvoedings=verhoudinge en opvoedingspraktyke in die verstedelikte swart gesinsverband. Waar die ondersoek in die swart dorp Ikageng uitgevoer is, word die Tswanavolk (wat oorheersend in hierdie gebied verteenwoordig is) deurgaans in die teorie in meer besonderhede bekyk.

## 3.2 GESINSTIPES

### 3.2.1 Inleiding

Die huwelik lei tot die ontstaan van 'n maatskaplike groep wat gewoonlik 'n gesin genoem word (Cilliers, 1974:14). Volgens Steyn et al. ( 1990:38) verwys die gesin in die meeste gevalle, en by uitstek in die Westerse samelewing, na daardie groep mense wat gevorm word deur twee volwassenes van die teenoorgestelde geslag waaruit afhanklike kinders gebore word (paragraaf 1.8.5). Daar is dus in die gesin 'n verwantskap van die lede aan mekaar deur die huwelik en die proses van geboorte.

'n Harmoniese gesin bied die ervaring van persoonswarme, liefdevolle en intieme verhoudinge en bied fisiese en materiële versorging aan sy lede. Verder verseker die harmoniese gesin die suksesvolle sosialisering en persoonsontplooiing van die kinders, begelei die kinders in die vorming van 'n eie waardesisteem en bied ondersteuning aan die kinders ten opsigte van die verwerwing van onafhanklikheid, selfstandigheid en die uiteindelike vestiging van 'n eie harmoniese huwelik en gesinslewe (Brown, Harber & Strivens, soos aangehaal deur Pretorius, 1988:37).

Waar nou uitsluitsel verkry is oor 'n omskrywing van die harmoniese gesin in breë terme, word daar kortliks in die volgende aantal paragrawe gekyk na verskillende gesinstipes op 'n meer gespesifiseerde vlak.

### 3.2.2 Die kerngesin

Die mees basiese van alle gesinstipes is die kerngesin (of nukleêre gesin) (Cilliers, 1974:14 ; Keyter, 1970:51 ; Goode, 1964:86) (vergelyk paragraaf 3.3). Hierdie gesin is tipies saamgestel uit 'n getroude egpaar (één man en één vrou) tesame met hul afhanklike kinders (paragraaf 1.8.6) 'n Huwelik wat uit een man met een vrou bestaan en dan lei tot 'n kerngesin, staan bekend as monogamie (Steyn et al., 1990:44 ; Keyter, 1940:13).

Die kerngesin kom in die meeste samelewings voor en "The intact nuclear family, with father, mother and children living together, is still regarded by most as the optimal child-rearing unit..." (Touliatos & Lindholm, 1980:265). Hierdie gesinstipe kom egter ook dikwels in kombinasie met ander gesinstipes voor, om só groter gesinsgroepe, of sogenaamde saamgestelde gesinne te vorm (Cilliers, 1974:14 ; Steyn et al., 1990:45).

Die saamgestelde gesinstipes val hoofsaaklik in twee klasse, naamlik die poligamiese gesin (paragraaf 3.2.3) en die uitgebreide gesin (paragraaf 3.2.4).

### 3.2.3 Die poligamiese gesin

Die poligamiese gesin bestaan uit twee of meer kerngesinne wat deur gelyktydige meervoudige huwelike aan mekaar gekoppel is; dit wil sê, waar een van die eggenote die gemeenskaplike lid van 'n aantal kerngesinne is (Cilliers, 1974:14). Hier is dus sprake van 'n uitbreiding van die man-vrou-verhouding, wat bekend staan as poliginie. Soos Preston-Whyte (1974:179) dit stel: "The possibility of polygyny means that the internal development in the family may be complicated by the husband taking more than one wife."

Die tradisionele swart gesin is meestal poligaam en die aantal vroue van 'n man word gewoonlik bepaal deur sy sosiale status (Van den Berg, 1978:103) (vergelyk paragraaf 3.4.4.4).

### 3.2.4 Die uitgebreide gesin

Die tweede klas van saamgestelde gesinstipes is die uitgebreide gesin. Volgens Steyn et al. (1990:46) ontstaan hierdie gesinstipe deurdat twee of meer kerngesinne aanmekaar gekoppel word deur die uitbreiding van die **ouer-kind-verhouding**. In sommige opsigte het die uitgebreide gesinstipe een of meer voordele bo ander gesinstipes. Daar is egter in die meeste van die gevalle ook een of ander nadeel verbonde aan hierdie gesinstipe. In die bespreking van die uitgebreide gesinstipe in die onderstaande paragrawe, sal telkens waar van toepassing, na die voor- en nadele van die aspek onder bespreking verwys word.

As voorbeeld van só 'n uitgebreide gesinstipe, kan genoem word die patriargale verwantskapsisteem, waar die seuns met hul vroue en kinders by die ouers inwoon (Goode, 1964:86). Hierdie gemeenskaplike inwoning van die uitgebreide gesin hou veral vir sommige swartmense heelwat voordeel in. Daardeur vind die opvoeding van die kinders gemeenskaplik plaas tussen die verskillende lede van die uitgebreide gesin (Wilson, 1984:1338). Die probleem van skaars opvoedkundige hulpbronne, wat moeilik verkrygbaar is vir individuele gesinne, word op hierdie wyse opgelos.

Die wyse waarop uitgebreide gesinne gevorm word, is nie bloot toeval nie. Dit is bepaalde persone met 'n bepaalde afstamming wat die begrensde groep van die uitgebreide gesin vorm, binne die meer omvattende verwantskapsisteem (paragraaf 3.4.4.3) (Steyn et al., 1990:58).

Die ekonomiese aktiwiteite van die uitgebreide gesin is selfonderhoudend van aard (Steyn et al., 1990:59 ; Goode, 1982:106). Dit hou vir die individu 'n groot mate van sekuriteit in aangesien die groep in sy geheel die verantwoordelikhede van al die lede dra. Solank daar dus voldoende welvaart vir die groep is, kan geen individu ekonomies hulpbehoewend raak nie. Verder word oues en siekes deur die uitgebreide gesin as geheel versorg

en dit word nie as 'n probleem deur die gesinslede ervaar nie (Goode, 1964:96). As nadeel kan hier genoem word dat almal in die uitgebreide gesin tydens algemene ekonomiese nood daaronder ly.

Afgesien van **ekonomiese sekuriteit** in tye van voorspoed, beleef die individuele lede van die uitgebreide gesin ook in 'n hoë mate **emosionele sekuriteit** (Steyn et al., 1990:60). In die geval van 'n persoonlike krisissituasie, is daar 'n groot aantal individue wat kan bystand verleen in die hantering van die krisis (Steyn et al., 1990:60). 'n Belangrike faktor wat tot hierdie emosionele sekuriteit bydra, is die sterk voorskriftelike aard van die verhoudings tussen die lede van die uitgebreide gesin (Goode, 1964:101). Om hierdie rede ken die lede wat in die uitgebreide gesin grootword, feitlik geen onsekerheid oor die wyse van optrede teenoor die ander lede van die gesin nie. Die rolverdeling en roldifferensiasie is dus duidelik afgebaken in die uitgebreide gesin; 'n faktor wat **rolsekuriteit** by die lede verseker (Pretorius, 1988:52 ; Goode, 1982:102).

Aan die negatiewe kant kan genoem word dat die groot aantal persone wat in totaal deel uitmaak van die gesin, dikwels veroorsaak dat daar selde kwalitatief besondere diep bande tussen individue van die uitgebreide gesin gevorm word. Soos Goode (1982:102) dit stel: "...one consequence of this dispertion of social energy and interaction is a lessened intensity of emotional ties between any two individuals." Aan die ander kant bestaan die probleem van vereensaming weer nie in die uitgebreide gesin nie (Steyn et al., 1990:61).

'n Verdere belangrike kenmerk van die uitgebreide gesin is die streng mate van **maatskaplike beheer** waaraan die lede van die gesin onderworpe is. Daar bestaan weinig privaatheid tussen die lede van die gesin en die gedrag van die verskillende gesinslede teenoor mekaar is blootgelê aan almal (Goode, 1982:102 ; Steyn et al., 1990:61). Streng toesig oor gesonde huweliks- en gesinsverhoudings word ook gehandhaaf. Ouers kan dus nie maklik 'n oorbesitlike, oorbeskermende houding ten opsigte van die

kinders ontwikkel nie (Pretorius, 1988:52).

In die geval van verhoudingsprobleme word geweldig druk uitgeoefen op sulke lede om die probleme op te los en sterk emosionele steun word in sulke tye, veral deur die ouer lede van die gesin, aan dié met probleme verleen (Steyn et al., 1990:61). Daardeur word 'n hoë mate van **gesinstabiliteit** verseker (Pretorius, 1988:52).

'n Laaste belangrike aspek van die uitgebreide gesin is dat hierdie gesinstipe belangrike implikasies vir die opvoeding en sosialisering van die kind inhou. Omdat 'n verskeidenheid van volwasse persone die kind dissiplineer, is die voorkoms van buitengewoon dominerende en oorbesitlike ouers baie kleiner as in die kerngesin (vergelyk paragraaf 3.3.3.4) (Steyn et al., 1990:63,119). Daar heers dus in die uitgebreide gesin **pedagogiese sekuriteit** (Pretorius, 1988:52).

Ook wat betref die aanvaarding van verantwoordelikhede, die optrede teenoor ander mense en die hantering van lewensprobleme op 'n vroeë ouderdom, het die kind in die uitgebreide gesin 'n besliste voorsprong bo die kind in die kerngesin (paragraaf 3.3.3.4). Bossard en Boll, soos aangehaal deur Steyn et al. (1990:62) gee 'n verduideliking van hierdie stelling :

"To grow up in a large family is to come to terms with life. This seems the best way to designate the almost inevitable socializing process of large-family living."

Die kind in die uitgebreide gesin word dus nie oorbeskermend en afgesonder van die samelewing grootgemaak soos dikwels die geval in hedendaagse kerngesinne is nie. Die kind in die uitgebreide gesin beskik daarom oor **sosiale sekuriteit** (Pretorius, 1988:52).

Die atmosfeer wat oor die algemeen in die uitgebreide gesin heers, is dié van gelykvormigheid en samehorigheid (Steyn et al.,1990:62 ; Gutkind, 1974:104). Beide bemoeilik die aanvaarding

van nuwe idees en gedragspatrone, 'n lewenswyse wat in hedendaagse terme as uiters staties beskryf kan word. Hierdie lewenswyse pas egter by die bepaalde samelewingsomstandighede waarin die uitgebreide gesin gewoonlik funksioneer; dit is naamlik nie nodig om 'n gejaagde lewe te ly soos wat deur die hedendaagse moderne, geïndustrialiseerde samelewing vereis word nie (vergelyk paragraaf 3.3.3.4). Die afleiding kan dus gemaak word dat elke gesinstipe geskik is vir sy betrokke tyd en dat die een nie meer gunstig as 'n ander beskou kan word nie.

Wat ten slotte van groot belang vir hierdie navorsing is, is die feit dat die swart gesin in sy tradisionele stamverband (paragraaf 3.4.4) - hoewel in beginsel poligaam van aard - in vele opsigte ooreenstem met die uitgebreide gesin van die voorindustriële tydperk. In dié opsig moet veral gelet word op die verwantskapsisteem van die tradisionele swartman (paragraaf 3.4.4.3) en sy ekonomiese lewe (paragraaf 3.4.4.10) wat geheel en al selfonderhoudend is. Oor die algemeen is die tradisionele swartman groepsgebonde, met die idee van gelykvormigheid onder al die lede van die stam as belangrike beginsel. Ook dié toedrag van sake stem ooreen met die lewe in die uitgebreide gesin.

Met die feite in bogenoemde paragraaf in gedagte, is dit waarskynlik dat heelwat van die probleme waarmee die uitgebreide gesin te kampe gehad het tydens die Industriële Revolusie (paragraaf 3.3.3.4), ooreen sal stem met sommige van die gesinsprobleme wat die verstedelikte swartman van vandag ondervind (paragraaf 3.5.4).

### 3.2.5 Die gebroke gesin

Enige situasie waar die gesinstruktuur afwyk van die normale vader-, moeder- en kind-verhouding; soos wat dit in die kerngesin of die uitgebreide gesin voorkom, kan as onvolledig of onnatuurlik beskryf word (Pretorius, 1988:251). Só 'n gesinsituasie staan bekend as 'n gebroke gesin.

In normaalgestruktureerde gesinne kom daar wel konflikte en probleme voor, maar sulke gesinne is psigies gesond en daarom meestal in staat om sodanige situasies op te los. Die gebroke gesin wyk egter af van die normale gesinsituasie en die konflik en spanning wat as gevolg van die gebroke situasie heers, werk sonder twyfel opvoedingsbelemmerend in op die gesinslewe (waaronder die ouer-kind-opvoedingsverhoudinge) (Pretorius, 1988:251) (paragraaf 3.5.4.6).

Hoewel hierdie navorsing gerig is op die kerngesin, is sommige van die probleme wat die gebroke gesin ten opsigte van die verhoudinge tussen ouers en kinders ondervind, dieselfde as wat die verstedelikte kerngesin ook ondervind. Om hierdie rede word die probleme wat die gebroke gesin ondervind, kortliks bespreek (paragraaf 3.5.4.6).

## 3.3 DIE KERNGESIN

### 3.3.1 Inleiding

Ten einde die kerngesin, sy wese en aard en posisie in die hedendaagse samelewingsopset te verstaan, is dit vooraf nodig om te begryp hoe die verskillende gesinstipes deur die eeue gemanifesteer het. In dié verband word spesifiek gekyk na die tydperk nét voor die Industriële Revolusie (paragraaf 3.3.2). Dan word ook gelet op die invloed wat laasgenoemde op die gesin gehad het en veral op die gesinstruktuur (paragraaf 3.3.3).

Waar die swart gesin in sy tradisionele opset in vele opsigte ooreenstem met die uitgebreide gesin van die vóór-industriële tydperk (vergelyk paragraaf 3.2.4), is dit belangrik dat die gesinslewe van hierdie tydperk, asook die aanpassings wat in die gesinslewe gemaak moes word sedert die Industriële Revolusie, deeglik begryp word. Waar die hedendaagse swart gesin in die stad met soortgelyke aanpassings te kampe het, kan die probleme wat die hedendaagse, verstedelikte swartmense onder andere in die gesinslewe ervaar, met groter simpatie en begrip bejeën word

indien deeglik kennis geneem word van die aanpassings (onder andere in die gesinslewe) wat deur die koms van die Industriële Revolusie genoodsaak is.

### 3.3.2 Manifestering van die gesin deur die eeue tot en met die Industriële Revolusie

Indien die ontwikkeling van die verskillende ekonomieë in Wes-Europa op 'n tydskaal geplaas word, word die kerngesin op die heel onderste en die heel boonste punt van die skaal aangetref (Steyn et al., 1990:57). Dit beteken dat die kerngesin aangetref word in die mees primitiewe samelewings, waar voedselbronne baie skaars is en dan ook in die geïndustrialiseerde samelewing soos wat dit in die eerste deel van die 19de eeu begin ontwikkel het. Tussenin kom die uitgebreide gesinstipe voor, waar 'n selfonderhoudende ekonomiese sisteem heers. Wat duidelik hieruit blyk, is dat daar 'n noue samehang bestaan tussen die aard van 'n samelewing se ekonomiese stelsel en sy gesinstruktuur. Hierdie samehang word deur Van den Berg (1978:102) onderstreep :

"The family is, first of all, a context or matrix for development, set in the larger social environments of the neighbourhood, the culture of which it is part and the social structure, including the economic and political systems."

Indien die manifestering van die gesin deur die eeue ondersoek word, is dit wenslik om by die historiese oorsprong van die gesin te begin. Vanweë die afbakening van hierdie navorsing word só 'n ondersoek egter te omvattend. Die fokus val daarom in hierdie paragraaf net op 'n bepaalde tydperk, naamlik die tydperk nét voor die Industriële Revolusie. Hierdie tydperk strek van ongeveer die 18de eeu tot die eerste helfte van die 19de eeu (Steyn et al., 1990:63).

Wat die aard van die Europese samelewing in hierdie tydvak aanbetref, meld Neidhardt, soos aangehaal deur Steyn et al. (1990:63), dat die lewe gekenmerk is deur 'n ongedifferensieerde

sosiale struktuur. Die gesinslewe is oorheers deur die uitgebreide gesin, wat maatskaplik en ekonomies selfversorgend was: 'n wêreld van geïsoleerde dorpe en landgoedere (Steyn et al., 1990:64). Hierdie isolasie het 'n statiese lewenswyse veroorsaak: die wyse van dink en doen is van een generasie na 'n volgende oorgedra met min, indien enige, innoverende denke.

As daar gekyk word na die samelewingstruktuur van die blankes in Suid-Afrika net vóór die ontdekking van goud en diamante, is daar 'n ooreenkoms met die samelewingstruktuur van Wes-Europa vóór die Industriële Revolusie (Keyter, 1940:92,93 ; Steyn et al., 1990:64). Die uitgebreide gesin, of die sogenaamde grootfamilie, het gedurende hierdie tydperk 'n oorheersende rol in die maatskaplike en ekonomiese organisasie van Suid-Afrika, wat grotendeels landelik was, gespeel. Die gesin was in hierdie tydperk van huis uit 'n self-versorgende ekonomiese gemeenskap (Keyter, 1940:92). Die kenmerke (of ten minste sommige van die kenmerke) van die uitgebreide gesin (paragraaf 3.2.4) was dus tipies van die gesinstruktuur van die vóór-industriële tydperk; hetsy in Europa of in Suid-Afrika (Steyn et al., 1990:65).

Met die verloop van die 18de en 19de eeu het daar egter in Wes-Europa ontwikkelings plaasgevind en maatskaplike kragte in werking getree wat indringende veranderings aan die samelewingstruktuur oor die algemeen en die gesinstruktuur in die besonder meegebring het; ook in Suid-Afrika (paragraaf 3.3.3) (Steyn et al., 1990:67).

### 3.3.3 Die invloed van die Industriële Revolusie op die gesin

#### 3.3.3.1 Inleiding

Die Industriële Revolusie , wat in die jaar 1750 in Engeland geïnisieer is , was in essensie 'n tegnologiese revolusie (Steyn et al., 1990:68). Indringende omwentelings is egter hierdeur ook op maatskaplike gebied - waaronder die gesinsverband - teweeggebring.

Die belangrikste verandering was die feit dat die **fabriek** die primêre produksie-eenheid in die samelewing geword het (Steyn et al., 1990:69). Deur hierdie verandering het die individu buite gesinsverband begin werk en 'n proses van strukturele differensiasie is aan die gang gesit.

Volgens Cilliers (1974:9) is al hoe meer funksies wat vroeër binne die uitgebreide gesin en verwantskapsisteem uitgevoer is, nou deur beroeps- en ander strukture oorgeneem.

Hierdie proses van strukturele differensiasie het die ontwikkeling van die kerngesin teweeggebring. Die kerngesin het nou onafhanklik van die wyer verwantskapsisteem begin funksioneer (paragraaf 3.3.3.2).

Wat die invloed van die Industriële Revolusie op die gesin verder aanbetref, word twee aspekte ten slotte aangesny, naamlik die voordele van die kerngesin binne 'n industriële samelewing (paragraaf 3.3.3.3) en die kwesbaarheid van die kerngesin binne sodanige samelewing (paragraaf 3.3.3.4).

#### 3.3.3.2 Ontwikkeling en aard van die kerngesin

Volgens Goode, soos aangehaal deur Steyn et al. (1990:70) kom die proses van strukturele differensiasie en daarmee saam sekere veranderings in funksie en struktuur van die gesin, in alle samelewings voor waar die proses van industrialisering en gepaardgaande verstedeliking plaasvind. Só was en is Suid-Afrika ook aan hierdie proses onderworpe en het die gesinstruktuur drastiese veranderinge ondergaan, veral sedert die ontdekking van goud en diamante (Keyter, 1940:106-107 ; Venter & Cronjé, soos aangehaal deur Steyn et al., 1990:103).

Die essensie van hierdie strukturele veranderings is dat die kerngesin wat in die tradisionele en vóór-industriële samelewing in die uitgebreide gesin ingebed was, nou strukture el **geïsoleerd** geraak het van die verwantskapsisteem en as 'n onafhanklike

eenheid in 'n afsonderlike woning begin funksioneer het (Steyn et al., 1990:101 ; Cilliers, 1974:17). Die individu het as arbeidseenheid begin optree en so ekonomies onafhanklik van die uitgebreide gesin geraak (Anderson, 1971:231). Die losmaking van die uitgebreide gesin is verder bevorder deurdat kerngesinne verplig was om na ander geografiese gebiede - hoofsaaklik die stede - te trek (Steyn et al., 1990:102).

'n Belangrike feit wat Cilliers (1974:18) beklemtoon, is dat die strukturele isolasie van die kerngesin nie impliseer dat die gesinslewe heeltemal uitgeskakel geraak het uit die res van die samelewingstruktuur nie. Inteendeel, die gesin skakel met die meeste van die gedifferensieerde organisasies. Só byvoorbeeld is dieselfde individu gelyk lid van en broodwinner van die gesin.

3.3.3.3 Voordele van die kerngesin binne 'n geïndustriali= seerde samelewing

Aangesien die industriële sisteem eise stel waaraan die uitgebreide gesin nie kan voldoen nie, is groot gesinne , soos in die tyd voor die Industriële Revolusie, nie te rym met die lewensomstandighede van 'n verstedelik-geïndustrialiseerde samelewing nie (Cilliers, 1974:46). Die kerngesin, daarenteen, kan egter aan sekere sentrale vereistes van die industriële samelewing voorsien en dié gesinstipe hou dus bepaalde voordele in wanneer dit in 'n industriële samelewing funksioneer (Goode, 1963:11-12).

Vanweë die feit dat die kerngesin soveel kleiner as die uitgebreide gesin is, bestaan daar geweldige sterk emosionele verhoudings tussen gesinslede in die kerngesin (Steyn et al., 1990:117). Aan die een kant hou hierdie intense verhoudingstrukture bepaalde negatiewe gevolge vir die kerngesin in (vergelyk paragraaf 3.3.3.4), maar aan die ander kant kan daar geen twyfel wees dat kinders in klein gesinne bepaalde voordele uit hierdie sterk emosionele bande put nie.
Die volgende aantal voordele word deur Goode, soos aangehaal deur

Steyn et al. (1990:118) genoem: Ouers in klein gesinne bestee onder normale omstandighede meer tyd en individuele aandag aan elke kind en hulle het oor die algemeen hoër strewes vir hulle kinders as in groot gesinne. In kleiner gesinne is die kind meer gemotiveer om te presteer as in die groot gesin, waarskynlik omdat die ouers meer nadruk op die persoonlike prestasie van hulle kinders lê. Die sterk emosionele bande is dikwels ook die rede waarom daar warmer en kwalitatief dieper verhoudings tussen die lede van die kerngesin heers as wat die geval in die uitgebreide gesin is. Lang werksure van ouers belemmer egter dikwels hierdie gunstige situasie in die kerngesin (vergelyk paragraaf 3.3.3.4).

'n Laaste faktor wat Moore, soos aangehaal deur Steyn et al. (1990:114) as 'n voordeel van die kerngesin binne 'n industriële samelewing noem, volg uit die feit dat jongmense binne die kerngesinsverband veronderstel is om 'n eie lewensmaat te kies en uiteindelik ekonomies onafhanklik van die kerngesin 'n bestaan te voer. Alvorens 'n jong getroude paar egter geheel en al op hul eie 'n lewe kan voer, is deeglike opleiding eers 'n noodsaaklikheid. 'n Lang tyd van formele onderrig is dus essensieel waardeur verseker word dat elke individu 'n staanplek in 'n veeleisende industriële sisteem vind. 'n Lang tydperk van afhanklikheid van die kerngesin word dus noodsaaklik gemaak deur die vereistes van 'n industriële samelewing. Binne die kerngesin is só 'n langer tydperk van afhanklikheid makliker in praktyk uitvoerbaar as in die uitgebreide gesin waar groot getalle kinders die situasie sou bemoeilik het. Die klein struktuur van die kerngesin is dus voordelig binne 'n industriële samelewing wat deeglike opleiding van sy werkers vereis.

Daar bestaan egter, ten spyte van die voordele wat die kerngesin binne die industriële samelewing inhou, 'n hele aantal knelpunte ten opsigte van die inskakeling van die kerngesin by die industriële sisteem. Die kerngesin funksioneer as losstaande entiteit met die ondersteunende sisteem van die uitgebreide gesin wat ontbreek (Hugo, 1985:137). Die knelpunte wat die kerngesin

ervaar, veroorsaak dat dié gesinstipe besonder kwesbaar binne die industriële samelewing is (paragraaf 3.3.3.4).

### 3.3.3.4 Kwesbaarheid van die kerngesin binne die industriële samelewing

Die feit dat die kerngesin struktureel geïsoleerd geraak het, het veroorsaak dat die gesin ekonomies onafhanklik van die wyer verwantskapsisteem geword het (Steyn et al., 1990:103). Die selfonderhoudende aard van die uitgebreide gesin het hierdeur verdwyn en die kerngesin is vir ekonomiese onderhoud van die inkomste van die manlike hoof van die gesin (en soms van beide ouers se inkomste) afhanklik. Hierdie omstandighede het die kerngesin ekonomies besonder kwesbaar gemaak. Die gesinsgrootte van die hedendaagse verstedelikte swartmense word dikwels ook deur hierdie situasie beïnvloed. Swart gesinne neig al meer in die rigting van die kleiner kerngesin (paragraaf 3.5.3.2.4).

Die ekonomiese kwesbaarheid van die kerngesin word deur Pretorius (1988:53) soos volg verduidelik: In tye van nood - hetsy deur werkloosheid, langdurige siekte, of die afsterwe van óf die man óf die vrou - is die gesinslede op hulself aangewys, aangesien hul enigste inkomste deur die betrokke noodtoestand verlore gegaan het (vergelyk Hugo, 1985:141).

Vanweë die feit dat beide ouers dikwels 'n inkomste buite gesinsverband verdien, is die kinders dikwels vir lang ure alleen en ervaar hulle nie die geborgenheid en veiligheid wat in die uitgebreide gesin wel deur die kinders ervaar word nie (Pretorius, 1988:56)(vergelyk paragraaf 3.5.4.4). Die kind se behoefte om met sy ouers te kommunikeer word dikwels onder sulke omstandighede nie bevredig nie, wat op sy beurt weer tot spanning en frustrasie by die kind lei (Hugo, 1985:137). Die probleem wat Kroll (1987:9) as gevolg van hierdie omstandighede geïdentifiseer het, is dat die eenheid van die gesin as samelewingsverband daardeur verbrokkel.

'n Tweede knelpunt van die kerngesin in die industriële samelewing is die feit dat die maatskaplike beheer deur die lede van die uitgebreide gesin verval het (Steyn _et al_., 1990:115). Waar die kerngesin dikwels geografies verwyderd van die wyer verwante in 'n afsonderlike woning leef, is hul gedrag baie minder sigbaar as in die uitgebreide gesinsverband. Die opvatting bestaan dat die verhoudings tussen lede van die kerngesin heeltemal privaat is en dat geen persone van buite in die gesinsaangeleenthede mag inmeng nie - 'n situasie wat as "geslote" beskryf kan word. As gevolg hiervan kan geen druk op die handhawing van positiewe ouer-kind- en man-vrou- verhoudinge uitgeoefen word nie en die kerngesin het beslis meer **onstabiel** geword (Pretorius, 1988:53).

'n Derde faktor wat die kerngesin kwesbaar maak, is die skerp skeiding wat daar tussen die ekonomiese aktiwiteite van die individu en sy ander lewensaktiwiteite - waaronder sy gesinslewe - gekom het (Cilliers, 1974:49). In die uitvoering van sy arbeidsfunksie word die individu by 'n ander verhoudingsisteem ingeskakel as sy gesin se verhoudinge wat onvermydelik spanning meebring in die gesins- en huwelikslewe. 'n Faktor wat baie nou met voorafgaande saamhang, is die feit dat die hedendaagse kerngesin in tye van nood emosionele spanning ondervind en by die neem van belangrike beslissings op mekaar aangewese is en nie meer die omringende familiegroep as steunpilaar het nie ( Steyn _et al_., 1990:116). Die huweliks- en ouer-kind-verhoudinge word dikwels onder sulke omstandighede gekenmerk deur intense emosionaliteit. Die kerngesin het dus **emosioneel** ook besonder **kwesbaar** geword.

Alhoewel hierdie intense emosionaliteit in die gesinslewe aan die een kant noodsaaklik is in die hedendaagse onpersoonlike massa-samelewing, aangesien dit die enigste plek is waar die individu nog emosioneel bevredig en ontlaai kan word, bring dit dikwels soveel spanning mee dat heelwat huweliks- en gesinsprobleme daardeur veroorsaak word (Steyn _et al_., 1990:117 ; Cilliers, 1974:51).

'n Vierde probleem van die kerngesin is geleë in die losmaking van die geweldige sterk emosionele bande wat die kind aan sy ouers bind (Steyn et al., 1990:118). Daar word van die kind in die industriële samelewing verwag om homself geheel en al los te maak van sy ouerhuis en om selfstandig 'n huisgesin op die been te bring. Vanweë die intense emosionaliteit van die ouer-kind-verhoudinge in die kerngesin, gebeur dit egter dikwels dat die ouers 'n oorbeskermende houding teenoor die kind inneem en hom te lank van hulle afhanklik hou (Hugo, 1985:141). Die kerngesin kan dus ook as **sosiaal kwesbaar** bestempel word.

Die sterk emosionele band tussen ouer en kind hou ook probleme in wat betref die emosionele implikasies van dissiplinering (Steyn et al., 1990:119). In die kerngesin is die ouers alleen verantwoordelik vir die dissiplinering van die kinders. Aan die een kant is die ouers,uit liefde, óórsensitief vir oortredinge wat die kind begaan; aan die ander kant kom die kind in opstand teen die oordrewe wyse van dissiplinering. Die kerngesin kan dus maklik **pedagogies kwesbaar** word (Pretorius, 1988:53).

'n Verdere punt wat Pretorius (1988:53) ten opsigte van die kerngesin en moontlike probleme wat daarbinne ervaar word, noem, is die kwesbaarheid van die kerngesin ten opsigte van **roldifferensiasie**. As die vader byvoorbeeld te veel afwesig is vanweë beroepsverpligtinge, kan die sosialisering van die seun daaronder ly, aangesien hy nie voldoende kontak met die vader as identifikasiefiguur het nie. Ook by die vrou is daar dikwels rolonsekerheid vanweë die emansipasie van die vrou en haar toetrede tot die arbeidsmark. Die dubbele verantwoordelikheid van die vrou as huisvrou en beroepsvrou kan tot konflik en spanning ly wat die huwelik en gesonde gesinslewe kan belemmer (Pretorius, 1988:54).

Ten slotte kan die oorheersende en dikwels oordrewe individualistiese ingesteldheid van die hedendaagse gejaagde geïndustrialiseerde samelewing as laaste punt genoem word wat die kerngesin van vandag bedreig (Pretorius, 1988:111 ; Hugo,

1985:141). Vanweë hierdie ongunstige toestande, is sosiale isolasie, kontakverlies en vereensaming algemene kenmerke van ons tyd. Ván hierdie kenmerke het selfs al tot in die milieu van sommige van die kerngesinne deurgedring. In die huweliksverhouding, in die ouer-kind-opvoedingsverhouding en in die verhouding tussen die kinders onderling heers daar ál meer 'n onvermoë om met mekaar te kommunikeer en in liefde saam te lewe.

### 3.3.3.5 Slotbeskouing

Uit voorgaande bespreking blyk dit dus dat hoewel die kerngesin in sommige opsigte as die mees geskikte gesinstipe beskou word - veral wat betref die voldoening aan die eise van 'n industriële samelewing - daar ongetwyfeld heelwat probleme bestaan wat die kerngesin in dié spesifieke samelewing besonder kwesbaar maak.

Dit is verder duidelik dat die veranderings in gesinstruktuur - vanaf die uitgebreide na die kerngesin - by uitstek bepaal is deur ontwikkelings op ekonomiese gebied. Die implikasie hiervan is dat wanneer gesoek word na oplossings vir die kwesbaarheid van die kerngesin, daar gepoog sal moet word om die kerngesin by die veranderde ekonomiese en maatskaplike struktuur te laat aanpas en nié om die aard van die gesinslewe te probeer terugforseer na wat dit was in die tyd voor die Industriële Revolusie nie. "Indien in daardie rigting beweeg wil word, moet ook die klok van ekonomiese ontwikkeling teruggedraai word. En dit is immers 'n fisiese onmoontlikheid." (Cilliers, 1974:73.)

## 3.4 DIE TRADISIONELE SWARTMENSE VAN SUID-AFRIKA MET SPESIFIEKE VERWYSING NA DIE TSWANABEVOLKING

### 3.4.1 Inleiding

Suid-Afrika met sy vier hoofbevolkingsgroepe - naamlik swart, blank, kleurling en Asiër - tesame met die groot verskeidenheid subgroepe binne elk van die hoofgroepe, is 'n multi-kulturele

land. Ten einde mekaar te begryp en waardering te hê vir onderlinge verskille, is dit noodsaaklik dat die verskillende volkere kennis van mekaar se lewensvisies en denkpatrone dra.

Die swartmense van Suid-Afrika kan in 'n groot aantal onderling verskillende etniese groepe en stamme ingedeel word, elk met sy eie besondere gebruike en gewoontes. Dit sal dus moeilik wees om veralgemenings ten opsigte van die kenmerke van die tradisionele swarte te maak (Steyn et al., 1990:268). Ten spyte van hierdie verskeidenheid stam- en etniese groepe, bestaan daar egter wel 'n eenheidsband tussen die verskillende swart kulture. Daar kan derhalwe tóg in 'n beperkte mate op breë eenvormighede en basiese beginsels wat die tradisionele swart kultuur betref, ingegaan word; terselfdertyd moet net gewaak word teen oorvereenvoudiging (Edwards, 1990:30).

Gesien in die lig van die wydverspreide onrus in sommige swart woonbuurtes in die land, is enige poging om lig te werp op moontlike oorsake en selfs oplossings van bogenoemde probleme, van groot belang. Ten einde sulke insig te bekom, is dit noodsaaklik dat die swartmens in al sy dimensies geken word. Om hierdie rede word in die volgende paragrawe aandag geskenk aan die swartman in sy tradisionele milieu. Daarmee word bedoel dat die swartmens in sy gevestigde gebruike en tradisies bestudeer word - onaangeraak deur die Westerse kultuur, die Christendom, verstedeliking en industrialisasie (Edwards, 1990:12). Alleen dán kan met gesag besin word oor die invloed wat faktore soos verwestering en gepaardgaande verstedeliking op die tradisionele swarte gehad het (paragraaf 3.5). Eers dán kan die probleme wat die half-verwesterde swartman van die twintigste eeu onder andere ten opsigte van ouer-kind-opvoedingsverhoudinge ervaar, met begrip en simpatie bejeën word.

### 3.4.2 Vestigingspatrone van die swartmense van Suid-Afrika, waaronder die Tswanastamme

Alvorens die probleme wat menige van die hedendaagse verstedelikte swartmense veral ten opsigte van die verhoudinge tussen ouers en kinders ervaar ondersoek kan word (paragraaf 3.5.4), is dit noodsaaklik om 'n idee te vorm van die vestigingspatrone van hierdie mense en spesifiek die Tswanas.

Hoewel die eerste swartmense Suid-Afrika so vroeg as die vyfde eeu binnegekom het, het hulle eers teen 1600 hulle huidige woonplekke bereik (Iverson, soos aangehaal deur Van der Walt, 1990b:20). Die Tswanagroepe se verspreiding in Wes-Transvaal en Botswana het volgens hulle tradisies ongeveer in die agtiende eeu plaasgevind (Legassick, soos aangehaal deur Van der Walt, 1990b:22). Die Tswanastamme was die eerste verteenwoordigers van die Suidoos-Swartes wat die land suid van die Zambesie binnegedring het (Woudstra, 1973:15).

Die tydperk van ongeveer 1817-1840 word dikwels in etno-historiese kringe as die wreedste fase in die geskiedenis van Suid-Afrika getipeer (Grönum, 1987:30). Dit was die tydperk van vernietigingsoorloë, as resultaat van die stryd om oorheersing onder die swart stamme (Grönum, 1985:1). Hierdie gebeure staan bekend as die "Difaqane", wat in die algemene spreektaal "verstrooiing" of "verwoesting" beteken (Grönum, 1987:8).

Die Tswana was oor 'n langer periode (1820-1837) as sommige ander stamme aan hierdie rampspoed blootgestel, aangesien hulle die eerste van die aanslae deur Tsjaka en sy Zoeloes moes verduur en ook die latere aanvalle onder leiding van Mzilikaze deurgemaak het (Grönum, 1985:175).

Teen ongeveer 1840, tydens die trek van blanke boere uit die suide na die Difaqanegeteisterde binneland, was die plundertogte en verwoesting grootliks verby (Grönum, 1985:172). Die koms van die blanke het 'n einde gemaak aan die laaste sporadiese

stamgevegte en dit vir die swarte moontlik gemaak om terug te keer na sy tradisionele tuiste (Grönum, 1985:181).

### 3.4.3 Tradisionele lewens- en wêreldbeskouing

#### 3.4.3.1 Inleiding

Dit is noodsaaklik om 'n oorsig te gee van die tradisionele swartman se lewens- en wêreldbeskouing, aangesien dit as vertrekpunt dien vir 'n besinning oor die samelewingsbeskouing, gesinslewe en opvoedingsgedagtes van die tradisionele swarte.

In die volgende paragrawe word derhalwe besin oor die religieuse grondmotief (paragraaf 3.4.3.2), die voorstelling van die geesteswêreld (paragraaf 3.4.3.3), die godsdienstige lewe (paragraaf 3.4.3.4), die werklikheidsbeskouing (paragraaf 3.4.3.5) en die mensbeskouing (paragraaf 3.4.3.6) van die tradisionele swartmense van Suid-Afrika.

#### 3.4.3.2 Religieuse grondmotief

Waar die religieuse grondmotief die essensie vorm van 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing, is dit noodsaaklik om 'n kort uiteensetting te gee van die religieuse grondmotief van die tradisionele swartman.

Volgens Van der Walt (1976:15) was P. Tempels die eerste persoon wat 'n bepaalde **kragtebeskouing** as die kern van die tradisionele swarte se lewens- en wêreldbeskouing gestel het. In Tempels (1946:20) se eie woorde word gestel dat die tradisionele swarte se hele bestaan draai "om het verkrijgen van LEVENSKRACHT of LEVENSSTERKTE, om te zijn met STERKTE". Die beginsel van lewenskrag ("vital force") lê dus die denke en handelinge van die tradisionele swarte ten grondslag (Van der Walt & Postma, 1987:91). Hiervolgens is die werklikheid 'n samespel van aaneengeskakelde, hiërargies-geordende lewenskragte met 'n voorafbepaalde plek waarbinne elke individu pas (Van der Walt,

1990:26 ; Woudstra, 1973:18). Hierdie lewenskragte kan verminder of vermeerder word en op mekaar ten goede of ten kwade inwerk (Van der Walt, 1976:15).

Die godheid (paragraaf 3.4.3.3) deel op volmaakte wyse aan die lewenskrag, die voorvadergeeste in 'n mindere mate en by die lewende wesens (waaronder die mens, diere en plante en dan selfs die lewelose dinge) word hierdie krag op 'n nog laer vlak aangetref (Tempels, 1946:22 ; Van der Walt, 1976:15).

3.4.3.3 Voorstelling van die geesteswêreld

Daar word doelbewus nie van 'n godsbegrip gepraat nie, aangesien die godsbegrip by die tradisionele swarte nie enkelvoudig is nie, maar uit verbandhoudende elemente bestaan (Van der Wateren, 1976:42). Daar kan hoofsaaklik vier verbandhoudende maar duidelik onderskeibare elemente van die geestelike wêreld van die tradisionele swartman afgesonder word; naamlik 'n opperwesefiguur, goddelike wesens (ook bekend as halfgode), voorouers en magie.

**Die opperwesefiguur**

Die tradisionele swarte het - in Westerse terminologie gestel - 'n deïstiese godsidee (Van der Wateren, 1976:23). Dit beteken dat hulle god verborge en verafgeleë is; met wie die mens geen kontak het nie (Murray, 1980:123 ; Schapera, 1967:31 ; Parrinder, 1954:24,38). Ook vir die tradisionele Tswana is die opperwese (**Modimo**) ver en vaag, sonder 'n direkte invloed of belangstelling in die individu se alledaagse, persoonlike lewe (Erasmus, 1970:92). Vir die tradisionele Tswana is **Modimo** nie 'n persoon nie, maar 'n ontasbare en onsigbare "verskynsel" (Setiloane, 1986:27).

Alle tradisionele swart volksgroepe in Suid-Afrika het só 'n geheimsinnige opperwese, waarvan die naam wel eerbiedig word, maar diens aan hom ontbreek (Van der Walt & Postma, 1987:93). Die

enigste bewuste skakeling met **Modimo** is vir die tradisionele Tswana moontlik deur die voorvaders (Schapera, 1971:59). Oor die algemeen word hierdie wese as 'n kragfiguur beskou wat sy krag toon in die skep van die ganse werklikheid en in natuurverskynsels soos weerlig, reën en droogte (Van der Wateren, 1976:42). Om hierdie rede word die opperwese gevrees.

**Goddelike wesens**

Onder feitlik alle swart nasies bestaan 'n geloof in geeste (demigode) wat dikwels geassosieer word met onbekende opperhoofde uit die verlede. By die Tswana staan die demigode (**Medimo**) in rang onder **Modimo**. Die demigode verskil onderling baie wat betref rang en eienskappe. Sommige is meer vreesinboesemend, terwyl andere oor goeie eienskappe beskik (Erasmus, 1970:118).

Die demigode speel 'n groter rol as die opperwese in die lewe van die tradisionele Tswana. Ten spyte van die groot invloed wat die demigode uitoefen, word daar gewoonlik nie aan hulle geoffer of vir hulle gebid nie (Erasmus, 1970:124).

**Voorouers**

Voorouerverering is vir die tradisionele swarte 'n lewende en aktiewe deel van sy godsdienstige lewe (Van der Wateren, 1976:43). Vir die nog-lewendes is die voorouers 'n bekende anker wat kragtige dade kan verrig en wat in noue assosiasie met die nog-lewendes (hulle kinders) saamleef (Van der Wateren, 1976:43).

Daar bestaan dus kommunikasie tussen díe wat nog lewe en diegene wat gegaan het om in die geesteswêreld van die voorvaders te lewe (Van der Walt & Postma, 1987:94). Veral drome word deur die Tswana gesien as die kommunikasiemiddel waarvan die oorledene gebruik maak om met die lewendes in verbinding te tree (Erasmus, 1970:138). Die voorvadergeeste beheers die lewe van die tradisionele swarte geheel en al; geen faset van die lewe val buite die invloed van die geeste nie (Van Rooy, 1978:12).

**Magie**

In die laaste plek vorm magie 'n belangrike aspek van die daaglikse godsdiensbeoefening van die tradisionele swartman (Van der Wateren, 1976:43). Magie hou verband met die religieuse grondmotief van lewenskrag: dit behels die onderlinge werking en beïnvloeding van die verskillende kragte op mekaar (Van der Walt & Postma, 1987:95).

Volgens Woudstra (1973:12) vervul magie waarskynlik die grootste rol in die primitiewe geestestruktuur. Deur towery poog die primitiewe swartman om die onsigbare magte, waarvan sy hele lewe afhanklik is, se guns te wen. Die handelinge hierby betrokke kan egter nie deur elkeen verrig word nie. Alleen die toordokter kan die krag doeltreffend aanwend en op só 'n wyse kontak met die goddelike magte bewerkstellig dat dit tot voordeel van die stam dien (Woudstra, 1973:12).

3.4.3.4 Tradisionele godsdienstige lewe

By die tradisionele swarte is sy godsdienstige lewe en sy alledaagse lewenswandel 'n eenheid en nie twee afsonderlike terreine soos dikwels in Westerse sekulêre kringe die geval is nie (Van der Walt, 1976:18).

Die godsdiens van die tradisionele swarte beïnvloed sy hele lewe; dit is in wese sosiaal van aard en speel veral 'n belangrike rol in die hiërargie van die gemeenskap, byvoorbeeld in die keuse van 'n hoofman (Van der Walt & Postma, 1987:92).

Verder is die tradisionele swarte se godsdienstige lewe slegs gemik op materiële voordele hier en nou (Van der Walt & Postma, 1987:92). Dit is 'n godsdiens wat geen vrae vra oor die ontstaan en bestemming van die mens en die wêreld nie. Aangesien die Tswana die mens, en spesifiek die stam, sentraal stel, is hulle godsdiens 'n vorm van humanisme (Woudstra, 1973:22).

Die tradisionele swarte se godsdienstige lewe is dualisties van aard. Hierdie dualisme of innerlike spanning blyk duidelik uit die religieuse gerigtheid op 'n verafgeleë god en daarmee saam die verafgoding van onder andere voorouers (paragraaf 3.4.3.3). In hierdie geval soek die mens sy steun by twee magte en dit veroorsaak spanning en vrees in sy lewe (Woudstra, 1973:22).

#### 3.4.3.5 Werklikheidsbeskouing

Die werklikheidsbeskouing van enige volk hang ten nouste saam met sy religie (Erasmus, 1970:176). Vanuit die tradisionele swarte se beskouing van die geesteswêreld (paragraaf 3.4.3.3) moet dan ook gepoog word om sy werklikheidsvisie te ontleed.

Die tradisionele kosmologie van die swarte is piramidaal ('n hiërargie van kragte) en die individu beskou homself as 'n ongedeelde eenheid met die natuurlike omgewing (Van der Walt, 1976:15). Ook vir die Tswana bestaan daar 'n hegte ineengeskakeldheid tussen die menslike lewe en die omgewing (Erasmus, 1970:178).

Die bepalende idee van die tradisionele swarte se werklikheidsvisie hang ten nouste saam met die idee van lewenskrag (paragraaf 3.4.3.2). Vir die tradisionele swarte is dit noodsaaklik om op die toebedeelde plek in die hiërargie van kragte in die werklikheid (wat strek vanaf die hoogste wese of godheid tot by die lewelose voorwerpe heel onderaan) ingeskakel te wees (Van der Walt, 1976:17).

In ooreenstemming met die gedagte in die vorige paragraaf, stel van Rooy (1976:92) dat die kosmos gesien word as 'n hiërargie van kragte, elk met 'n spesifieke plek in die totaliteit. Heel bo-aan staan die godheid wat volmaakte deel het aan die lewenskrag. Die voorvadergeeste volg tweede en daarna die mens, dier, plant en lewelose voorwerpe in dalende volgorde van skakeling (Van der Walt & Postma, 1987:95).

Oor die algemeen koppel die tradisionele swarte die ontstaan van alle dinge aan die opperwese. Hoe die proses plaasgevind het is egter nog vaag en onduidelik (Van der Wateren, 1976:43). Die oorsprong van dinge word dikwels met behulp van mites verklaar (Van der Walt & Postma, 1987:96).

Verder glo die tradisionele swartman dat daar net 'n beperkte hoeveelheid kosmiese goed bestaan (Van Rooy, 1976:93). Met "goed" word bedoel sake soos lewenskrag, mag, invloed in die gemeenskap, goeie geluk, gesondheid en besittings. Om hierdie rede is armoede vir almal vir die tradisionele swarte verkieslik bo rykdom vir enkele individue. Eiendom word daarom ook in die tradisionele stamopset kommunaal besit (Van Rooy, 1978:7,18).

'n Ander faset van die tradisionele swarte se werklikheids=beskouing is sy siening van tyd. Hy huldig 'n sikliese beskouing oor die tyd en glo aan die ewige wederkeer van dinge soos die antieke Grieke (Van der Walt, 1976:21).

Volgens Mbiti (1969:17) het die tradisionele swarte 'n twee-dimensionele tydsidee. Die swartman ken 'n lang verlede, 'n kort hede en feitlik geen toekoms nie. Besinning oor die toekoms het in die lig hiervan nie veel waarde nie (Van der Wateren, 1976:47). "Die mens wag op die tyd, en kan ook tyd maak" (Van der Walt & Postma, 1987:97). Die lewenstempo van die tradisionele swarte is daarom relatief stadig. Dit verklaar ook die afwesigheid, of geringe rol wat tipies Westerse dryfvere soos wedywering, status en geldmag in die lewe van die tradisionele swartmense speel (Van Dyk, 1976:4).

### 3.4.3.6 Mensbeskouing

Die tradisionele mensbeskouing van die swarte is fundamenteel antroposentries en humanisties (Van der Walt & Postma, 1987:97). Dit beteken dat die mens en sy behoeftes altyd sentraal staan.

Wat die ontstaan van die mens betref, word geglo dat die mens 'n

afstammeling van die opperwese is en as sodanig in 'n sosiale verhouding tot die opperwese staan (Van der Wateren, 1976:45). Hierdie verhouding is egter indirek **deur** die voorvaders, aangesien die opperwese ver verwyderd en onbekend is. In die gedagtewêreld van die Tswana word nie oor die herkoms van die mens besin nie (Erasmus, 1970:193). Daar bestaan egter wel 'n aantal variasies van mites aangaande die oorsprong van die mens.

Die tradisionele swarte het 'n dualistiese beskouing van die mens: sy liggaam is konkreet, sigbaar, onderhewig aan siektes, dit groei, word ouer en uiteindelik sterf dit (Van der Wateren, 1976:46). Die gees is egter onsigbaar en hoewel dit in die liggaam woon, kan dit laasgenoemde verlaat.

Oor die algemeen word die dood mitologies verklaar en dit word nie gesien as iets wat van die begin af daar was nie (Erasmus, 1970:196). Wat die voortbestaan van die mens na die dood betref, is die tradisionele swarte daarvan oortuig dat dit bloot 'n voortsetting van die mens se aardse bestaan is (Van der Wateren, 1976:47).

Die mens beklee 'n unieke posisie in die kosmos in dié opsig dat hy 'n ander mens of wese se lewenskrag kan verminder of vermeerder (Tempels, 1946:37). "Volgens de Bantu kunnen van wezen tot wezen, van kracht tot kracht invloeden uitgaan..." (Tempels, 1946:31.)

Die mens kan egter nie as individu bestaan nie. Setiloane (1986:14) verduidelik die wese van die mens soos volg:

"The essence of being is 'participation' in which humans are always interlocked with one another...The human being is not only 'vital force', but more: 'vital force in participation'."

Groepsgebondenheid en groepsbetrokkenheid is vir die tradisionele swartman geweldig belangrik. Geen mens kan op sy eie 'n bestaan maak nie en die groep moet as geheel vir mekaar se welvaart en

voorspoed voorsiening maak. Dit is onder andere as gevolg van hierdie ingesteldheid dat die tradisionele swarte aanvanklik (en selfs na jare) in die stede soveel aanpassingsprobleme ervaar (paragraaf 3.5.3). In die stedelike, geïndustrialiseerde opset heers 'n gees van kompetisie, sukses en individualisme; alles elemente wat vreemd is aan die tradisionele kultuur van die swartmense. Die tradisionele swartman se kommunalistiese ingesteldheid het positiewe en negatiewe punte. Slegs enkeles daarvan word hier genoem.

Aan die positiewe kant verseker die hegte gemeenskapslewe dat mense waardeer en versorg word bloot omdat hulle deel is van die groep en nie vanweë hulle status of suksesse nie (Van der Walt, 1990:45). Die kommunale ingesteldheid het ook 'n definitiewe positiewe invloed op die opvoeding van die kinders. Eienskappe wat onder andere by kinders gekweek word is vriendelikheid, inskiklikheid, aanpasbaarheid, respek vir seniors, beskeidenheid en mededeelsaamheid (Van Rooy, 1976:94). Hierdie kwaliteite is almal bevorderlik vir goeie verhoudinge met die medemens en verminder konflik en misverstande.

Negatief gesien, lei die sterk gevoel van groepsgebondenheid daartoe dat die individu naderhand nie 'n duidelike eie identiteit buite sy familie of groep het nie. 'n Sterk neiging bestaan ook om persoonlike verantwoordelikheid te ontduik en dit op die groep af te skuif (Van der Walt, 1990:47). Waar hierdie navorsing onder andere aansny by die verskeidenheid aanpassings wat die tradisionele swartmense in die stedelike milieu moes maak (en steeds maak), is dit belangrik om vir die huidige te noem dat baie van hierdie mense 'n ernstige identiteitskrisis in die stede ontwikkel - veral onder die jong mense wat in die skole met die Westerse kultuur te doen kry en terselfdertyd vervreemd voel van die ou stamtradisies (paragraaf 3.5.4.2). Daar bestaan dan onsekerheid met watter een van die twee kulture vereenselwig moet word.

3.4.3.7 Samevatting

Die tradisionele swarte se lewens- en wêreldbeskouing kan met behulp van 'n piramiede voorgestel word. Gebou op die religieuse grondmotief van lewenskrag (paragraaf 3.4.3.2) moet elke ding of wese in die werklikheid sy besondere plek inneem, ooreenkomstig sy besondere aard en krag.

Die opperwese beklee die hoogste posisie, terwyl die laagste vlak verteenwoordig word deur lewelose voorwerpe. Tussenin volg die mens, die diere en alle biologiese wesens en dan die plante en bome - in dalende hiërargie.

Die ganse totaliteit (wat die gode, die mens en die omringende werklikheid omvat) is dan 'n samehang van kragte wat mekaar negatief of positief beïnvloed.

Die gegewens soos in die voorafgaande paragrawe uiteengesit, dien as agtergrondkennis om die invloed wat die Christendom, Westerse kultuur en die proses van verstedeliking op die tradisionele swartmense gehad het (en steeds het), te begryp (paragraaf 3.5).

3.4.4 Tradisionele samelewingsbeskouing en gesinslewe

3.4.4.1 Inleiding

Die swartman is tradisioneel 'n groepsmens en daarom is dit vir hom lewensnoodsaaklik om met 'n groep - primêr sy familie - maar ook met die breër groep, waaronder die stam, geskakel te wees (Gazendam, 1990:43).

Die mens kan nie sy vervulling vind as individu nie, maar alleen as deelnemer aan die familiegroep en gemeenskap (Van der Walt & Postma, 1987:98). Hierdie oortuiging van die tradisionele swarte word in die volgende aantal paragrawe duideliker omlyn. Die stamstruktuur (paragraaf 3.4.4.2), die verwantskapsisteem (paragraaf 3.4.4.3), huweliksgebruike (paragraaf 3.4.4.4), die

gesin (paragraaf 3.4.4.6), die voortplantingsfunksie van die gesin (paragraaf 3.4.4.7), die familiegroep (paragraaf 3.4.4.8), die rol en posisie van man en vrou (paragraaf 3.4.4.9) en die ekonomiese lewe (paragraaf 3.4.4.10) van die tradisionele swarte, met spesifieke verwysing na die Tswana, is die sake wat aangesny word.

Waar hierdie navorsing onder andere die aanpassings en probleme wat menige hedendaagse swartmens in die stedelike milieu ondervind van naderby bekyk, is dit belangrik om eers die swartmens in sy tradisionele samelewingsopset te ken. Van daar kan met begrip en simpatie na die probleme van hierdie mense gekyk word en kan daar makliker tot moontlike oplossings gekom word.

3.4.4.2 Die stamstruktuur

Die stameenheid is die allesinsluitende sosiale geheel en ook die mees karakteristieke groepering in die tradisionele swart samelewing (Reyneke, 1971:80 ; De Ridder, 1961:10 ; Bruwer, 1956:58).

Elke stam is polities onafhanklik, het 'n sentrale gesag wat verantwoordelik is vir vrede en harmonie in die gemeenskap en bewoon 'n gemeenskaplike grondgebied (Schapera, 1971:34). Die stamhoof is leier, regter, beskermer en priester van sy stam. Opvolging geskied deur die vaderregtelike linie (Erasmus, 1970:55 ; Schapera, 1971:53 ; Bruwer, 1956:59).

3.4.4.3 Die verwantskapsisteem

In die tradisionele swart samelewing staan elke persoon voor 'n kring van verwante vanweë die aard van sy biologiese afstamming (Steyn et al., 1986:51). Daar bestaan in hierdie samelewings vaste reëls wat die gedrag en verhoudinge tussen verwante persone reguleer (Bruwer, 1956:47). Hierdie netwerk van sosiale verhoudinge tussen verwante word getipeer as 'n verwantskap=

sisteem (Steyn et al., 1986:50). Die verwantskapsisteem dien as basis vir die tradisionele samelewingsordening en sosiale struktuur en vervul dus 'n belangrike funksie (Steyn et al., 1990:286 ; Goode, 1982:3).

Die verwantskapsgroep vorm die breë kring van familielede - óf deur geboorte, óf deur die huwelik (Preston-Whyte, 1974:177). Hierdie kring van verwante staan mekaar by in tye van krisis en deel alle vreugdes in tye van voorspoed (Schapera,1967:15).

Die verwantskapsisteem is nie 'n sigbare en duidelik definieerbare eenheid soos die gesin nie (Bruwer, 1956:52 ; Gazendam, 1990:44). Schapera (1955:17) omskryf die verwantskapgroep soos volg:

"These particular categories of kin therefore cut across the local groupings, bind people together by a new series of relationships, and ensure a wider diffusion through the tribe of reciprocal obligations of service and protection."

Die uitoefening van gesag is opgeneem in die wye gesagstruktuur van die verwantskapsisteem (Durand, 1970:31). Laasgenoemde het dus 'n baie belangrike rol om te speel in die uitoefening en handhawing van gesag in die tradisionele swart gemeenskap.

3.4.4.4 Huweliksgebruike

Die hoë waarde wat die tradisionele swarte aan georganiseerde gesins- en verwantskapsgroepe heg, bring mee dat die huwelik 'n baie belangrike aangeleentheid in die samelewing is (Steyn, et al., 1986:271). Om hierdie rede moet die individu eers as volwassene erken word alvorens hy of sy in die huwelik kan tree (Schapera, 1955:127). 'n Belangrike stelling wat Preston-Whyte (1974:193) maak, is dat die finale verwesenliking as volwassene vir die tradisionele swartmense in die voortbring van kinders lê, "though it is recognized that it is marriage alone which makes this possible".

Die huwelik in die tradisionele samelewings is nie 'n aangeleentheid wat slegs op die paartjie wat die huwelik aangaan, betrekking het nie. Die onderhandelings vir die huwelik (wat dikwels selfs die keuse van huweliksmaats insluit) vind plaas tussen die twee groepe verwante waarvan die huwelikspaar lede is (Steyn et al., 1986:55 ; Kriel, 1984:21 ; Preston-Whyte, 1974:187 ; Bruwer, 1956:42).

'n Belangrike kenmerk van die tradisionele swart huwelik is die oordrag van goedere (gewoonlik beeste) deur die man en sy verwante aan die verwante van die bruid (De Ridder, 1961:15 ; Schapera, 1955:125 ; Preston-Whyte, 1974:179). Hierdie goedere is nie 'n koopkontrak nie; inteendeel, die bruid word nooit lid van die man se verwantskapsgroep nie. Die funksie daarvan behels veel meer as dit: dit dien onder andere as teken van dankbaarheid teenoor die ouers van die bruid, dit dien ook as kompensasie vir die verlies aan werkkrag in die bruid se familie en in die laaste plek staan dit in verband met die vrugbaarheidspotensiaal van die bruid (Steyn, et al., 1986:272 ; Goode, 1982:58). Onder die Tswanabevolking staan hierdie goedere bekend as bogadi (Schapera, 1955:125).

Volgens tradisionele gebruik is die huwelik dikwels poligaam; dit wil sê waar een man meer as een vrou het (Dlamini, 1982:593 ; Burman, 1984:90). Die getal vrouens hou meestal verband met die sosiale status van die man (Van den Berg, 1978:103)(vergelyk paragraaf 3.2.3). Poligamie is dikwels ook 'n middel waardeur rykdom gedeel word (Mathiane, 1988:26). Of 'n man meer as een vrou mag hê of nie, word bepaal deur die voorgeskrewe reëls van die gemeenskap (Gazendam, 1990:44). In die meeste tradisionele swart gemeenskappe is poligamie egter algemene gebruik (Schapera, 1967:7).

#### 3.4.4.5 Verhouding tussen man en vrou

In die verhouding tussen man en vrou staan die ongelykheid in geslagte sentraal (paragraaf 3.4.4.9). Die man het egter die

plig en verantwoordelikheid om in sy vrou se fisiese, biotiese en psigiese behoeftes te voorsien. Hy moet sy vrou en kinders beskerm en dissipline handhaaf (Strijdom & Van der Burgh, 1980:47). Hy moet goedhartig teenoor sy vrou optree, maar sy moet hom te alle tye - as die onbetwiste hoof van gesin - respekteer en gehoorsaam (Schapera, 1955:151).

Die vrou se bydrae in terme van huishoudelike pligte, arbeid op die lande en in die uitbreiding van die gesin, maak die man op sy beurt nét so afhanklik van haar as sy van hom. Daar heers dus wel 'n besondere verhouding tussen man en vrou, maar vanweë die omstandighede in die tradisionele swart samelewing - waar daar in 'n groot mate afsonderlikheid van die twee geslagte gehandhaaf word en waar die gesin deur die familiegroep omsluit word - word intieme onderlinge samesyn tussen man en vrou moeilik gemaak (Steyn et al., 1990:274-275).

Geskille tussen man en vrou kom gereeld voor, veral rondom huishoudelike en familiesake. In sommige gevalle gaan die man selfs so ver om sy vrou te slaan (Schapera, 1955:158). Aangesien die breër verwantskapsgroepe aan beide kante egter so nou betrokke is by die sluiting van 'n huwelik, sal beide groepe verwante druk uitoefen om die huwelik in stand te hou (Steyn et al., 1990:277-278). Alhoewel egskeiding nie 'n vreemde verskynsel in die tradisionele swart gemeenskap is nie, is tydelike skeiding tussen man en vrou egter meer algemeen (Gazendam, 1990:47).

### 3.4.4.6 Die gesin

Die kleinste, sigbare sosiale eenheid in die tradisionele swart samelewing is die gesin (Gazendam, 1990:43 ; De Ridder, 1961:10 ; Van der Walt, 1990b:32). Dit is die belangrikste basiese eenheid want daaruit het al die groter sosiale groepe hul ontstaan (Reyneke, 1971:80). Die gesin kom tot stand deur die huwelik tussen 'n man en vrou, of meer as een vrou en hulle kinders wat nog ongetroud en afhanklik is (Gazendam, 1990:43-44 ; Erasmus, 1970:52).

As voortplantings-, versorgings-, opvoedkundige, ekonomiese, godsdienstige en regseenheid, is die swart gesin onmisbaar vir die ordelike en kontinue funksionering en voortbestaan van die tradisionele swart samelewing (Motshologane, 1974:22).

Wat egter belangrik is - veral wanneer dit by die aanpassing van die tradisionele swartmense in die stede kom (paragraaf 3.5.3) - is die feit dat die gesin nie as 'n selfstandige, intieme eenheid, soos wat dit in die Westerse samelewing die geval is, in die tradisionele stamopset funksioneer nie (Durand, 1970:31).

3.4.4.7 Voortplantingsfunksie van die gesin

Waar die oordrag van goedere soos beeste deur die man aan die verwante van die bruid onder andere verband hou met die vrugbaarheidspotensiaal van die bruid (vergelyk paragraaf 3.4.4.4), val die klem in die tradisionele swart gesin baie sterk op die voortplantingsfunksie van die gesin (Steyn et al., 1990:273). Die vrou verryk die man se familie deurdat sy vir hom kinders in die wêreld bring; in ruil hiervoor gee die man een of ander vergoeding aan die vrou se familie.

Om as volmaak beskou te word, is dit 'n vereiste van die tradisionele swart huwelik om kinders daaruit voort te bring. Dit word van die vrou verwag om so veel as moontlik kinders in die wêreld te bring (Pretorius, 1982:111). "Marriage according to the Tswana is designed primarily for bearing children" (Schapera, 1955:155). Die swart vrou het alleen 'n erkende en geërde posisie in die samelewing wanneer sy moeder is (Steyn et al., 1990:273 ; Schapera, 1955:155). Die tradisionele swartvrou beklee 'n minderwaardige posisie ten opsigte van die man (vergelyk paragraaf 3.4.4.9) en het dus nie werklik 'n keuse of sy baie kinders wil hê of nie (Jordaan, 1991).

Vir die tradisionele swartman lê die enigste sosiaal aanvaarbare vorm van rykdom in groot getalle vrouens en kinders (Van Rooy, 1976:96 ; Jordaan, 1991). Om hierdie rede is die

voortplantingsfunksie van die gesin vir die swartman so belangrik. Dan kan hy ryk wees sonder om sy besittings slegs vir homself toe te eien; hy deel dit naamlik met sy vrouens, sy kinders en die breë verwantskapsisteem.

Nóg 'n rede waarom die tradisionele swarte soveel klem op die gesin - en dan spesifiek die gesin met baie kinders - plaas, hou verband met die tradisionele voorstelling van die geesteswêreld (paragraaf 3.4.3.3). Die algemene verskynsel van voorvader=aanbidding en die idee van die nadoodse voortsetting van 'n mens se aardse bestaan, figureer baie sterk wanneer dit by gesinsbeplanning kom. Van Rooy (1990b:10) verduidelik dit soos volg:

"One of the most important reasons why a large offspring is the Africa's ideal of happiness and blessing, is the belief that only through a large offspring can one ensure that one is not forgotten and neglected after death."

In die lig van die ekonomiese en demografiese implikasies van die hoë aanwassyfers van die plattelandse (meestal tradisionele) swartmense, is dit noodsaaklik dat hulp en voorligting aan hierdie mense verskaf word ten einde 'n Westerse verantwoordelikheidsbesef by hulle tuis te bring (Van der Merwe, 1991) (vergelyk paragraaf 2.5.6.2).

3.4.4.8 Die familiegroep

'n Aantal naverwante huisgesinne wat dieselfde familiehoof erken, vorm die familiegroep (Erasmus, 1970:53). Dit bestaan meestal uit gesinne waarvan die mans almal in die manlike lyn afstammelinge van 'n gemeenskaplike grootvader is (Schapera, 1971:40). Die familiehoof "...is always the man senior to the rest in line of descent " (Schapera, 1971:40). Die status, kommunale rykdom en afkoms van die familiehoof bepaal die grootte van die familiegroep (Erasmus,1970:53).

Die familiegroep vorm die basis vir die huishoudelike gebeure van die samestellende huisgesinne. Dit behels gebeure soos verlowings, huwelike, die organisasie van alle feesgeleenthede en die toekomsbeplanning van 'n weduwee (Gazendam, 1990:44); alles sake wat nie net een gesin raak nie, maar die familiegroep as geheel.

Die familiegroep omsluit die gesin in só 'n mate dat daar van 'n intieme en persoonlike verhouding tussen man en vrou en tussen ouers en kinders nie veel sprake is nie (Durand, 1970:31) (vergelyk paragrawe 3.4.4.5 en 3.4.5.6).

3.4.4.9 Die rol en posisie van man en vrou

In die tradisionele swart samelewing word die vrou beskou as ondergeskik aan die man (Schapera, 1955:28). Voor haar huwelik ressorteer sy onder die gesag van haar vader. Die huwelik bring egter 'n verandering in die wettige en sosiale posisie van man en vrou mee (Schapera, 1955:150)(vergelyk paragraaf 3.4.4.5). Of dit nou binne of buite die huwelik val, die swart (Tswana)vrou word in die tradisionele swart samelewing as die man se mindere beskou (Motshologane, 1974:23). (Reyneke, 1971:84).

Die man as hoof van die huwelik (en gesin) het dus die hoogste outoriteit; alle eiendom en besittings is in sy beheer. Hy is egter nie alleen verantwoordelik vir die instandhouding daarvan nie. Daar is 'n duidelike arbeidsverdeling volgens die geslagte in die tradisionele stamlewe (Reyneke, 1971:85). Die man se pligte is hoofsaaklik om te jag, te veg en oor sy vee te waak. Die vrou is verantwoordelik vir die uitvoer van alle huishoudelike take, vir die bewerking van die lande en vir die opvoeding van die jonger kinders (Schapera, 1967:14 ; Motshologane, 1973:23).

Die vrou word ook nie toegelaat om te deel aan die stamregering nie en sy neem nooit leiding by religieuse seremonies nie. Die situasie is selfs van só 'n aard dat daar in elke familie

uitgesien word na die geboorte van 'n seun (Reyneke, 1971:84).

### 3.4.4.10 Ekonomiese lewe

Die tradisionele swart gesin is geheel en al selfonderhoudend. Veeteelt en landboubedrywighede figureer die sterkste (Erasmus, 1970:49). Dikwels word klere en huishoudelike toerusting ook self vervaardig (Schapera, 1971:40). Vanweë hulle kommunale ingesteldheid, speel die winsmotief feitlik geen rol in die ekonomiese bedrywighede van die tradisionele swartman nie (Erasmus, 1970:48 ; Gutkind, 1974:104).

### 3.4.4.11 Evaluering

Vir die tradisionele swarte is sosiale orde en harmonie in die gemeenskap baie belangrik. "Where the sense of corporate life is so deep, it is inevitable that the solidarity of the community must be maintained, otherwise there is disintegration and destruction" (Van Rooy, 1978:12).

Teen die agtergrond van die voorafgaande paragrawe en bogenoemde aanhaling , tree die vraag na vore of die gewelddadige toestande in soveel swart woonbuurtes in Suid-Afrika nie moontlik verband hou met veranderinge wat verwestering en verstedeliking in die tradisionele samelewingstruktuur meegebring het nie (paragraaf 3.5). Die aanpassingsprobleme wat menige swart ouer en kind in die stede ervaar, het dikwels 'n negatiewe uitwerking wanneer dit by die verhoudinge tussen ouers en kinders kom. Daar bestaan byvoorbeeld in baie van die swart huisgesinne in die stede ernstige gesagskrisisse juis as gevolg van die vreemde opset in die stad - veral ten opsigte van die verdwyning van die verwantskapsgroep (paragraaf 3.5.4.3).

Die vermoede bestaan dat 'n groot persentasie van die swartmense in die land nog nie in staat was om toereikend by die Westerse kultuur aan te pas nie. Om hierdie rede word gesoek na 'n nuwe identiteit; 'n identiteit wat die goeie aspekte van die

tradisionele kultuur behou, maar terselfdertyd saamsmelt met die positiewe invloed van die Christendom en Westerse vooruitgang (waaronder industrialisasie). Hierdie onsekerheid oor 'n eie identiteit werk soms negatief in op die gesinslewe van die swartmense in die stede. Spanning tussen ouers en kinders kom dikwels voor en die identiteitskrisis wat veral die jongmense ervaar, is waarskynlik een van die oorsake vir gespanne ouer-kind-opvoedingsverhoudinge (vergelyk paragraaf 3.5.4.2).

Oor die invloed van die Christendom, verwestering en verstedeliking op verskeie fasette van die tradisionele swarte se bestaan, word breedvoerig in paragraaf 3.5 gehandel.

### 3.4.5 Tradisionele swart Opvoedingsgedagtes

#### 3.4.5.1 Inleiding

In die volgende paragrawe word 'n bondige oorsig gegee van die tradisionele swarte se opvoedingsgedagtes, met spesifieke verwysing na die Tswanabevolking. Alvorens moontlike probleme wat die hedendaagse swartmense in die stede ten opsigte van die verhoudinge tussen ouer en kind ondervind, getoets kan word (vrae B5 tot B14, Bylae B), is dit belangrik om eers 'n oorsig van die opvoedingsgedagtes van die **tradisionele** swartmens te gee. Eers dán kan die probleme waarmee die hedendaagse swartmense in die stede te kampe het, beter begryp word.

Alhoewel verwestering en die proses van verstedeliking op verskeie gebiede van die tradisionele swartmense se lewens aanpassings genoodsaak het, is dit so dat daar vandag steeds swartmense is wat heelwat van die tradisionele idees oor opvoeding handhaaf - ten spyte van Westerse invloede. Aan die ander kant is daar heelwat swartmense wat die noodsaaklikheid van 'n Westerse opvoedingstelsel raaksien ten einde 'n bestaan te kan maak in 'n komplekse geïndustrialiseerde samelewing. Aangesien daar dus nie gesê kan word dat al die hedendaagse swartmense hulself ten volle met Westerse idees oor opvoeding

assosieer nie, word die uiteensetting van die tradisionele swarte se opvoedingsgedagtes in die volgende aantal paragrawe in die teenwoordige tyd weergegee.

Die opvoedingsaspekte wat aangesny word, is die wese van opvoeding (paragraaf 3.4.5.2), die doel van opvoeding (paragraaf 3.4.5.3), die opvoedeling (paragraaf 3.4.5.4), die opvoeders (paragraaf 3.4.5.5), ouer-kindverhoudinge (paragraaf 3.4.5.6), en die siening van gesag en dissipline (paragraaf 3.4.5.7)

#### 3.4.5.2 Die wese van swart opvoeding

Die wese van tradisionele swart opvoeding kan opgesom word as vroeë enkulturasie - feitlik 'n onbewuste proses van inleiding in die tradisionele waardes en vaardighede van die betrokke kultuur (Van der Walt & Postma, 1987:101 ; Gazendam, 1990:65). Kultuuroordrag vind by die tradisionele swartmense oor die algemeen nie formeel plaas nie. Geïnstitueerde onderwys kom dus nie in primitiewe samelewings voor nie, aangesien die lewenswyse nog nie gedifferensieerd is nie (Woudstra, 1973:23). Daar kan dus nie werklik van opvoedende onderwys in die ware sin van die woord gepraat word nie (vergelyk paragraaf 3.5.2.3.2). Deur opvoeding leer die kind dat kennis minder belangrik is as praktiese optrede en dat die lojale aanvaarding van die tradisionele en eenvoudige lewenswyse van uiterste belang is (Krige, soos aangehaal deur Van der Walt & Postma, 1987:101).

Die kommunale of groeporiëntasie van die kind is 'n verdere wesenskenmerk van tradisionele swart opvoeding ( Van den Berg, 1978:104). Daardeur word elke jeugdige voorberei om as volwaardige lid van die stam sy plek in die stamgemeenskap te ken.

#### 3.4.5.3 Die doel van swart opvoeding

Die belangrikste opvoedingsdoel van die tradisionele swart stamme is hoofsaaklik om stamtradisies en gebruike aan die jeug oor te

dra en met behulp van seremonies en rites elke kind te lei tot korrekte gedragspatrone en volwassenheid wat volwaardige toetrede tot die stamverband insluit (Woudstra, 1973:85 ; Phillips, 1940:146).

Kultuuroordrag en die harmoniese inskakeling by die betrokke gemeenskap vorm dus die universele doel van tradisionele swart opvoeding. Ontwikkeling van individualiteit is doelbewus ontmoedig, wat weer eens die kommunale ingesteldheid van die tradisionele swarte beklemtoon (Van den Berg, 1978:104).

Vanweë die feit dat die gesin in die tradisionele stamverband 'n selfversorgende eenheid is, met sowel 'n produksie- as verbruiksfunksie, word die opvoeding van die kinders tot volwasse ekonomiese deelname ook as 'n belangrike doelwit van opvoeding beskou (Steyn et al., 1990:296). Die dogters verrig bepaalde huishoudelike take onder toesig van die vroue en die seuns kry take wat met die man se ekonomiese rol verband hou. Dit is dikwels ouer lede van die portuurgroep wat met die aanleer van hierdie take help (Van den Berg, 1978:104).

Tot en met puberteit word bogenoemde doelstellings op 'n informele wyse nagestreef. Daarna geskied opvoeding formeel in inisiasieskole wat die jong kind se oorgang na volwassenheid behartig (Van der Walt & Postma, 1987:105 ; Phillips, 1940:147). Opleiding in hierdie skole is baie streng en seuns en dogters is veral gewys op die nadelige gevolge vir individu en gemeenskap indien tradisionele stamgebruike verontagsaam word (Gazendam, 1990:770).

#### 3.4.5.4 Die opvoedeling

Kinders word deur die tradisionele swartman as 'n waardevolle bate beskou omdat hulle emosionele tevredenheid aan die ouers verskaf en werk in die gemeenskap verrig wat ekonomies waardevol is (Van der Walt & Postma, 1987:103). Reeds vanaf 'n baie vroeë leeftyd word daar van die kinders verwag om hul ouers by te staan

in huishoudelike take en die boerdery (Schapera, 1955:179). Die kind word tradisioneel gesien as simbool van onskuld en suiwerheid (Gazendam, 1990:82).

Vanaf geboorte totdat die kind gespeen is, lei hy 'n warme, byna bedorwe bestaan. Daarna begin sy verpligtinge teenoor die ouers en die gemeenskap (Van der Walt & Postma, 1987:103).

Volgens Immelman, soos aangehaal deur Gazendam (1990:81), vorm kinders wat die Tswana betref 'n belangrike deel van die groep, want hierdeur maak die ouer geslag seker van 'n nuwe geslag wat hulle op hul oudag kan versorg en beskerm (vergelyk ook Schapera, 1955:179).

3.4.5.5 Die opvoeders

Die tradisionele swartman beskou die opvoeding van die kinders in die eerste instansie as die taak van die betrokke ouers, maar die hele gemeenskap oor die algemeen dra 'n gesamentlike verantwoordelikheid vir die opvoeding van die kinders (Van der Walt & Postma, 1987:104 ; Van den Berg, 1978:104).

Die moeder word as die belangrikste opvoeder beskou, daarna die gesin en daarna die wyer familiegroep (Van der Walt & Postma, 1987:104). Ook volgens Tswanatradisie is die moeder primêr verantwoordelik vir die voor-inisiale opvoeding van die kinders (Motshologane, 1974:80). Soos die kind ouer word, oefen die speelgroep en ouer kinders egter beheer uit oor die bedrywighede en gedrag van die jongeres (Van der Vliet, soos aangehaal deur van den Berg, 1978:104). Die taak van die ouers is dan hoofsaaklik om die kinders vir hulle optrede te prys of te berispe (Van den Berg, 1978:104). Die gesins- en familielede is dus by die vóór-inisiale opvoeding betrokke. Die formele opvoeding in inisiasieskole geskied egter nie deur naasbestaandes nie, maar deur ander stamgenote soos die kaptein self (Woudstra, 1973:86-87).

Die moeder is hoofsaaklik vir die versorging, opvoeding en beheer van die kinders in die tradisionele swart gesin verantwoordelik. Dit is sy wat aan die kinders goeie gedrag en maniere leer (Motshologane, 1974:79). Die vader se rol is meer om dissipline te handhaaf oor die ouer kinders wat al groot genoeg is om hul plek in die gemeenskap te ken. Verder is die vader betrokke by die opleiding van die seuns in hul onderskeie pligte teenoor die gemeenskap (Motshologane, 1974:79).

Al die opvoeders hou slegs een stel waardes, gedragspatrone en kulturele oogmerke aan die kind voor, met die gevolg dat daar min kans is vir opstand en verwarring onder die jeug (Van der Walt & Postma, 1987:105). Hierdie situasie is in teenstelling met die hedendaagse toestande in die stede waar soveel verskillende en uiteenlopende waardes die jeug verwar.

Hierdie navorsing het onder andere ten doel om ontoereikende ouer-kind-opvoedingsverhoudinge as een van die oorsake van opstand en wangedrag onder sommige lede van die hedendaagse swart jeug, bloot te lê. As gevolg van die feit dat heelwat swart ouers in die stede nie gesag oor hulle kinders kan handhaaf nie en boonop lang ure van die huis afwesig is as gevolg van beroepsarbeid, soek die kinders afleiding op die strate en kom op dié manier in aanraking met bendes en allerlei vorme van misdaad (paragrawe 3.5.4.3 en 3.5.4.4). Aan die ander kant is harmoniese ouer-kind-opvoedingsverhoudinge bevorderlik vir vooruitgang en stabiliteit in 'n gemeenskap (vergelyk paragraaf 1.2). Indien harmoniese ouer-kind-opvoedingsverhoudinge in die dorp Ikageng geïdentifiseer word (vergelyk Bylae B, vrae B5 tot B14) kan hierdie verhoudinge gebruik word as voorbeeld en verwysingsraamwerk vir opvoedingsriglyne aan ouers in opvoedingsnood (paragraaf 5.2.3).

#### 3.4.5.6 Ouer-kind-opvoedingsverhoudinge

In die tradisionele opset val die klem op groepsaktiwiteite en groepsbelewing. Om hierdie rede kry die persoonlike en intieme

verhouding tussen ouer en kind nie soveel aandag soos wat dit in harmoniese Westerse gesinsomstandighede die geval is nie (Gazendam,1990:88). Die ouer-kind-verhoudinge is in die tradisionele opset baie streng en formeel (Bruwer, 1956:48).

Uit die aard van die patriargale gesinstruktuur van die Tswana (paragraaf 3.4.4.6), is die man die hoof van die gesin. Uit sy optrede en ook in die verhouding met sy kinders, straal beskerming, strengheid en sterkte, fisies, moreel en geestelik (Gazendam, 1990:88). Hy verwag stiptelike gehoorsaamheid en beleefdheid van sy kinders (Bruwer, 1956:48). Die verhouding tussen moeder en dogter is oor die algemeen dieper as tussen vader en dogter, aangesien moeder en dogter meer tyd saam deurbring (Gazendam, 1990:87 ; Schapera, 1955:175).

Aangesien die seuns heelwat tyd saam met hulle vader by die veekrale deurbring, ontstaan daar by die seuns 'n sterk behoefte om met die vader te assosieer en hom tevrede te stel (Schapera, 1955:175). Die verhouding tussen die vader en die seuns bly egter baie formeel. Die verhouding tussen moeder en seun is meer informeel as díe tussen vader en seun - waarskynlik vanweë die onderdanige posisie van die vrou teenoor die man (Schapera, 1955:175 ; Nel, soos aangehaal deur Gazendam, 1990:87). Die kinders - seuns en dogters - het oor die algemeen meer vrymoedigheid om simpatie en begrip vir probleme by die moeder te soek. Die verhouding van die moeder teenoor die seuns (en dogters) word gekenmerk deur liefde en beskerming (Bruwer, 1956:48).

Die ouers geniet in die tradisionele gesinsopset heelwat aansien in die oë van die kinders en daar word met eerbied en respek opgesien na die ouers vir raad en leiding (Gazendam; 1990:94). Hoe ouer die kinders word, hoe meer formeel word die verhouding tot die ouers (Bruwer, 1956:48). In die stedelike opset het baie van die swart kinders hulle eerbied vir die ouers verloor. Een van die hoofoorsake hiervan is geleë in die feit dat die kinders in die skole met Westerse idees te doen kry wat vreemd vir baie

van die ouers is aangesien hulle nooit die geleentheid gehad het om 'n skool by te woon nie. Ouer en kind het dan geen gemeenskaplike belangstellings nie en daar ontwikkel 'n generasiegaping tussen die twee partye (paragraaf 3.5.4.2). Sommige van die ouers begin selfs as gevolg van hierdie omstandighede aan 'n minderwaardigheidskompleks ly - 'n situasie wat verdere verwydering tussen ouer en kind bring.

Wat betref die verhouding tussen die broers en susters, is daar in die tradisionele gesinsverband nie juis sprake van intimiteit nie. Ouderdom speel 'n belangrike rol in die tradisionele swart samelewing en ouer broers en susters geniet 'n aansienlike mate van respek en ontsag van die kant van hulle jonger broers en susters (Bruwer, 1956:48).

3.4.5.7 Senioriteit, gesag en dissipline

Die tradisionele swartman se beskouing van die samelewing bepaal ook sy siening van gesag (Gazendam,1990:48). Die belangrikheid om met 'n groep in die samelewing - primêr die familie en alle verwante - geskakel te wees, verseker dat die swartkind van kleins af besef dat hy hom moet gedra teenoor mense wat in 'n bepaalde verwantskapsverhouding tot hom staan (Gazendam 1990:43,48).

Ook in die Tswana-gemeenskap is ouderdom en senioriteit van groot belang. Van kleins af word kinders geleer om die nodige respek en onderdanigheid te betoon teenoor hulle ouers, en selfs teenoor vreemde persone wat ouer is as hulle (Reyneke, 1971:84). "The right to punish formerly extended also to the community in general" (Schapera, 1955:181).

Die tradisionele swartman se algemene visie op gesag word deur Van der Walt (1990:51) saamgevat as hiërargies, gesentraliseerd en volgens senioriteit. Saamgevat beteken hierdie omskrywing van Van der Walt dat die gesagstruktuur hiërargies opgebou is van bo na onder: voorvaders, hoofman, vader, oudste broer, ensovoorts.

Verder is die finale gesag nie gedifferensieerd nie, maar gesentraliseer in een groep of persoon (soos die hoofman of die vader van 'n gesin). In die laaste plek speel senioriteit 'n baie belangrike rol in die bepaling van gesagstrukture. So byvoorbeeld is die vader in die gesinsopset die mees senior persoon en sy gesag mag vir geen oomblik in twyfel getrek of weerspreek word nie.

Vir die tradisionele swartman bestaan daar nie iets soos individuele vryheid nie. Waar die stamhoof as die hoogste gesagsfiguur erken is, is al die stamlede op navolging ingestel (Gazendam 1990:103).

#### 3.4.5.8 Samevatting

Volgens Wilds en Lottich, soos aangehaal deur Van der Walt en Postma (1987:106) kan die hele opvoedingsprogram van die tradisionele swartman beskryf word as "education for tribal conformity". Deelname aan die bedrywighede van die stamgemeenskap en gehoorsaming en navolging van stamgewoontes word as noodsaaklik beskou vir die voortbestaan van die stam. Om hierdie rede word individualiteit sterk aan bande gelê en is tradisionele swart opvoeding gerig op groepsekerheid en kulturele gelykvormigheid (Van der Walt & Postma, 1987:106).

Hierdie kommunale ingesteldheid van die tradisionele swartmense, waar wedywering en ambisie onbekend is, lewer van die meeste probleme wanneer dit by aanpassing in die stedelike milieu met sy individualistiese benadering en kompeterende gees kom. Spanning ontstaan dikwels in die gesinslewe as gevolg van ouers wat nie in die stadsmilieu kan inskakel nie (paragraaf 3.5.4).

## 3.5 DIE INVLOED VAN DIE CHRISTENDOM, WESTERSE KULTUUR EN DIE PROSES VAN VERSTEDELIKING OP DIE TRADISIONELE SWARTE OOR DIE ALGEMEEN EN DIE TSWANA IN DIE BESONDER

### 3.5.1 Inleiding

Die Republiek van Suid-Afrika is in 'n uitsonderlike posisie: aan die een kant is dit 'n land wat godsdienstig, opvoedkundig, kultureel, ekonomies en in vele ander opsigte as 'n Eerste Wêreldland beskou kan word (Van der Walt & Postma, 1987:89). Suid-Afrika is egter tegelyk 'n Derde Wêreldland - 'n ontwikkelende land in Afrika. 'n Groot persentasie van die inwoners van Suid-Afrika vertoon in 'n wisselende mate 'n tradisionele kultuur en lewenswyse. Baie van die swartmense handhaaf in 'n mindere of meerdere mate hul tradisionele godsdiens, kultuur en lewenswyse. Selfs die swartmense wat alreeds in 'n groot mate die lewe en denke van die Westerling oorgeneem het, val in tye van krisis terug in hulle tradisionele lewens- en wêreldbeskouing en lewenspatroon (Van der Walt & Postma, 1987:90). Sommige van die tradisionele oortuigings van die swartmense sal nooit geheel en al verdwyn nie.

Die stellings in bostaande paragraaf geld ook vir die hedendaagse Tswana. Setiloane, soos aangehaal deur Gazendam (1990:2) verwys na die Sotho-Tswana wanneer hy sê dat "Culturally, the people to-day live at various stages between the poles, on the one hand of African tribalism - in a traditional setting, under a tribal chief, and following Mekgwa (the customs) of the fathers and, on the other, of Western civilization". Volgens Gazendam (1990:2) is dit onwaarskynlik dat alle Tswanamense in hierdie stadium al volkome verwesters het. Om hierdie rede word daar deurgaans in die onderstaande paragrawe verwys na die **half-verwesterde** swartmense (wat die Tswana insluit). Met "half-verwesters" word dan bedoel êrens (halfpad) tussen die tradisionele manier van dink en doen aan die een kant en die Westerse manier aan die ander kant. Onder "Westers" word die Europees-Amerikaanse kultuurinhoude verstaan, wat by implikasie ook Christelik is (Gazendam, 1990:11).

Ekonomiese eise het 'n grootskaalse migrasie weg van die oorspronklike kultuuromgewing na die meer lonende omgewing van

die stede teweeggebring (Dommisse, 1991:32). Hierdie nuwe omgewing eis aanpassings op feitlik al die terreine van die lewe; 'n tydsame en moeilike proses. Waar dié navorsing gerig is op die hedendaagse swartmense - en veral op dáárdie mense wat in die stedelike omgewing met Westerse idees en die eise van 'n komplekse geïndustrialiseerde samelewing gekonfronteer word - moet die invloed wat die Christendom, Westerse kultuur en die proses van verstedeliking op die tradisionele swartman in al sy fasette van menswees gehad het (en steeds het), deurgaans tydens só 'n ondersoek in ag geneem word.

As gevolg van die invloede waarvan in voorgaande paragraaf melding gemaak word, het die tradisionele identiteit van die swartmense op die agtergrond begin skuif (Mbiti, 1969:218). 'n Nuwe identiteit soos onder andere vergestalt in die stadsmens, moes aangeleer word ter wille van oorlewing in 'n komplekse samelewing. Só byvoorbeeld moes die tradisionele idee van tyd, plek maak vir die Westerse idee daarvan, omdat die lewe in die stad baie meer gejaagd is as op die platteland. Ook die invloed van die Christendom tree hier sterk na vore. Deur die Woord van God verkry die swartmens wat tot bekering kom, 'n visie op die toekoms; 'n toekoms in ewigheid saam met die enigste Ware Verlosser.

'n Verdere aspek waarmee rekening gehou moet word by 'n studie van die swartmense van Suid-Afrika, is die feit dat hoewel die dominante lewens- en wêreldbeskoulike opvattinge onder swartmense in Suid-Afrika nagenoeg dieselfde is (Van Rooy, 1978:1) en daar wel sprake kan wees van 'n gemeenskaplike Afrika-kultuur (Van Dyk, 1976:1 ; Idowu, 1973:103), daar soms wel gekonsentreer moet word op 'n afgebakende groep mense se lewens- en wêreldbeskouing om die studie wat onderneem word, werklik sinvol te maak (Idowu, 1973:106). Daar bestaan tóg - veral wanneer ingegaan word op fyner besonderhede - soveel lewensbeskoulike en ander verskille tussen die groot verskeidenheid swart volkere in Suid-Afrika, dat dit soms nodig is om in meer diepte in te gaan op 'n spesifieke bevolkingsgroep - afhangende van die geografiese gebied waar die

ondersoek gedoen word. "The more limited the area covered the more effective and honest the study will be" (Idowu, 1973:106).

Daar is in hierdie navorsing ingegaan op die lewens- en wêreldbeskouing, samelewingsbeskouing en gesinslewe en opvoedingsgedagtes van die tradisionele swartmense, soos wat dit gemeenskaplik vir die meeste swart volke geld (paragraaf 3.4). Dieselfde fasette word ook bekyk soos wat dit vir die hedendaagse half-verwesterde, verstedelikte swartmens geld (paragrawe 3.5.2. en 3.5.3). Daar word egter deurgaans in gedagte gehou dat daar wel volkstipiese verskille in sienings van sake mag wees, sowel as verskille tussen die sienings van individue. Om hierdie rede word in hierdie studie telkens waar dit van toepassing is, ingegaan op die beskouings van die Tswanabevolking as sodanig, aangesien dit die volk is wat oorwegend onder die inwoners van Ikageng tel - waar die empiriese deel van die navorsing uitgevoer is.

Die doel met so 'n oorsig van verskeie fasette van die tradisionele en die half-verwesterde swartmense, is om insig te verkry in die situasie waarin die meeste van die hedendaagse swartmense in die stede verkeer.

### 3.5.2 Invloed van die Christendom en Westerse kultuur op die tradisionele swarte

#### 3.5.2.1 Inleiding

Die swartman se lewenspatroon is tradisioneel gekenmerk deur stam- en familiegebondenheid, met 'n sterk sosiaal-maatskaplike ingesteldheid (paragraaf 3.4.4). Die swartmense met hierdie tradisionele maatskaplike ingesteldheid het egter die afgelope twee eeue in toenemende mate in aanraking gekom met die Christendom en die Westerse kultuur (Steyn et al., 1990:279).

'n Tydperk van herlewing in die Christendom is aan die einde van die agtiende eeu in Wes-Europa beleef en daar is oral

sendinggenootskappe gestig. Hierdie sendingvloedgolf het ook na Suid-Afrika uitgebrei, in só 'n mate dat daar tussen 1730 en 1953 meer as 50 sendinggenootskappe hier aan die werk was (Steyn, 1990:12). Hierdie sendinggenootskappe het almal slegs één doel voor oë gehad, naamlik die kerstening van die heidene.

Wat kontak met die Christendom en Westerse kultuur betref, het die swartmense in Suid-Afrika gedurende die eerste helfte van die 18de eeu in aanraking gekom met blankes wat oos- en noordwaarts beweeg het (Steyn et al.,1990:278). Sendingwerk onder die Hottentotte het reeds so vroeg as 1652 met die koms van Jan van Riebeeck na Suid-Afrika, 'n aanvang geneem. Die eerste slaweskool (oorwegend swartmense) is in dié tyd gestig met kerstening onder die mense as primêre doel. Opvoeding moes dus 'n instrument wees vir die kerstening van die swartmense (Steyn, 1990:15). Met verloop van tyd het sendinggenootskappe dwarsoor die wêreld sendelinge na Suid-Afrika gestuur. Sendelinge het die Tswanavolke in 1816 bereik en teen 1870 was daar byna geen Tswanastam sonder 'n sendingstasie nie (Schapera, 1971:58).

Heelwat probleme is met die sendingwerk ondervind. Die sendelinge het die Christelike Evangelie vanuit 'n Westerse kultuur=agtergrond aan die swartmense gebring. Hierdie toedrag van sake het in sommige opsigte lynreg teen die swartmense se tradisionele kultuur ingedruis (Steyn, 1990:23). Een van die grootste probleme wat die sendelinge dus ondervind het, was die uiteenlopendheid van die Westerse kultuur van die sendelinge aan die een kant en die tradisionele stamkultuur van die swartmense aan die ander kant. Die geloof in voorvadergeeste (vergelyk paragraaf 3.4.3.3), die algemene voorkoms van poligamie (vergelyk paragraaf 3.4.4.4) en die kommunale ingesteldheid van die tradisionele swartmense is maar drie voorbeelde van fundamentele verskille tussen die twee kulture. Aangesien die sendelinge uiteraard geen ander kulturele raamwerk kon aanwend as hul eie Westerse kultuur in die verkondiging van die Evangelie nie, is besef dat die swartmense eers vertroud moes raak met die Westerse kultuur (waaronder monogamie) alvorens die Evangelie vir hulle aanvaarbaar kon wees

(Steyn, 1990:28) (vergelyk onder andere paragraaf 3.5.3.2.3). Reeds in hierdie tyd is besef watter groot verskil daar tussen die tradisionele swart kultuur en die blanke Westerse kultuur is en dat kontak en beïnvloeding tussen die twee kulture nie sonder probleme geskied nie. Net so ervaar die swartman van vandag sekere probleme in die stedelike gebiede waar die Westerse kultuur oorheersend is (paragraaf 3.5.4).

Deur voortdurende kontak met die Christendom en Westerse kultuur van die sendelinge, het daar geleidelik grootskaalse akkulturasie onder die swartmense plaasgevind, waardeur nuwe norme en waardes aan die tradisionele swarte oorgedra is (Gazendam, 1990:2 ; Murray, 1980b:22 ; Maritz, 1987:71).

Wat die invloed van die Westerse beskawing op die tradisionele swartman betref, skryf Schapera (1967:ix) soos volg: "Under the influence of European civilization many of the Natives have abandoned their original tribal customs, and their social life is being reorganized on a new basis by the adoption of European habits and customs, and by their introduction to the economic and religious systems of the Europeans."

Waar hierdie navorsing in besonder oor die Tswanabevolking handel, is dit belangrik om te noem dat die Tswanabevolking - in vergelyking met ander swart volke - van die snelste aangepas het by die veranderinge wat deur die Westerse beskawing gekom het (Woudstra, 1973:28).

Die vraag wat in die volgende aantal paragrawe ter sprake kom, is watter invloed die Christelike godsdiens en Westerse kultuur op die tradisionele swartman van Suid-Afrika gehad het. In dié verband word gekyk na veranderinge in die tradisionele swartmense se lewens- en wêreldbeskouing (paragraaf 3.5.2.2) en hul opvoedingsgedagtes (paragraaf 3.5.2.3).

In die godsdienstig-kulturele verwarring waarin heelwat van die hedendaagse swartmense hulself bevind (vergelyk paragraaf 3.5.2)

het opvoeding en onderwys 'n besondere plek en taak (Van der Walt & Postma, 1987:115). Deur opvoeding en onderwys moet die swartmense toegerus word om die onstabiele toestand wat die oorgang na en aanpassing by die Westerse kultuur meegebring het, met welslae te oorkom (paragraaf 3.5.2.4). Die proses van aanpassing by 'n vreemde Westerse kultuur veroorsaak ook spanning in die gesinslewe van baie van die hedendaagse swartmense - veral die ouer-kind-opvoedingsverhoudinge raak in vele opsigte ontoereikend (vergelyk paragraaf 3.5.4).

#### 3.5.2.2 Invloed van die Christendom en Westerse kultuur op die tradisionele swarte se lewens- en wêreldbeskouing

##### 3.5.2.2.1 Oriëntering

Wat die invloed van die Christendom en Westerse kultuur op die tradisionele swarte se lewens- en wêreldbeskouing betref, word daar gekyk na die situasie soos wat dit hedendaags vir die meeste van die half-verwesterde swartmense geld ten opsigte van hulle religieuse grondmotief en godsdienstige lewe (paragraaf 3.5.2.2.2), hulle Godbeskouing (paragraaf 3.5.2.2.3), werklikheidsbeskouing (paragraaf 3.5.2.2.4) en mensbeskouing (paragraaf 3.5.2.2.5).

##### 3.5.2.2.2 Half-verwesterde religieuse grondmotief en godsdienstige lewe van die swarte

Die Christelike sendingkerke het 'n sentrale plek in 'n groot aantal swart gemeenskappe ingeneem met die Christelike religieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing as primêre uitgangspunt (Woudstra, 1973:30). Die kerk het onder andere die swarte se behoefte aan skakeling in die gemeenskap bevredig, Christelike onderwys aan swartmense bevorder en die persoonlike geloofsverantwoordelikheid van elke individu benadruk (Woudstra, 1973:30 ; Van der Walt & Postma, 1987:107).

Die vroeëre sendingmetodes het die tradisionele religieuse

grondmotief van die swartman en sekere gebruike soos voorvaderaanbidding, magie en poligamie egter só streng afgewys dat dit die swartmense in vele opsigte ontwrig het (Woudstra, 1973:32). Dit het veroorsaak dat heelwat swartmense ná aanraking met die Christendom steeds sekuriteit bly vind het in die tradisionele grondidee van "uitbalansering van magte" (Woudstra, 1973:33).

Verder het 'n groot verskeidenheid kerke en gelowe, wat nie die Bybel as enigste ware bron van kennis en gesag aanvaar nie, sendingwerk onder die swartmense kom doen. Tesame met hierdie godsdienstige dwaalleringe, is humanisties-materialistiese oogmerke in sommige gevalle aan die swartmense oorgedra. Die Christendom het dus nie as 'n bepaalde godsdiens of geloof na die swartmense gekom nie, maar in die gedaante van die Euro-Amerikaanse kultuur (Van der Walt & Postma, 1987:107). Dit is as gevolg hiervan dat humanistiese en materialistiese waardes deur sommige van die kerke aan die swartmense oorgedra is. Dit het verwarring onder die swartmense gesaai en hulle laat twyfel met watter religieuse oortuigings hulle hulself wil assosieer (Van der Walt & Postma, 1987:116). Onder sulke omstandighede is dit nie vreemd dat baie van die swartmense hulle anker in die tradisionele religie bly vind nie.

Christelike opvoeding en onderwys aan die swartmense van Suid-Afrika het dus 'n baie belangrike plek en taak om hierdie mense te help in die aanvaarding van die Christelike religieuse grondmotief (paragraaf 3.5.2.4).

Volgens Schapera (1971:58) "...relatively few really understand the principles of Christianity...their attendance at Church is largely a matter of routine, they practise in secret many of the old customs forbidden to them..."

As gevolg van 'n botsing tussen tradisionele beginsels en waardes in die stamopset en die Christelik-Westerse beginsels en waardes waarmee die swartman deur sending gekonfronteer is, het daar

onder die swartmense 'n vorm van "sintese-godsdiens" ontstaan (Van der Walt & Postma, 1987:108). Hierdie godsdiens is nóg Christelik nóg tradisioneel en word deur kulturele inkonsekwentheid gekenmerk. Dit is 'n oorgangsfase van die tradisionele swart godsdiens en kultuur, na 'n ware Bybelse Christendom.

Erasmus (1970:287) het in sy studie oor die religieuse uitlewing van die Tswana-gemeenskap in Dithakong (naby Mafeking), gevind dat heelwat van hierdie mense in krisismomente teruggryp na hulle tradisionele denke en optrede en dat hulle kennis aangaande God Drieënig uiters gebrekkig is. Verder soek die Tswana in die Dithakong-gemeenskap, krag en verbintenis in die kerk en hulle het 'n tradisionele hiërargie in die kerk ingedra wat vir hulle tot die wese van die Christendom behoort.

### 3.5.2.2.3 Half-verwesterde Godbeskouing en oorblyfsels van die geesteswêreld

**Die Godsbegrip**

Vir die meeste van die half-verwesterde swartmense "the idea of a God is fundamental; they believe in the existence of a supreme, primordial being...their idea of the true God is very confused and obscure..." (Idowu, 1973:140).

Wat betref die godsbegrip van die hedendaagse half-verwesterde Tswana, het die ondersoek van Erasmus (1970:109-110) aan die lig gebring dat die tradisionele Modimo-begrip onveranderd gebly het. In dié gemeenskap is Modimo nog steeds die hoogste krag en 'n veraf opperwese (vergelyk Schapera, 1967:67). Setiloane (1986:29) stel dit soos volg:

"...when the missionary preached about God, and they accepted his teaching (Christianity) the Africans nevertheless continued to conceive of God as MODIMO, that is, in their African terms." Dat God die aarde deur sy almag geskape het en deur sy genade gered

het, is vir die swartmens onversoenbaar. Genade hou vir hom 'n element van swakheid in en vanuit die tradisionele kragbeskouing moet die opperwese kragtig wees en ontsag inboesem (Van der Wateren, 1976:51). Om hierdie onversoenbaarheid te oorbrug, word Modimo wel as Skepper-God erken, maar nie as Verlosser-God nie (Woudstra, 1973:59).

**Voorouers**

Christus word wel deur die meeste half-verwesterde swartmense aanvaar maar Hy word deur sommiges as 'n oerfiguur beskou (Van der Wateren, 1976:51). Om Hom te bereik, moet meer resente middelaars (voorvaders) aangeroep word; vandaar dat voorvaderaanbidding steeds onder sommige van die half-verwesterde swartmense plaasvind. "The really difficult task confronting Christianity was, and is...to persuade them to abandon their belief in ancestor-gods for the belief in Christ." (Schapera, 1967:67.)

Volgens Van Rooy (1976:102) het A.G. Schutte (dosent in Sosiale Antropologie aan die Universiteit van die Witwatersrand) vasgestel dat 'n florerende swart Gereformeerde gemeente in Johannesburg vas glo dat daar 'n verband tussen God en die voorvadergeeste bestaan. Van Rooy (1978:32) spreek die probleem wat menige swartmens in die hedendaagse samelewing ervaar, soos volg aan :

"Africa cannot accept Christ alongside the ancestor spirits; it is a question of either him or them...The problem with Christianity in Africa is that the necessity of this radical choice has seldom been fully realized."

**Goddelike wesens**

Wat die goddelike wesens (Medimo) betref, stel Van der Wateren (1976:54) dat dié vreeswekkende figure toenemend onbekend word onder die hedendaagse swartmense. Van Rooy (1992) bevestig dat

goddelike wesens nie meer so 'n prominente rol in die lewens van meeste van die hedendaagse swartmense speel nie.

**Magie**

Magie as religieuse onderdeel het egter nog geensins onder die half-verwesterde swartmense verdwyn nie (Van der Wateren, 1976:52). Volgens Schapera (1971:61) "...magic still persists strongly, and is often employed even by professing Christians."

Van Rooy (1978:14) beklemtoon die belangrike rol wat magie steeds in die lewe van die half-verwesterde swartmense speel: "The great majority of educated Africans, still believe in and fear magic, or try to use it to their advantage by consulting specialists."

3.5.2.2.4 Half-verwesterde werklikheidsbeskouing

Hoewel Erasmus (1970:186) bevind het dat ongeveer 60% van die Tswana van Dithakong die skeppingsverhaal in die Bybel in 'n mindere of meerdere mate ken, bring hulle dit nie in verband met die werklike ontstaan van alles nie. Daar word nie aan die werklikheid gedink as hebbende 'n begin en 'n einde nie.

Die half-verwesterde Tswana se werklikheidsbeskouing word gekenmerk deur 'n innerlike krisis (Erasmus, 1970:192). Hy is uit sy tradisionele wêreld geneem en oorgeplaas in 'n Westerse wêreld wat anders dink en anders leef. Hy moet gaandeweg afsien van sy piramidale kosmologie, van sy idee oor beperkte kosmiese goed en van sy kommunale opvatting oor eiendom ( Van der Walt & Postma, 1987:110). Wat die idee van beperkte kosmiese goed betref, stel Van Rooy (1990a:10) die Bybelse waarheid duidelik deur na die skeppingsverhaal in Genesis te verwys. God het aan die mens genoeg van alles voorsien. Deur harde arbeid hoef niemand gebrek te ly of te voel dat hy iemand anders van sy besittings ontneem wanneer hy meer as hulle besit nie. Elke swartmens wat die Evangelie sy eie gemaak het, kán die vreugde van vrug op harde arbeid ervaar.

Verder moes die tradisionele opvatting oor eiendom plek maak vir 'n meer kapitalistiese benadering van die ekonomie (Van der Walt & Postma, 1987:110). Volgens die ondersoek van Gazendam (1990:33) onder die Tswanas in die Potchefstroom-omgewing, is daar heelwat van hierdie mense wat die waarde van persoonlike eiendom besef.

Wat die half-verwesterde swartmens se tyds- en geskiedbeskouing betref, moet sy sikliese tydsbeskouing plek maak vir 'n liniêre tydsbeskouing en moet die toekoms 'n veel prominenter rol speel (Van der Walt & Postma, 1987:110). Mbiti (1971:24) stel dat die tradisionele swarte geen waarde heg aan die toekoms nie aangesien dit onbekend is; om hierdie rede vind die swartman dit dikwels so moeilik om vir die toekoms te beplan.

Weer eens kom die Bybel met die boodskap van hoop op die toekoms; 'n toekoms in ewigheid saam met die enigste Ware Skepper en Verlosser. Soos Van Rooy (1990c:2) dit stel: "The Christian biblical view on time and the future seems to be the only salvation for Africa in its traditionalistic orientation towards the past."

3.5.2.2.5 Half-verwesterde mensbeskouing

Die Christelike Evangelie het die swartmens aan die dink gesit oor die oorsprong van dinge; so het die hedendaagse swarte ook vrae begin vra oor die herkoms van die mens (Van der Walt & Postma, 1987:111). Die meerderheid van die half-verwesterde swartmense ken ook nie meer die tradisionele mites in verband met die eerste mense nie (Erasmus, 1970:218).

Wat die lewe na die dood betref, leer die Evangelie dat die uitverkorenes 'n ewige bestemming as burgers van die koninkryk van God het (Van der Walt & Postma, 1987:111). Uit die ondersoek van Erasmus (1970:226) onder die Tswanas van Dithakong, blyk dit dat die meerderheid van hierdie mense inderdaad verlang na 'n verlossing uit die ellende van die aardse bestaan en 'n ewige lewe in die koninkryk van God.

Daar is egter gevalle volgens die Potchefstroom-ondersoek van Gazendam (1990:39) wat steeds glo dat die mens na die dood sy sinvolle skakeling met die werklikheid as een van die voorvadergeeste voortsit. Geloof in die voorvadergeeste het dus nog nie in al die gevalle van die half-verwesterde swartmense opgehou om te bestaan nie. 'n Begrip van die ewige lewe saam met die God van die Bybel het nog nie volledig onder hierdie mense posgevat nie.

Wat menseverhoudinge betref, blyk dit uit die Potchefstroom-ondersoek van Gazendam (1990:42) dat die half-verwesterde Tswana-mense oor die algemeen nie daarvan hou om alleen te wees nie. Betrokkenheid by kerkverenigings is veral belangrik. Wat egter duidelik na vore tree, is dat die hedendaagse swartman se lewe nie meer so primêr gerig is op die inlywing en korrekte skakeling van die individu in die gemeenskap nie. Daar word wel gereeld met vriende gesellig verkeer, maar in die meeste gevalle kom die gesinslewe eerste.

Hierdie navorsing het dan juis ten doel om vas te stel in watter mate die gesinsverhoudinge in geïdentifiseerde swart kerngesinne in Ikageng, voldoen aan die vereistes vir harmoniese en gesonde ouer-kind-opvoedingsverhoudinge (vergelyk paragraaf 2.7 en Bylae B).

3.5.2.2.6 Samevattende gedagtes

Gesien teen bogenoemde uiteensetting van die hedendaagse half-verwesterde swartmens se lewens- en wêreldbeskouing, dien die bevindinge van Mbiti (1969:xi) as 'n uitstekende samevatting :

"It would be wrong to imagine that everything traditional has been changed or forgotten so much that no traces of it are to be found. If anything, the changes are generally on the surface, affecting the material side of life, and only beginning to reach the deeper levels of thinking pattern, language content, mental images, emotions, beliefs and response in situations of need."

Hierdie stelling kan natuurlik nie op al die hedendaagse swartmense van toepassing gemaak word nie; die mate waartoe die swartman van vandag verwesters het, verskil van individu tot individu en ook van plek tot plek. Wanneer die aandag dan op 'n spesifieke bevolking gerig is - soos die Tswana in hierdie navorsing - tree die noodsaaklikheid van 'n empiriese ondersoek duidelik na vore (vergelyk Bylae B, vrae A4.2, A5, A8 en A9 asook vrae D2 en D3). Die Christendom en Westerse kultuur het nietemin reeds die lewens van die meerderheid swartmense in Suid-Afrika op een of ander wyse beïnvloed (Reyneke, 1971:107); godsdienstige invloede het sonder twyfel die grootste invloed op die lewenspatroon van die swartmense oor die algemeen gehad (Van der Walt & Postma, 1987:116).

Ten slotte moet die stelling van Van der Walt en Postma (1987:117) in gedagte gehou word sodat 'n volslae identiteitskrisis nie by die hedendaagse swartmense ontwikkel nie. Hulle stelling dat enige vorm van sintese-godsdiens tussen die tradisionele godsdiens en die Bybelse Christendom, in beginsel van die hand gewys moet word, maar dat tegelykertyd gewaak moet word om nie die swartman totaal van die waardevolle en betekenisvolle elemente in sy kultuur, te vervreem nie, is baie belangrik. Dít wat die swartman steeds waardevol ag - ten spyte van Christelik-Westerse waardes wat oorgeneem is - moet behoue bly; mits dit van alle heidene elemente gesuiwer is. Die ondersoek van Jansen van Rensburg (1974:vii) onder 'n groep stedelike, professionele vroue in Pretoria, het die geldigheid van bogenoemde stelling bevestig. Daar is onder andere bevind dat die meerderheid van hierdie vroue steeds trots is op sekere van hulle tradisies en bronne van herkoms - "They believe that the best from traditional culture must be retained and combined with the best from Western culture."

#### 3.5.2.3 Invloed van die Christendom en Westerse kultuur op die tradisionele swarte se opvoedingsgedagtes

3.5.2.3.1 Inleiding

Volgens Van der Walt en Postma (1987:90) het verwestering vir die meeste swartmense 'n totale verandering meegebring waardeur al die fasette van hulle lewe, ook die siening van opvoeding, beïnvloed is. Waar hierdie navorsing die toereikendheid van ouer-kind-opvoedingsverhoudinge in Ikageng wil toets, is dit belangrik om te let op die opvoedingsgedagtes van die half-verwesterde swartmense.

Wat die opvoedingsgedagtes van die hedendaagse half-verwesterde swartmens betref, word gekyk na die wese (paragraaf 3.5.2.3.2), en doel (paragraaf 3.5.2.3.3) van opvoeding en opvoedende onderwys, die situasie van die opvoedeling in die stad (paragraaf 3.5.2.3.4), die opvoeders (paragraaf 3.5.2.3.5), die skool (paragraaf 3.5.2.3.6), ouer-kind-opvoedingsverhoudinge (paragraaf 3.5.2.3.7) en die siening van senioriteit, gesag en dissipline (paragraaf 3.5.2.3.8).

3.5.2.3.2 Die wese van opvoeding en opvoedende onderwys

Waar opvoeding van die swartmense in die tradisionele stamverband in wese gaan oor die aanleer van stamtradisies en die uiteindelike bekleding van die korrekte posisie as volwassene in die gemeenskap (vergelyk paragraaf 3.4.5.2), het Westerse invloede veroorsaak dat individualiteit en onafhanklikheid - in teenstelling met groepsgebondenheid - belangrik geword het (Van der Walt & Postma, 1987:115).

Wat opvoedende onderwys betref, het die swartmense deur die proses van verstedeliking in kontak gekom met Westerse standaarde van rykdom en sosiale status (Gazendam, 1990:66). Volgens Hutt, soos aangehaal deur Gazendam (1990:66) het die swartmense in die Potchefstroom-ondersoek bewus geraak van nuwe moontlikhede "through contact with knowledge, resources, and opportunities of the Western world ".

Opvoedende onderwys handel dus vir die half-verwesterde, verstedelikte swartmens in wese oor die verkryging van individuele status en geleerdheid waardeur 'n beroep in die industriële samelewing moontlik gemaak word. Hierdie wese van opvoeding is in teenstelling met die tradisionele wese van opvoedende "onderwys" waar volwaardige lidmaatskap van en gebondenheid aan die stam belangrik is (vergelyk paragraaf 3.4.5.2). In die stedelike opset is die wese van opvoedende onderwys dus redelik eensydig, aangesien dit vir die meeste swart ouers net daaroor gaan dat hulle kinders geleerdheid moet ontvang waardeur 'n bestaan in die industriële samelewing moontlik gemaak word.

3.5.2.3.3 Die doel van opvoeding en opvoedende onderwys

Met die invoering van die sendingonderwys en later staatsbeheerde onderwys onder die swartstamme in Suid-Afrika, het Westerse opvoedingsideale via die sending in die onderwys aan swartmense begin toepassing vind (Woudstra, 1973:9).

Die hedendaagse swartman is in vele opsigte besig om te verander; hy moet aanpas by 'n Westerse samelewing wat self daagliks aan die ontwikkel is. "In a changing society it is essential that the changing personality acquire an own identity and an understanding and acceptance of personal duty and responsibility." (Van den Berg, 1978:108).

Luthuli, soos aangehaal deur Van der Walt (1986:2), sluit by bogenoemde stelling aan deur die doel van opvoeding vir die hedendaagse swartman, wat homself in die proses van verwestering bevind, soos volg te stel:

"...the task of education, with respect to the new image of adulthood in an open and Westernised society, is to bring the person to an awareness of his individual obligations, to make him conscious to the new demands of propriety, and finally to guide him towards the recognition of his responsibilities..."

Die doel van opvoeding is dus vir die half-verwesterde swartmens om persoonlike verantwoordelikheid aan te leer en om sy verpligtinge as individu in 'n komplekse samelewing na te kom. Op dié manier sal vooruitgang en stabiliteit in die samelewing bevorder word, aangesien almal gelyke geleenthede het om deur harde arbeid sukses te behaal.

### 3.5.2.3.4 Die opvoedeling

Wat opvallend van die half-verwesterde swart ouer is, is dat die meerderheid nie belang stel in 'n groot gesin nie (Gazendam, 1990:82). Die hoë lewenskoste word as rede hiervoor gegee. Die kind word dus in die stedelike swart gesin nie meer gesien as enigste teken van rykdom soos in die tradisionele stamopset nie (Gazendam, 1990:82).

Die hedendaagse swart kind is besig om volwasse te word binne 'n samelewing wat die Westerse kultuurvorm vergestalt (Woudstra, 1973:61). Dit is dan ook die swart kind wat die meeste ly as gevolg van die oorgangstydperk vanaf die tradisionele stamtradisies na die Westerse kultuur waarmee hy op skool en in die stad in aanraking kom. Die opvoedeling leef dus eintlik in 'n tydperk van verwarring; by die huis word hy soms nog gekonfronteer met heelwat van die stamtradisies waaraan sy ouers steeds glo en hierdie konfrontasie maak die verwerking van Westerse waardes wat hy by die skool leer, moeiliker (Woudstra, 1973:62). In dié gevalle waar die Westerse gebruike wel vir die swart kind aanvaarbaar begin raak, bring dit weer verwydering tussen hom en sy ouers (vergelyk paragraaf 3.5.4.2).

### 3.5.2.3.5 Die opvoeders

Die hedendaagse swart ouer is deeglik onder die indruk van die noodsaaklikheid van goeie opvoeding vir sy kind in 'n komplekse industriële samelewing. Ouers maak groot finansiële opofferings om hul kinders op skool te hou (Schapera, 1967:186). Menige swart ouer in die stedelike gebiede sien opvoeding en onderwys

as 'n middel tot mag; 'n waarborg vir 'n goeie beroep.

Die ondersoek in die Potchefstroom-omgewing bevestig bogenoemde stelling: die meerderheid swart ouers wil hê dat hulle kinders moet skoolgaan, leer en hulleself bekwaam en dat hulle selfs beter daaraan toe moet wees as die ouers self (Gazendam, 1990:66).

Die ouers wil graag sien dat hulle kinders skoolgaan en geleerdheid verwerf sodat hulle genoeg geld sal kan verdien. In die meeste gevalle is die rede hiervoor dat die ouers nie wil hê dat hulle kinders finansieel so moet sukkel soos hulle as ouers nie en dat hulle goed vir hulle gesinne moet kan sorg (Gazendam, 1990:71 ; Jansen van Rensburg, 1974:212).

Wat die rol van die moeder as opvoeder betref, word die situasie dikwels bemoeilik vanweë die feit dat die meerderheid swart vroue in die stede soggens vroeg werk toe vertrek en eers weer in die aand tuis kom. Uit die Potchefstroom-ondersoek van Gazendam (1990:90) blyk dit dat sommige vroue by hulle ouers inwoon, óf hulle kinders by 'n ander vrou laat wat nie noodwendig familie is nie. Op hierdie wyse word daar na die kinders omgesien terwyl die moeders werk (Gazendam, 1990:90).

Die meeste vroue in die stede is dus ekonomies aktief (Gazendam, 1990:90). Daardeur verkry hulle meer selfvertroue, is hulle minder afhanklik van hulle mans en neem hulle gevoel van verantwoordelikheid toe. Die moeder is steeds - net soos in die stamopset - in 'n groot mate vir die opvoeding van die kinders verantwoordelik. Haar verantwoordelikheidsbesef het in die stedelike opset met sy hoë eise nóg meer toegeneem.

Wat die rol van die vader as opvoeder betref, het daar in sommige opsigte veranderinge vanaf die tradisionele na die half-verwesterde situasie ingetree (Gazendam, 1990:92). In die tradisionele opset was die vader die meeste van die tyd besig om te jag en na sy vee om te sien. Hy was dus nie in so 'n groot

mate as die moeder vir die opvoeding van die kinders verantwoordelik nie (paragraaf 3.4.5.5) (Motshologane, 1974:80). In die verstedelikte opset het daar egter sekere veranderinge ingetree. Die man en vrou word nou as ewe verantwoordelik vir die opvoeding en dissiplinering van die kinders beskou (Motshologane, 1974:80,90). Die rede wat oor die algemeen vir hierdie nuwe beskouing van die ouerlike opvoedingstaak gegee word "is that the children belong to both parents and the parents, therefore, have equal responsibility in as far as their care and upbringing is concerned" (Motshologane, 1974:80). Volgens Schapera (1956:381) het hierdie situasie die vader van sy tradisionele rol as familiehoof ontneem. Dit is nou meer 'n geval van 'n gelykheidsverhouding tussen die man en vrou - sonder dat die vrou die man se plek begin inneem, of andersom (paragraaf 3.5.3.2.7). Uit 'n ondersoek van Strijdom en Van der Burgh (1980:35) blyk dit dat dié vaders wat al verder in die verwesteringsproses gevorder het, hulself in 'n groter mate mede-verantwoordelik vir die opvoeding van hulle kinders sien as vaders wat nog meer aan die tradisionele opvoedingsgebruike vashou.

Dit is in hierdie stadium belangrik om te noem dat die bevindinge waarvan in die bostaande paragrawe melding gemaak word en wat in die res van paragraaf 3.5.2.3 nog genoem gaan word, geen definitiewe antwoorde op die probleemvrae van hierdie navorsing bied nie. Daar mag ook nog geen veralgemenings gemaak word nie. 'n Volwaardige empiriese ondersoek sal eers geloods moet word alvorens algemene afleidings, gevolgtrekkings en antwoorde rakende die probleme van hierdie navorsing gegee sal kan word (paragraaf 5.2.2).

Wat betref die rol van die onderwysers as opvoeders van die kinders, voel die meerderheid van die ouers in die Potchefstroom-ondersoek van Gazendam (1990:100) dat die onderwysers nie alleen die verantwoordelikheid vir hulle kinders se opvoeding moet dra nie. Die ouers voel dus die verantwoordelikheid vir die opvoeding van hulle kinders sterk aan. Die onderwysers in swart skole het op hulle beurt 'n groot verantwoordelikheid, aangesien heelwat

van die hedendaagse swart jeug 'n kulturele identiteitskrisis beleef (paragraaf 3.5.4.2).

3.5.2.3.6 Die skool

Inisiasie en ritueel het feitlik geheel en al uit die lewens van die hedendaagse Tswana verdwyn (Erasmus, 1970:219). Geleerdheid, tegniese vaardigheid, kennis en persoonlike ontwikkeling het onder Westerse invloed van groter belang en noodsaakliker geword as die aanleer van stamtradisies en korrekte skakeling in die gemeenskap. Soos Phillips (1940:147) dit stel : "Schooling after the Western pattern must of necessity, take the place of the former training in the tribe."

Die formele skoolwese wat deur die Westerling as vanselfsprekend aanvaar word, is egter in vele opsigte vreemd aan die tradisionele kultuur van die swartman (Van der Walt, 1886:4). In die stamomgewing het individuele prestasie 'n geringe rol gespeel; die Westersgeoriënteerde skool in die swart gemeenskap lewer in hierdie verband ernstige probleme vir die swartman omdat die skool in vele opsigte om hoogs kompeterende eksamens en individuele verskille wentel (Van der Walt, 1986:6).

Vanweë die hoë eise wat die industriële samelewing aan die swartmense stel, is dit egter noodsaaklik dat hierdie mense in die skole opgelei word om 'n staanplek in die komplekse samelewing te verkry. Die skool moet die swartmens in staat stel om die norme en waardes van 'n verwesterde samelewing te beheers (Luthuli, soos aangehaal deur Van der Walt, 1986:3)(vergelyk paragraaf 3.5.2.4).

Die skool is vir die half-verwesterde swartman die waarborg van vooruitgang en ekonomiese vordering en word as essensieel beskou vir sukses in die huidige samelewing (Gazendam, 1990:97).

3.5.2.3.7 Ouer-kind-opvoedingsverhoudinge

Volgens Schapera (1956:381) is daar 'n merkbare verandering in die verhouding tussen ouer en kind in die half-verwesterde situasie. Die periodieke migrasie van die mans na die stede om werk te soek ontneem die kinders "from paternal authority for months on end". Hierdie situasie het 'n negatiewe uitwerking op die gesagsverhouding tussen veral die vader en die kind (paragrawe 3.5.2.3.8 en 3.5.4.3).

In die hedendaagse verstedelikte swart gesin is dit soms die geval dat die ouers op 'n laer geletterdheidsvlak as die kinders verkeer; bloot vanweë die feit dat die kinders onderwys ontvang in Westers-georiënteerde skole wat die ouers - wat meestal op die platteland groot geword het - nooit kon bywoon nie en waarmee hulle meestal ook geen kontak het nie. Die kulturele, sosiale en ekonomiese waardes van die ouerhuis verskil dan dikwels van dít wat in die skool oorgedra word (Van der Walt, 1986:7). In talle gesinne is daar feitlik geen aansluiting tussen die belangewêreld van die ouers en dié van hulle kinders nie. Op dié wyse ontwikkel daar geen gemeenskaplike denke, insigte en belangstellings tussen ouers en kinders nie (Steyn <u>et al</u>., 1990:300). Die situasie soos wat dit sopas geskets is, lei in sommige gevalle tot disharmonie in die verhoudinge tussen ouers en kinders (vergelyk Bylae B, vrae B15 en B16).

Hierdie toedrag van sake werk soms negatief in op veral die gesagsverhouding tussen ouer en kind (paragraaf 3.5.2.3.8). Aangesien die kinders agterkom dat hul ouers in sommige gevalle ongeletterd is en nog baie van die tradisionele stamgebruike aanhang, begin die aansien van die ouers in die oë van die kinders afneem (Schapera, 1967:187).

Tussen die vader en kinders is die verhouding tradisioneel formeel waar die vader deurgaans gehoorsaamheid en ontsag van sy kinders verwag (Gazendam, 1990:94). Daar is in die Potchefstroom-ondersoek van Gazendam gevind dat die meer verwesterde vader tog

in sommige gevalle meer intieme verhoudings met hul kinders het. Die streng patriargale stelsel is in sulke gevalle besig om te vervaag. In ander gevalle is die vaders soms maande van die huis afwesig en is dit moeilik om 'n intieme verhouding tussen vader en kind te laat ontwikkel (Steyn et al., 1990:299).
Wat betref die verhouding tussen die moeder en haar kinders, blyk dit dat die moeder oor die algemeen redelik nou saam met haar kinders leef (Gazendam, 1990:95); selfs al is sy vir 'n groot gedeelte van die dag met arbeid van die huis afwesig. Aangesien die vader dikwels weens werksomstandighede min kontak met sy kinders het, word die handhawing van dissipline dikwels in 'n groot mate in die hande van die moeder gelaat. Sy vind dit moeilik om alleen die gesagspersoon te wees; ook omdat dit in stamverband die gebruik was dat veral die familielede aan die vader se kant met die dissipline van die kinders gehelp het (Steyn et al., 1990:299).

In die stedelike opset het die verwantskapsisteem verval (paragraaf 3.5.3.2.2) en is dit vir die ouers moeilik om sonder die ondersteuning van die wyer verwantskapsgroep die nodige gesag oor die kinders te handhaaf. Die feit dat die moeder dan nog dikwels vanweë omstandighede alléén die taak van dissipline moet kan uitvoer, vererger die probleem van gesagshandhawing nog verder. Losgemaak uit die wyer gesagstruktuur van die verwantskapsgroep, berus die gesag in die gesinne in die stede by die man en vrou in enkele gesinsverband; die man en vrou is in baie gevalle sélf nog onseker en wanaangepas in die stadsomstandighede (Durand, 1970:35).

Sonder om te veralgemeen lyk dit asof die tradisionele senioriteitsbeginsel en die formele gedragsreëls wat daarmee gepaard gaan , grootliks in die stedelike omgewing verval het (Steyn et al., 1990:299). Daar word wel van die kind verwag dat hy sy ouers sal respekteer en hy word ook gestraf indien hy oortree, maar die voorgeskrewe reëls van die verwantskapsisteem en breë familie het verdwyn. In sommige opsigte het die verdwyning van die reëls van die verwantskapsisteem 'n positiewe

uitwerking, aangesien dit die ouers as primêre opvoeders dwing om eie verantwoordelikheid vir die opvoeding van hulle kinders te neem. Aan die negatiewe kant kan egter genoem word dat heelwat van die swart ouers aanvanklik wanaangepas voel in die stede voel en dat dit maklik tot 'n wankelrige ouer-kind-gesagsverhouding kan lei (vergelyk bostaande paragraaf). Verder het daar in die meeste gevalle nog geen plaasvervangende gedragsreëls tot stand gekom nie en dit dra by tot die heersende gesagskrisis in baie van die hedendaagse swart gesinne in die stede (vergelyk paragraaf 3.5.4.3).

Daar kan dus gesien word dat die situasie rondom ouer-kind-opvoedingsverhoudinge in die stedelike gebiede, in sommige gevalle wankelrig is as gevolg van die vreemdheid van Westerse samelewingstrukture en opvoedingsgedagtes en die ontwrigtende uitwerking wat sommige aspekte van die proses van verstedeliking op die tradisionele swartmense het (paragraaf 3.5.3).

3.5.2.3.8 Senioriteit, gesag en dissipline

As gevolg van die trek van heelwat swartmense na die stede, het enkelinge sowel as gesinne wegbeweeg van die onmiddellike gesagsfeer van die tradisionele verwantskapsgroep en stamstruktuur (Gazendam, 1990:104). In die stad het die swartman kontak gemaak met die gesagstruktuur van die blankes, onder andere soos wat dit in gesinsverband gehandhaaf word (vergelyk paragraaf 2.7.3)

Die gesagstruktuur in die swart gesin is deur hierdie kontak verswak aangesien die Westerse gesagstruktuur vreemd is aan die tradisionele kultuur - met sy afhanklikheid van die maatskaplike beheermaatreëls van die verwantskapsisteem aan die een kant en die dissiplinerende werking van die inisiasieskole aan die ander kant. Die tradisionele verwantskapsisteem en die inisiasieskole het onder Westerse invloed meestal verdwyn en bestaan nie meer soos in die stamverband nie (paragrawe 3.5.3.2.2 en 3.5.2.3.6). Gevolglik het daar onder die hedendaagse swart jeug 'n neiging

tot onverantwoordelikheid en 'n ongedissiplineerdheid ontstaan (Jansen van Rensburg, 1974:212 ; Schapera, 1967:49). Hierdie negatiewe houding van die swart jeug word onder andere gemanifesteer in losbandigheid, sedeloosheid en opstand teen gesag - ook en **veral** ouerlike gesag (vergelyk paragraaf 3.5.4.3).

"The weakening of parental control and the removal of many of the old sanctions have given the younger generation a greater sense of freedom than they formerly enjoyed." (Schapera, 1967:50.) Hierdie nuwe vryheid is dikwels vir die jong swartmense vreemd en hulle weet nie hoe om dit te hanteer nie. Die vryheid word dan dikwels sonder verantwoordelikheid misbruik.

In die stedelike gesinne het Gazendam (1990:104) bevind dat daar steeds, soos in die tradisionele stamopset, 'n volstrekte gehoorsaamheid van die kinders aan hulle ouers verwág word. Sonder om te veralgemeen lyk dit dus asof die meeste van die half- verwesterde ouers - soos ondervra in die ondersoek van Gazendam (1990:130) - wil hê dat hulle kinders gehoorsaam moet wees en hulle besef ook dat strafmaatreëls deel van die opvoedingstaak is. Die probleem ontstaan egter by die praktiese uitoefening van gesag en dissipline deur die ouers.

Op grond van bevindinge van Gazendam en ander navorsers (Schapera, 1967 ; Jansen van Rensburg, 1973 ; Steyn et al., 1990 ; Erasmus, 1970 ; Motshologane, 1974 ; Strijdom & Van der Burgh, 1980) lyk dit dus asof daar sprake van 'n gesagskrisis in 'n groot aantal van die hedendaagse swart gesinne kan wees (paragraaf 3.5.4.3). Alvorens daar egter enige afleidings gemaak kan word of antwoorde op die probleemvrae van hierdie navorsing gevind kan word, moet 'n empiriese ondersoek wat aan die vereistes en doelstellinge van hiérdie navorsing beantwoord, eers uitgeoefen word (Bylae B, vrae B10 tot B13).

3.5.2.3.9 Samevattende gedagtes

Na aanleiding van die gegewens in voorafgaande paragrawe, lyk dit

asof 'n groot aantal van die swartmense wat in 'n half-verwesterde toestand verkeer, se opvoedingsgedagtes 'n vermenging van tradisionele en Westerse idees is. Hoewel baie van die swart ouers nie van die tradisionele wil vergeet nie, kom dit voor asof die meerderheid onder die besef is dat skoolopleiding en dit wat die Westerse tipe skool vir hulle kinders kan bied, belangrik is vir die toekoms van hulle kinders in 'n industriële samelewing.

Die stelling kan gewaag word dat hoe meer verwesters die ouers is, hoe belangriker word skoolse en ook naskoolse opleiding van hulle kinders vir hierdie ouers (Gazendam, 1990:129).

3.5.2.4 Die plek en taak van Christelike opvoeding en onderwys in die godsdienstig-kulturele oorgangsfase van die hedendaagse swartman

Dit is noodsaaklik dat die swart kind in die hedendaagse samelewing blootgestel moet word aan opvoeding en onderwys sodat hy daardeur as volwassene 'n staanplek in die land se ekonomie, politiek, industrie en dies meer kan verdien (Van der Walt & Postma, 1987:116). Hierdie opvoedingsproses gaan met sekere probleme gepaard. As gevolg van die bepaalde terrein waaroor hierdie navorsing handel, word daar nie in besonderhede op die talryke probleme wat tans in die swart onderwys ondervind word, gekonsentreer nie.

Waaraan wel aandag gegee moet word, is die feit dat die hedendaagse swartman - volwassene en kind - dringend hulp nodig het ten einde die suksesvolle oorgang na 'n Westerse lewenswyse te verseker. Die plek en taak van opvoeding en onderwys aan die swartmense in Suid-Afrika staan in die huidige tye hoog bo-aan die lys van prioriteite wat in landsbelang is.

Godsdienstige veranderinge in die lewe van die tradisionele swartmense het onder invloed van die Christendom en Westerse kultuur die grootste invloed op die lewe van die swartmense gehad (Van der Walt & Postma, 1987:116). Hierdie godsdienstige

veranderinge moet dan ook in die opvoeding en onderwys aan die swartmense gereflekteer word; vir die Christen beteken dit dat die Woord van God gebruik moet word om rigting aan elke aspek van opvoeding en onderwys te gee.

Die formulering van 'n duidelike en positiewe Christelike opvoedingsfilosofie waarin die beeld van die swartman as ware Christenmens figureer, dien as een van die belangrikste take van Christelike fundamenteel-opvoedkundiges (Van der Walt & Postma, 1987:117). Swart opvoedkundiges en opvoeders het self 'n belangrike verantwoordelikheid in die neem van inisiatiewe en aksies vir die vorming van 'n eie opvoedingsfilosofie wat inpas by die hedendaagse swartmens in sy half-verwesterde ontwikkelingstadium.

Die opvoedingsfilosofie van die swartmense behoort voortdurend aangepas te word soos wat hierdie mense al meer aanpas by die Westerse manier van dink en doen sodat uiteindelik 'n eie, selfstandige manier van dink en doen ontwikkel word. Dit is egter nie nodig of aanvaarbaar dat die swartmense se opvoedings=filosofie geheel en al van alle kultuurwaardevolle elemente ontdaan word nie; as dit gedoen word, sal die unieke kultuur van die swartmense wat nét so veel bestaansreg het as die Westerse kultuur, doodgedruk word. Deur Christelike opvoeding en onderwys moet 'n Christelike opvoedingsfilosofie by die swartman in sy kulturele oorgangsfase tuisgebring word wat aan hom rigting gee, sodat humanisties-materialistiese oogmerke en godsdienstige dwaalleringe - wat deel uitmaak van die Westerse kultuur - nie 'n houvas op hom kry nie (vergelyk paragraaf 3.5.2.2.2). Daar is vir die Christen net één manier om die verwarring wat dikwels onder die swartmense op die terrein van die godsdiens bestaan, hok te slaan; en dit is om die opvoeding en onderwys te fundeer op die enigste, ware bron van kennis en gesag - naamlik die Bybel (Van der Walt & Postma, 1987:116).

Die onderwyser by swart skole het 'n geweldige groot verantwoordelikheid om die swart kind in die kulturele

verdeeldheid waarin hy verkeer met simpatie te hanteer en hom nie in sy vervreemding van sy ouers te versterk nie, maar eerder te help om sy ouers beter te begryp en ook om die ouers betrokke te kry by skoolaangeleenthede.

Die taak van opvoeding van en onderwys vir die swartmense van Suid-Afrika is om die kinders 'n besef van persoonlike plig en verantwoordelikheid te gee sodat hulle 'n staanplek in die veeleisende industriële samelewing sal kan verwerf (Van den Berg, 1978:108). Waar individuele mededinging en persoonlike prestasie in die tradisionele stamverband 'n geringe rol speel, beklee hoogs kompeterende eksamens en individuele prestasie in die Westers-georiënteerde skool 'n belangrike plek (vergelyk paragraaf 3.5.2.3.6). Dit is veral ten opsigte hiervan dat opvoedende onderwys aan swartmense 'n belangrike taak het. Daardeur moet 'n beeld van volwassenheid aan die swartmense voorgehou word wat nadruk lê op persoonlike verpligtinge en gepaste gedrag in 'n komplekse Westerse samelewing, sonder prysgawe van die prysenswaardige sosiale omgee vir mekaar (Van der Walt, 1986:3).

Die swartman het 'n nuwe rol in die samelewing ontvang; hy is besig om 'n plek in die land se ekonomie, politiek, industrie en dies meer te kry. Opvoedende onderwys het die taak om onder andere deur die korrekte uitgangspunte, doelstellings en leerinhoude die swartman vir hierdie nuwe rol voor te berei (Van der Walt & Postma, 1987:116). Die ideaal bly steeds om die swartmense te begelei tot dit wat hulle graag self wil wees - miskien 'n eie unieke kultuur wat die mas ten volle kan opkom in 'n sogenaamde Westerse wêreld.

In die opvoeding van en onderwys vir swart kinders moet dáárdie elemente van die betrokke tradisionele kultuur wat nie in stryd is met die Bybel nie, behou word (Van der Walt & Postma, 1987). So word die kultuur van die swartmense nie sonder meer minderwaardig geag nie, maar word die kinders kultureel verryk en word hulle eie kultuur aangepas by die Westerse, industriële

samelewing, om sodoende die oorlewing van hierdie mense in 'n kultuur wat totaal anders is te verseker.

#### 3.5.2.5 Samevatting

Na aanleiding van die uiteensetting in voorafgaande paragrawe wat betref die invloed van die Christendom en die Westerse kultuur op die tradisionele swartmense van Suid-Afrika, kan die stelling gewaag word dat die swartmense oor die algemeen en die Tswana in die besonder, soos Grönum (1987:183) dit stel, "in 'n kulturele spanningstoestand tussen verandering en tradisie verkeer".

Dit is juis hier waar Christelike opvoeding en onderwys aan die swartmense so 'n belangrike plek inneem. Veral swart ouers as primêre opvoeders behoort sodanige opvoedende onderwys aan hulle kinders te gee en dit kan slegs geskied as ouer-kind-opvoedingsverhoudinge na wense is. Om hierdie rede is dit belangrik om empiries vas te stel wat die stand van sake ten opsigte van die toereikendheid al dan nie van die ouer-kind-opvoedingsverhoudinge in geïdentifiseerde kerngesinne in die swart dorp Ikageng is (Bylae B, vrae B5 tot B14).

Deur toereikende ouer-kind-opvoedingsverhoudinge kan koers gegee word aan die swartmense in hierdie land wat hulself tussen twee kulturele wêrelde bevind, die tradisionele aan die een kant en die Westerse kultuur aan die ander kant, sodat hierdie mense uiteindelik 'n staanplek in die Westerse samelewing kan kry sonder dat hulle geheel en al van hul oorspronklike tradisionele kultuur losgeruk word.

### 3.5.3 Die proses van verstedeliking en industrialisasie en die invloed daarvan op die tradisionele swartmens

#### 3.5.3.1 Inleiding

Ten einde die invloed wat die proses van verstedeliking op die tradisionele swartman gehad het te begryp, is dit essensieel om

'n breë definisie van "verstedeliking" te gee wat die belangrikste kenmerke daarvan vir die doel van hierdie navorsing uitlig. Kuper (1965:1) se definisie voldoen aan hierdie vereiste: "...urbanization is...more than a shifting of people from country to city...It entails also changes in distribution of power, interests, institutional arrangements, norms of conduct, and social values." Deur die proses van verstedeliking word die mens se manier van dink en doen verander om by die geïndustrialiseerde, stedelike opset aan te pas; stedelike waardes, gedragspatrone, organisasies en instellings word dominant (Haasbroek, 1985:6).

Soos in alle ontwikkelde en ontwikkelende lande is die verstedelikingsproses van die Suid-Afrikaanse bevolking 'n resultaat van ekonomiese vooruitgang (Durand, 1970:9). Een van die belangrikste kragte wat verstedeliking nog steeds voortstu, is industrialisasie en tegnologiese groei (Hugo, 1985:135 ; Durand, 1970:9).

Wat die aanvang van die verstedelikingsproses in Suid-Afrika betref, skryf De Ridder (1961:27) soos volg: "The history of this process, began with the discovery of gold on the Reef, when the first influx of Africans into the urban areas took place." Volgens Mabin, soos aangehaal deur Van der Walt (s.a.:8), sal 75% van die Swart bevolking van Suid-Afrika in die jaar 2000 verstedelik wees; teenoor die 39% wat in 1970 in stedelike gebiede woonagtig was.

Deur die verstedelikingsproses word die aanraking van die swartmense met die samelewingstruktuur van die blankes en die Westerse leefwyse versnel (Steyn et al., 1990:282). Dit gaan egter nie sonder probleme gepaard nie. Deur die proses van verstedeliking kom die swartmense te staan voor ekonomiese, sosiale en sielkundige uitdagings van 'n vreemde kultuur in die stad en word hulle gedwing om aanpassings in hul tradisionele leefwyse te maak wat onvermydelike gevolge vir die gesinslewe het (Strijdom & Van der Burgh, 1980:1). Motshologane (1974:31-32)

merk dus tereg op dat "the structure and function of the African family...have been greatly modified by industrialization and urbanization..."

Deur verstedeliking en gepaardgaande verwestering is nuwe denk- en gedragspatrone wat die ganse spektrum van die samelewing raak, aan die gang gesit. Wat in dié verband belangrik is om te noem, is die feit dat 'n gemeenskap se manier van dink en doen nou saamhang met die vlak van vooruitgang en modernisering in daardie betrokke samelewing. Soos Gutkind (1974:106) dit stel: "Traditional modes of conduct, in family and kin relations, are suitable in a traditional context..., but in the context of modernisation new patterns of thought and behaviour arise in response to change."

Vir die swartman in Suid-Afrika het die proses van verstedeliking vinnige en dikwels katastrofiese veranderinge - wat hy aan die begin nie kon verwerk nie - op byna al die terreine van die lewe veroorsaak (Booysen, 1985:20). Die Westerse kultuur waarmee die swartmense in die stede in aanraking gekom het (en steeds kom) is in vele opsigte vreemd aan die tradisionele stamkultuur van hierdie mense. Aanpassing by die vreemde kultuur vind dan dikwels stadig en moeilik plaas.

Waar hierdie navorsing die toereikendheid van ouer-kind-opvoedingsverhoudinge in die swart dorp Ikageng wil toets, is dit belangrik om kennis te dra van die verskeidenheid aanpassings wat die swartmense op verskeie terreine van die lewe in die stedelike gebiede moes maak (en steeds besig is om te maak). Slegs wanneer hierdie aanpassings in ag geneem word, kan die swartmense met begrip bejeën word ten opsigte van moontlike verhoudingsprobleme wat ondervind word tussen ouers en kinders. Opvoedingshulp behoort waar nodig, aan hierdie mense gegee te word om die harmonie tussen ouer en kind te herstel, of reeds bestaande harmonie tussen ouer en kind moet bestendig en uitgebou word tot beswil van die hele gemeenskap (paragraaf 5.2.3).

In die volgende aantal paragrawe word gekyk na veranderinge wat die samelewingsbeskouing en gesinslewe van die verstedelikte swartmense van Suid-Afrika ondergaan het en steeds ondergaan.

### 3.5.3.2 Veranderende samelewingsbeskouing en gesinslewe van die swartmense in die stad met spesifieke verwysing na die Tswana

#### 3.5.3.2.1 Inleiding

In die samelewingsbeskouing en gesinslewe van die hedendaagse swartman is daar tekens van 'n nuwe lewenstydperk en van kulture in 'n oorgangstydperk (Gazendam, 1990:59). Bruwer, soos aangehaal deur Gazendam (1990:59), vervolg deur te sê dat die nuwe ekonomiese eise en verspreiding van stamlede as gevolg van verstedeliking 'n onmiskenbare invloed uitgeoefen het (en steeds uitoefen) op onder andere die onderlinge gebondenheid van gemeenskapslede en verwantskapsgroepe op die huwelikspatroon en op die ontwikkeling van die individu binne die stamverband.

Volgens Gutkind (1974:103) is "the family the core institution of African society. If this is so it is likely to be a sensitive barometer of whatever changes have occurred in Africa". In die tradisionele stamopset is die kerngesin deel van die uitgebreide gesin; in die hedendaagse samelewing het die struktuur en funksionering van die kerngesin as 'n eenheid egter begin verander (Gutkind, 1974:103).

Vervolgens word gekyk na veranderinge wat die samelewing=struktuur, waaronder die verdeling van groepe (paragraaf 3.5.3.2.2), die huweliksgebruike (paragraaf 3.5.3.2.3), die gesinstruktuur (paragraaf 3.5.3.2.4), die gesinsverhoudinge (paragraaf 3.5.3.2.5), die funksies van die gesin (paragraaf 3.5.3.2.6) en die rol en posisie van man en vrou in die hedendaagse swart gesin (paragraaf 3.5.3.2.7) ondergaan het onder invloed van die verstedelikingsproses.

3.5.3.2.2 Verval van tradisionele groepe

Die proses van verstedeliking het die swartman van Suid-Afrika se lewe op verskeie gebiede beïnvloed. "Among the most readily observable is the differensiation of the people into new social classes." (Schapera, 1956:357.)

Een van die belangrikste implikasies van die feit dat die swartmense in die stad begin inskakel het by die industriële ekonomiese sektor, is dat dit bygedra het tot die ontwikkeling van strukturele differensiasie in die stedelike swart gemeenskap (Steyn et al., 1990:286). Daardeur het die tradisionele maatskaplike struktuur - wat die verdeling van groepe insluit - omvattende wysigings ondergaan. Dit het 'n proses van losmaking en ontbinding van die stam- en gemeenskapslewe tot gevolg gehad en in baie gevalle werk dit ontwrigtend in op die huweliks- en gesinslewe (Strijdom & Van der Burgh, 1980:2).

Die mees basiese wysiging is dat die verwantskapsisteem as basis vir die samelewingsordening in die stad verval het en dat die gesin as basiese eenheid meer geïndividualiseer geword het en nie meer so streng in die gedragsvoorskriftelike sisteem van die verwantskap ingebed is nie (Steyn et al., 1990:286 ; Bennett, 1980:120). Die onbuigbare reëls wat met die tradisionele verwantskapsisteem binne die stamstruktuur gepaard gaan, het in die stedelike opset - onder Westerse invloed - byna geheel en al verdwyn (Gutkind, 1974:120). Die verval van die tradisionele verwantskapsisteem eis egter in baie gevalle sy tol wat betref die opvoeding en dissiplinering van die kinders (Pretorius, 1982:111) (paragraaf 3.5.4.3).

Saam met die verval van die verwantskapsgroep as basis van sosiale organisasie, het van die sosiale groepe wat in die stam 'n belangrike rol in die handhawing van 'n geordende gemeenskapslewe speel, óf heeltemal verval, óf dit is indringend gewysig (Steyn et al., 1990:287). Die Potchefstroom-ondersoek van Gazendam (1990:52) bevestig hierdie wysigings wat ingetree het

deurdat die meeste swartmense wat ondervra is, glad nie geweet het waarvan gepraat is wanneer na 'n stam, 'n totemgroep, 'n verwantskapslinie, ensovoorts, verwys is nie. Met die verval of wysiging van hierdie groepe, het die belangrike beheermaatreëls wat kenmerkend van hierdie groepe is (vergelyk paragrawe 3.4.4.2 en 3.4.4.3) en waarop 'n geordende stamsamelewing gebou word, ook verval, of minstens drasties verminder (Steyn et al., 1990:287).

Steyn et al. (1990:287) noem ook nog die uitgebreide gesinstipe (vergelyk paragraaf 3.2.4), die stamskole en ouderdomsindelings as ander primêre groepe, waarin streng beheermaatreëls uitgeoefen is en wat dus bygedra het tot die handhawing van orde in die samelewing, wat met die proses van verstedeliking en verwestering gewysig is of geheel en al verdwyn het.

As gevolg van die verval van tradisionele groepe het daar onder die swartmense 'n vakuum in die maatskaplike struktuur ontstaan wat in baie gevalle daartoe lei dat daar nie ten volle in die behoeftes van die swartmense voorsien word nie (Steyn et al., 1990:314).

Dit is betekenisvol om daarop te let dat daar in die geledere van die swartmense self 'n nuwe tipe groepering ontwikkel het waarna as vrywillige assosiasies verwys kan word (Steyn et al., 1990:314). Dit is groepe wat totaal spontaan ontwikkel het met die oog daarop om die vakuum te vul wat deur die disintegrasie van die verwantskapsgroepe gelaat is. Hierdie groeperings is wel nie genoeg om as basis vir 'n stabiele maatskaplike orde te dien nie, maar voorsien nogtans in belangrike behoeftes van die swartmense wat andersins verwaarloos sou wees. 'n Groot verskeidenheid van organisasies het reeds in verskillende sektore van die swart samelewing ontwikkel en daar word in hierdie verband godsdienstige-, vryetyds-, wedersydse hulpverlenings- en belangstellingsorganisasies gestig (Steyn et al., 1990:314). Verder dien hierdie assosiasies as 'n belangrike oorgangstadium vanaf die verwantskapsisteem as basis van maatskaplike

organisasie na 'n struktureel gedifferensieerde samelewingstipe (Steyn et al., 1990:315).

Hierdie oorgangsproses is egter dikwels stadig en pynlik en daar bestaan op hierdie stadium weinig stedelike swart gemeenskappe met 'n volledig gedifferensieerde samelewing waar daar geen probleme met maatskaplike beheermaatreëls en gedragskodes bestaan nie (Steyn et al., 1990:289).

3.5.3.2.3 Veranderende huweliksgebruike

Waar die individu in die tradisionele samelewing eers volwasse status verkry wanneer hy in die huwelik tree, het hierdie statusgewende funksie van die huwelik in 'n groot mate in die stad verdwyn (Steyn et al., 1990:289).

Wat die keuse van huweliksmaats betref, het die stad se individualistiese ingesteldheid ook sy stempel afgedruk; dit het grootliks 'n individuele saak geword wat op romantiese liefde, soos dit in die Westerse samelewing aangetref word, berus. Opvoedingspeil en 'n goeie karakter speel ook in baie gevalle in die keuse van huweliksmaats 'n rol, "but mutual love is the most important" (Jansen van Rensburg, 1974:vii). Gevalle waar jongmense in die huwelik tree nadat die ouers of verwante die vrou vir die man gekies het, is vandag in die stede baie seldsaam (Steyn et al., 1990:289 ; Gazendam, 1990:57 ; Goode, 1964:190).

Wat die oordrag van lobola betref, vind dit in die meerderheid van die swart huwelike in die stad nog steeds plaas (Steyn et al., 1990:291 ; Durand, 1970:39). Daar word egter gevind dat die aard en funksie van die lobola in die stad heeltemal verander het. Lobola en 'n kerklike seremonie word gewoonlik verkies (Jansen van Rensburg, 1974:vi).

Wat die aard van lobola betref, word dit in die stede in hoofsaak in die vorm van geld oorgedra (Steyn et al., 1990:292). Die materiële aspek word dus al hoe meer beklemtoon en dit verkry

gaandeweg 'n handelskleur (Durand, 1970:39). Waar die lobola-huwelik in sy tradisionele gestalte 'n ooreenkoms tussen twee families is, wat as waarborg vir die hegtheid en sukses van die huwelik dien (vergelyk paragraaf 3.4.4.4), het die lobola in die stad hierdie diepere betekenis verloor en word dit eerder as 'n las deur baie van die half-verwesterde swartmense beskou (Woudstra, 1973:51).

Verder word die lobola in die stede deur die jongman self bymekaargemaak; sy eie vader dra selde iets by. Hierdie verandering in gebruik lei dikwels daartoe dat jongmense bloot saamwoon en dit lei op sy beurt weer tot 'n vermeerdering in buite-egtelike geboortes en tot ondermyning van stabiliteit in die gesinlewe (Durand, 1970:39 ; Steyn et al., 1990:292). Nog 'n nadeel verbonde aan die feit dat die man self die lobola moet betaal, is dat hy dikwels al sy spaargeld daaraan bestee en dat die egpaar reg van die begin van die huwelik af met finansiële nood sit. Só 'n situasie bemoeilik die suksesvolle begin van 'n gesin.

Rondom die verandering in huweliksgebruike is dit nodig om kortliks stil te staan by die invloed wat die leerstellings van die Christelik kerk in verband met die huwelik op die swartmense se tradisionele huweliksgebruike gehad het en steeds het.

Ooreenkomstig die Christelike godsdienswaardes, word die huwelik as uiteraard monogaam beskou (vergelyk paragraaf 2.2.2.2). Die sisteem van poliginie, soos dit onder die tradisionele swartmense die gebruik is, word deur die Christelike godsdiens afgekeur. Indien 'n swarte die Christelike godsdiens aanvaar, word hy nie deur die kerk toegelaat om 'n poligame verhouding aan te gaan nie (Steyn et al., 1990:279 ; Schapera, 1967:51).

3.5.3.2.4 Veranderende gesinstruktuur

In die industriële samelewing het die gesinstruktuur verander van die uitgebreide gesinstipe na die kerngesin (Gutkind, 1974:106 ; Goode, 1964:188). Die rede vir hierdie verandering gaan hand aan hand met die eise wat die heersende ekonomiese sisteem aan die gesin stel. Die kleiner struktuur van die kerngesin pas beter in by die eise van die hedendaagse moderne, geïndustrialiseerde samelewing (vergelyk paragraaf 3.3.3.3).

Die swartmense het onder invloed van industrialisasie en tegnologiese vooruitgang na die stede begin verhuis; 'n proses wat steeds aan die gang is (Dubb, 1974:446). In die meeste gevalle was en is dit individue, of 'n huwelikspaar met of sonder kinders - eerder as die uitgebreide gesin - wat trek (Dubb, 1974:457). Dit lyk dus asof die gesinstruktuur van die swartmense in die stede meer in die rigting van die kerngesin neig, waar vader, moeder en kinders 'n enkele huis bewoon en 'n aparte eenheid vorm en waar verwante 'n minder belangrike rol speel (Steyn et al., 1990:306 ; Bennett, 1980:120).

Die gesinsgroottes in die stede is besig om kleiner te raak, aangesien hierdie mense insien dat "kwaliteit" in moeilike ekonomiese tye in minder kinders lê en nié in "kwantiteit" soos wat die tradisionele swartman glo nie (Van der Merwe, 1991) (vergelyk paragraaf 3.4.4.7). Die ondersoek van Gazendam (1990:85) bevestig hierdie stelling van Van der Merwe vir die grootste meerderheid van die Tswanas in die Potchefstroom-omgewing. Die meeste van die jong mense in hierdie gebied stel nie belang in groot gesinne nie. Hierdie situasie is egter nog nie die geval by die swartmense op die platteland nie (Van der Merwe, 1991) (vergelyk paragraaf 3.4.4.7).

Ter wille van volledigheid moet hier egter vermeld word dat daar wel faktore bestaan wat die stedelike swart gesin 'n ander aansig gee as díe van 'n suiwer kerngesin (Edwards, 1990:41). Só woon daar dikwels addisionele lede of ander persone by die gesin;

kleinkinders, veral die dogters se kinders, woon dikwels by die gesin en die afwesigheid van die vader of moeder of albei het 'n gebroke gesin tot gevolg. Hierdie navorsing is egter slegs gerig op die kerngesin, met 'n vader, 'n moeder en kinders wat 'n eie huis bewoon, aangesien die studie te omvattend word indien ook ingegaan word op die ander gesinsituasies wat bestaan. Dit skep dus die geleentheid vir verdere navorsing wat 'n voortvloeisel uit hierdie navorsing kan wees (vergelyk paragraaf 5.3).

Volgens Schapera (1967:60) word hierdie verandering in gesinstruktuur van die hedendaagse verstedelikte swartmense veral beïnvloed deur die verval van poligamie (vergelyk paragraaf 3.5.3.2.3). Verder is die huisvesting in die stad van so 'n aard dat daar nie vir twee vroue voorsiening gemaak kán word nie (paragraaf 3.5.4.5). 'n Ander belangrike faktor wat tot die verandering in gesinstruktuur bydra, is die feit dat die inkomste van swart arbeiders nie genoeg is om lobola vir twee vroue te betaal nie (Steyn <u>et al</u>., 1990:307).

Uit die ondersoek van Jansen van Rensburg (1974:vi) na die waardering van die huwelik en gesin deur 'n groep stedelike, professionele swart vroue in Pretoria, blyk dit duidelik dat die meerderheid van die swart vroue in dié omgewing nie meer in die voortbring van kinders vir die uitgebreide patriargale familie glo nie, maar dat klein kerngesinne verkies word. Die rede wat hierdie vroue aanvoer waarom hulle klein gesinne verkies "is so that they may provide their children with opportunities, including occupational training, to build a good future" (Jansen van Rensburg, 1974:vi).

3.5.3.2.5 Invloed van 'n gedifferensieerde ekonomie op gesinsverhoudings

Wat die hele patroon van die opvoeding van kinders tot volwasse ekonomiese deelname betref (vergelyk paragraaf 3.4.5.3), het daar in die stedelike milieu veranderinge ingetree. In die stedelike swart gesin is die man in hoofsaak die broodwinner - hoewel baie

vroue ook beroepsarbeid verrig - en die kinders word in die skole toegerus om selfstandig te gaan werk en só ekonomies onafhanklik van die gesin te funksioneer (Steyn et al., 1990:296). Hierdie toedrag van sake het 'n definitiewe invloed op gesinsverhoudings. Deurdat die kinders dikwels op 'n vroeë ouderdom gaan werk en aanvanklik 'n bydrae tot die gesinsinkomste maak - voordat hulle geheel en al selfstandig begin funksioneer - eis hulle die reg van onafhanklike optrede van hulle ouers; 'n faktor wat bydra tot die verswakking van ouerlike gesag (paragraaf 3.5.4.3).

In die half-verwesterde, verstedelikte situasie is albei ouers meestal vanweë die lae inkomstestruktuur buite die huis ekonomies bedrywig en in die meeste gevalle word die kinders lang ure aan hulleself oorgelaat (Gazendam, 1990:95) (paragraaf 3.5.4.4). Waar daar ouer kinders in 'n huis is, help hulle om na die jongeres om te sien en in sommige gevalle woon 'n ouma in. Vanweë die lang ure wat die ouers egter van die huis afwesig is, kan daar vermoedelik weinig sprake wees van gesonde gesinsverhoudinge (paragraaf 2.7) in die ware sin van die woord (Gazendam,1990:95) (Bylae B, vrae B7 en B17).

Volgens Motshologane (1974:25) het die feit dat baie van die hedendaagse swart ouers vanweë finansiële nood verplig is om te werk, 'n negatiewe uitwerking op gesinsverhoudinge. Hy stel dit soos volg: "The separation of home and work had profound effects on the day-to-day family life. It broke up the close and frequent interaction of husband and wife, parents and children."

3.5.3.2.6 Funksieverskuiwings binne die gesin

Verstedeliking het verskeie funksieverskuiwings binne die gesin veroorsaak : "Perhaps one of the most fundamental changes is that the African family, has lost some of its traditional functions while it has taken on new ones, i.e. it may have dropped some ritual and ceremonial functions and taken on new economic ones." (Gutkind, 1974:107-108.)

Die rol van die gesin in die hedendaagse swart gemeenskap kan kortliks aangedui word deur 'n samevatting te gee van die vernaamste funksieverskuiwings wat die gesin, in vergelyking met die tradisionele poligame gesinstipe, ondergaan het (Steyn _et al._, 1990:313). Wat egter belangrik is, is dat daar in geeneen van ondergenoemde gevalle sonder meer veralgemeen mag word nie.

* Waar die gesin in die stamlewe as ekonomiese eenheid opgetree het, met sowel 'n produksie- as verbruiksfunksie, het die gesin in die stedelike opset slegs 'n verbruiksfunksie.

* Hoewel die swart gesin in die blanke stedelike gebiede 'n voortplantingsfunksie het, hou die groot omvang van buite-egtelike geboortes 'n bedreiging in hierdie verband in. Die swart gesin in die stad het dus wel nog 'n voortplantingsfunksie, al is dit in baie gevalle bloot vanweë die feit dat buite-egtelike kinders altyd in 'n bepaalde gesinsverband opgeneem word. Die voortplantingsfunksie bestaan dus wel nog in teorie, maar funksioneer dikwels nie meer in praktyk soos wat dit moet nie.

* Aangesien die stedelike swart gesin nie meer selfonderhoudend is nie, is dit nie moontlik dat die gesin die kinders formeel vir deelname aan die ekonomiese stelsel kan voorberei nie. Hierdie funksie is deur die skool oorgeneem.

* Hoewel die stedelike gesin steeds verantwoordelik is vir die sosialisering van die kinders, word hierdie funksie nie altyd doeltreffend vervul nie omdat ouers dikwels weens omstandighede in die stede beheer oor hul kinders verloor het (paragrawe 3.5.4.3 en 3.5.4.4).

* Waar die status van die gesin in die tradisionele opset verkry word op grond van senioriteit en geslag, word dit in die stedelike gemeenskap verwerf deur die prestasie van die man ten opsigte van opvoeding, beroep en ekonomiese welvarendheid. Hierdie verandering bring heelwat spanning en druk mee wat

meestal 'n negatiewe uitwerking op die verhoudinge binne die gesin het.

* Die godsdienstige funksie word in heelwat van die hedendaagse stedelike swart gesinne binne kerkverband bevredig. Daar kan egter - net soos met al die ander funksies - geen veralgemenings gemáak word nie.

In die breë sou dit gestel kon word dat, met die verdwyning van die verwantskapsisteem as basis vir maatskaplike organisasie in die stad (paragraaf 3.5.3.2.2), die gesin in die hedendaagse samelewing 'n funksieverskuiwing ondergaan het in dié sin dat bepaalde funksies waarin vroeër in die konteks van die verwantskapsisteem voorsien is, nou in voorsien word deur ander strukture buite die gesinsverband (Steyn et al., 1990:313-314).

Van hierdie strukture wat ontwikkel het, is skole, kerke en ekonomiese organisasies die vernaamstes; alles strukture wat aan die blanke gedifferensieerde samelewing ontleen is en nog nie ten volle met die swart samelewing geïntegreer is nie (paragraaf 3.5.3.2.2).

Vanweë hierdie funksieverskuiwings binne die gesin is daar in heelwat van die hedendaagse swart gesinne 'n gebrek aan sosiale, emosionele en ekonomiese sekuriteit (vergelyk paragraaf 3.3.3.4).

#### 3.5.3.2.7 Veranderende rol en posisie van en verhouding tussen man en vrou in die stedelike swart gesin

Die tradisionele onderdanigheid en ondergeskiktheid van die vrou aan die man is besig om in die stad belangrike veranderinge te ondergaan (Gazendam,1990:90). Gutkind (1974:108) stel die verandering in roldifferensiasie wat in die verstedelikte swart gesin ingetree het soos volg: "...the role of particular members of the family is probably changing to allow for greater individualism, cooperation and equality between the sexes and between age groups."

Die veranderde posisie wat die vrou ten opsigte van die ekonomie inneem, het baie met die veranderde rol van die vrou te doen. Byna al die swart vrouens in die stede is ekonomies aktief (Gazendam, 1990:90). Uit die ondersoek van Jansen van Rensburg (1974:v) na die waardering van die huwelik en gesin deur 'n groep stedelike, professionele swartvroue in Pretoria - in vergelyking met tradisionele opvattinge - blyk dat die meerderheid van die vroue egter nie beroepsarbeid verkies bó die huwelik nie. 'n Beroep word wel in die meeste gevalle deur die vroue beklee, maar dit word hoofsaaklik beoefen ter wille van die ekonomiese en sosiale sekuriteit wat dit vir hulle en hul gesinne bring (vergelyk Cock et al., 1985:30). "Rising inflation, linked to rural collapse and the massive disorganisation of family life in contemporary South Africa lies behind the increasing employment of...black women generally in South Africa." (Cock et al., 1985:32.) Gesien teen hierdie agtergrond het heelwat van die swart vroue in die stede nie veel van 'n keuse of beroepsarbeid wel verrig moet word of nie; dit is noodsaaklik om 'n bestaan te kan maak in 'n komplekse samelewing. Hierdie toedrag van sake werk egter dikwels ontwrigtend in op die gesinslewe en veral op die opvoeding van die kinders (paragraaf 3.5.4.4).

Die meeste van die hedendaagse swart vroue in die stede het dus 'n dubbele rol om te vervul (Cock et al., 1985:31), naamlik dié van vrou, moeder en huishoudster aan die een kant, en dié van arbeider aan die ander kant (Pretorius, 1982:111 ; Hlatshwayo, 1988:6). Hierdie dubbele rol gaan met heelwat probleme gepaard, waarvan die belangrikste sekerlik die opvoeding van die kinders is.

Die meerderheid van die swart vroue in die ondersoek van Jansen van Rensburg (1974:vi) sien dit steeds as die primêre roeping van die vrou dat sy sal trou en kinders hê. Die vrou se status word egter nie meer soos in die tradisionele opset bepaal deur haar vermoë om kinders in die wêreld te bring nie (vergelyk paragraaf 3.4.4.7), maar eerder deur haar vermoë om 'n goeie beroep te beoefen en haar kinders goed groot te maak (Jansen van Rensburg,

1974:vi).

Die swart vrou staan in die verstedelikte opset meer gelyk met die man, maar erken wel dat hy die hoof van die huis is (vergelyk paragraaf 3.5.2.3.8). Uit die ondersoek van Jansen van Rensburg (1974:vi) waarna in die vorige paragraaf verwys is, lyk dit asof die meerderheid van die swart vroue in die stad die huweliks- en gesinslewe hoog ag en dat hulle van hul mans verwág om die posisie as hoof van die huis met waardigheid te beklee. Hierdie afleidings word egter met voorbehoud gemaak, aangesien die ondersoek van Jansen van Rensburg net 'n geselekteerde groep mense as teikengroep gehad het. Hoewel die man steeds as die hoof van die huis beskou word, is daar ten opsigte van belangrike besluite wat geneem moet word - veral besluite wat die gesinslewe raak - 'n groter mate van gelyke verantwoordelikheid tussen man en vrou as in die tradisionele stamopset (Motshologane, 1974:47).

Die Christelike godsdiens het wat die rol en posisie van man en vrou betref, 'n belangrike invloed op die swart gesinslewe uitgeoefen (Steyn et al., 1990:279). Die Christelike kerk gee net soveel reg en erkenning aan die man as aan die vrou en dieselfde morele standaarde geld vir albei. 'n Gelykmaking van status tussen man en vrou word op hierdie wyse bevorder. God het man en vrou van die begin af **gelykwaardig** geskape. Hy het ook die huwelik ingestel waarin man en vrou as 'n twee-eenheid mekaar sal aanvul (vergelyk paragraaf 2.2.2.2).

Vervolgens word gekyk na die vaderfiguur in die hedendaagse stedelike kerngesin en hoe dit verskil van sy eweknie in die voor-industriële tydperk. As gesinshoof was die vader in laasgenoemde tydperk ten volle beskikbaar vir en in beheer van sy vrou en kinders (Hugo, 1985:138). Min spanning is ervaar en die vader het nie bedreig gevoel in sy posisie as gesinshoof nie. Omdat die gesin as werkseenheid verdwyn het, verdien die hedendaagse vader sy inkomste hoofsaaklik buitenshuis en weg van die gesin. Die spanning wat hy dikwels in sy werksituasie ervaar, tesame met ander negatiewe faktore, soos lang afstande

wat na werksplekke afgelê moet word, lang werksure en lang tydperke weg van die gesin, veroorsaak dat die vader in sy tradisionele posisie as gesinshoof bedreig voel (Hugo, 1985:138). Die vader het dus nie dieselfde mate van outoriteit in alle gesinsaangeleenthede as wat hy in die stamlewe het nie en sy tradisionele status en gesag het vanweë die stedelike omstandighede in gedrang gekom (Durand, 1970:35). Hierdie drastiese vermindering in die status van die man hang ten nouste saam met die totale proses van verbrokkeling van die tradisionele maatskaplike orde (paragraaf 3.5.3.2.2) - en meer spesifiek van die verwantskapsgroepe wat deur die vaderlike linie bepaal is (Steyn et al., 1990:297).

Die verhouding tussen man en vrou binne die gesinslewe word ook deur die veranderde rol en posisie van man en vrou in die stedelike milieu beïnvloed. Namate die status van die man afgeneem het, het die status van die vrou dienooreenkomstig toegeneem (Steyn et al., 1990:297). Sy word nie soos in die stam as die man se minderwaardige beskou nie en hierdie veranderde posisie van die vrou beïnvloed ook die verhouding tussen man en vrou - 'n vaste patroon in dié verband is egter nie waarneembaar nie. Steyn et al. (1990:297) noem wel dat die verhoudings tussen man en vrou in die stedelike swart gesin oor die algemeen meer informeel en vry is as in die stamlewe. Die tradisionele skeiding tussen die geslagte het in 'n groot mate verdwyn sodat man en vrou, en ook ouers en kinders, meer intiem saam kan verkeer - dit wil sê as die feit dat beide ouers werk nie die intimiteit van gesinslede onder mekaar nadelig beïnvloed nie.

Op grond van die inligting wat uit gedane navorsing verkry is (waarvan daar van sommige in hierdie paragraaf melding gemaak is), kan die stelling gewaag word dat daar wesenlike veranderinge in die rol en posisie van man en vrou in die stedelike opset, veral ten opsigte van drie aspekte wat vir hierdie navorsing van belang is, ingetree het. Hierdie drie aspekte handel oor die gesag in die gesin, ekonomiese bedrywighede en in die laaste plek die versorging en opvoeding van die kinders. Daar is verder

vasgestel dat die verhouding tussen man en vrou verander het in 'n vennootskap van gelykes waarin die man en die vrou hul verantwoordelikhede met mekaar deel.

3.5.3.2.8 Samevatting

Uit voorgaande uiteensetting (paragrawe 3.5.3.2.2 tot 3.5.3.2.7) kan die afleiding gemaak word dat die hedendaagse swartmens in 'n aanpassingstydperk verkeer wat alle aspekte van sy lewe raak; óók en veral van belang vir hierdie navorsing, die gesinslewe. Die tradisionele samelewingstruktuur van die swartmense het dus nie onaangeraak gebly deur die proses van verstedeliking nie. Daardeur het onder andere die verwantskap- en gesinstrukture wysigings ondergaan.

Die meerderheid van die swartmense bevind hulle in 'n oorgangsfase tussen die tradisionele en die Westerse gesinsamestelling en -funksionering. 'n Nuwe lewenstyl en gesinsorganisasie moet aangeleer word wat by die komplekse industriële samelewing pas. Gutkind (1974:106) stel dit duidelik: "...the people must learn to handle contemporary situations in a contemporary manner." 'n Groot persentasie van die swartmense in die stede besef dan ook dat hierdie aanpassingsproses noodsaaklik is om te verseker dat hulle nie in die stad ten gronde gaan nie. Wat sentraal staan, is die feit dat die Westerse beskawingspatroon vir die swartman in die stad reeds 'n onvervreembare deel van sy daaglikse lewe geword het, waarsonder hy net nie 'n bestaansmoontlikheid het nie (Durand, 1970:2).

Verder het die swart samelewing in die stad nog nie 'n stabiele maatskaplike struktuur ontwikkel waarbinne die gesin 'n duidelik omlynde rol vervul, soos in die tradisionele samelewing wel die geval is nie (Steyn et al., 1990:312). Dit is gedeeltelik daaraan toe te skryf dat die verskuiwing na die stede nie plaasgevind het in maatskaplike eenhede wat bestand was teen die ontwrigtende invloed van die stadsomgewing nie. Inteendeel, dit was eerder 'n geval van verskuiwing van individue van uiteenlopende kulturele

herkoms wat dan as ontworteldes in 'n stamvreemde omgewing beland het (Steyn et al., 1990:313).

Die behoudende invloede van die stam is skielik onderbreek en vervang deur dinamiese stedelike invloede van Westerse oorsprong. Die stedelike omgewing stel veral eise op sosiale, kulturele en ekonomiese gebied en hierdie eise is heel dikwels vreemd aan die tradisionele kultuur van die swartmense. Verstedeliking gaan gepaard met verandering, aanpassing en modernisering (Gutkind, 1974:120). Deur verstedeliking kom die tradisionele swarte onder andere in aanraking met Westerse idees, met 'n Westerse opvoedingsfilosofie en 'n Westerse kapitalistiese ekonomie (Grönum, 1987:182) - alles vreemde beginsels vir die swarte wat in vele opsigte nog aan sy tradisionele manier van dink en doen gebonde is. Dat hierdie veranderings- en aanpassingsproses dikwels probleme in die lewens van die swartmense veroorsaak - en dan spesifiek in die gesinslewe van hierdie mense - is 'n feit en hierdie werklikheid word prakties onder die soeklig geplaas in paragraaf 4.4.

### 3.5.4 Probleme in swart gesinne wat verband hou met die proses van verstedeliking en gepaardgaande verwestering

#### 3.5.4.1 Inleiding

Veral sedert die oproer van 1976 in Soweto (Steyn, 190:4), word Suid-Afrika periodiek geteister deur voorvalle van opstande, geweld en oproer onder lede van die swart gemeenskappe (Van der Walt, 1986:1). Geweldpleging en sinlose aanvalle op onskuldige bus- en treinpendelaars - veral in die Randse swart woongebiede - het die afgelope tyd weer honderde mense se lewens geëis (Anon, 1991a:1-2). Dat politiek 'n sterk rol in die toedrag van sake speel, is 'n bekende feit, maar waar hierdie navorsing by uitstek fundamenteel opvoedkundig van aard is, word daar nie spesifiek ingegaan op die politieke sy van die geweldplegings nie. Daar sal slegs gepoog word om lyne te trek tussen die voorkoms van geweld onder sommige lede van die swart jeug en

disharmonie tussen ouer en kind aan die een kant, of vrede en stabiliteit in die gemeenskap en harmonie tussen ouer en kind aan die ander kant.

Hoewel hierdie navorsing gemik is op die gesinsituasie en veral op die verhouding tussen ouer en kind, kan die probleme wat op onderwysgebied ervaar word - en dan spesifiek op die gebied van skoolonderwys - nie oor die hoof gesien word nie. Die rede hiervoor is geleë in die feit dat die ouerhuis en die skool in 'n harmoniese gemeenskap veronderstel is om in noue samewerking met mekaar te verkeer. Waar hierdie samewerking ontbreek, ontstaan daar dikwels probleme in die gesinslewe. Spanning en uiteindelike verwydering tussen ouer en kind as gevolg van die ouer se onbetrokkenheid by die skool is maar een voorbeeld van so 'n probleem (paragraaf 3.5.4.2).

Vervolgens word enkele probleme wat die hedendaagse swartmense in die stede ondervind - wat veral die verhoudinge tussen ouer en kind nadelig beïnvloed - van naderby bekyk (paragrawe 3.5.4.2 tot 3.5.4.6).

3.5.4.2 Kulturele verdeeldheid

In die stedelike gebiede ondergaan die meeste van die jongmense nie meer die inisiasie en ritueel soos wat dit in die tradisionele stamopset die geval is nie (Woudstra, 1973:88). Stamgebruike en -tradisies word dus nie meer oorgedra nie. In baie gevalle ontstaan 'n leemte in die jongmense se lewens, aangesien hulle aan die een kant in die skool met die Westerse kultuur gekonfronteer word en aan die ander kant vervreem voel van die ou stamtradisies. Die jong stadsmens bevind hom onder sulke omstandighede tussen twee kulture; wat in die meeste gevalle tot 'n ernstige identiteitskrisis by die hedendaagse jong swartmens lei (Van der Walt, 1986:8).

Aangesien die ouer lede van die swart bevolking - waaronder 'n groot getal swart ouers tel - nog glad nie blootgestel was aan

skoolse opleiding nie, bestaan daar 'n gaping tussen die waardes en opvoedingsoogmerke van die ouerhuis en dié van die Westersgeoriënteerde skool (Van der Walt, 1986:7 ; Durand, 1970:33). Die feit dat die ouers terdeë bewus is van hul eie ongeletterdheid en dat dit verwydering tussen hulle en hul kinders bring, lei daartoe dat heelwat van die ouers 'n minderwaardigheidsgevoel teenoor hul kinders ontwikkel. Dié toedrag van sake lei in vele opsigte tot disharmonie in die verhouding tussen ouer en kind; veral wat betref die gesagsverhouding tussen ouer en kind (paragraaf 3.5.4.3). Verwarring ontstaan dan onder die swart jeug en onder invloed van politieke intimidasie, loop dit dikwels uit op geweld, opstand teen gesag en regstreekse vernietiging van skoolgeboue en onderrigfasiliteite (Van der Walt, 1986:9).

Die onderwysers aan swart skole in stedelike gebiede het 'n groot verantwoordelikheid om hulleself doelbewus daarop toe te lê om die swart leerling in sy kulturele verdeeldheid met begrip en simpatie te bejeën (paragraaf 3.5.2.3.5). Om hierdie rede behoort streng vereistes aan die onderwyser van die hedendaagse swart stedelike skool gestel te word. Van den Berg (1978:107) stel twee van hierdie vereistes soos volg: "...the teacher should know the background of each child intimately and have contact with the parents concerned, to enable him to involve the parents and other interested adults in the education of the pupils."

Om die kulturele identiteitskrisis suksesvol te oorkom, is onderrigprosedures wat die swart kind in sy verwarring tegemoetkom, baie belangrik. Gesien teen 'n agtergrond van tradisionele groepsgebondenheid, sou 'n klaskamersituasie waar leerlinge dikwels in groepe saamwerk, ideaal wees vir die ontwikkeling van selfvertroue, sodat daar uiteindelik op individuele basis uitgeblink word (Van den Berg, 1978:106). Die verantwoordelikheid vir geslaagde groepwerk rus swaar op die skouers van die onderwyser. Die ouers dra egter in hierdie verband ook 'n verantwoordelikheid; hulle moet die kinders by die huis aanmoedig om graag te wil presteer en hulself daardeur te

verryk. Die ouer en onderwyser behoort met mekaar saam te werk om die kind se selfvertroue te laat ontwikkel en hom uiteindelik so ver te kry dat hy op individuele basis uitblink. Dit is egter soms die geval dat die swart ouers ongeletterd is en om dié rede nie by die skool betrokke wil of kan wees nie (vergelyk Bylae B, vrae E1 en E3). Daar word egter nie verder ingegaan op ander sake wat met skoolonderrig te make het nie, aangesien dit buite die terrein van hierdie navorsing val.

Ouers as primêre opvoeders en onderwysers as sekondêre opvoeders is veronderstel om in noue samewerking met mekaar te verkeer vanweë hulle gemeenskaplike opvoedende belange by die kind (Postma, 1985:31). As primêre opvoeders het elke verbondsouer die plig om vas te stel of die gees en rigting van hulle kinders se skole ooreenstem met díe van die ouerhuise (Postma, 1987:113). Terselfdertyd moet sowel ouers as onderwysers presies weet wat elkeen se opvoedingstaak behels, sodat die een nie die ander se terrein oortree nie en sodat die areas waar samewerking moontlik én noodsaaklik is, geïdentifiseer kan word (Postma, 1985:31).

Omdat daar dan so 'n noue verwantskap tussen ouerhuis en skool behoort te bestaan, kan sommige van die probleme wat op onderwysgebied en in die gesinslewe bestaan, in verband gebring word met 'n gebrek aan sodanige verwantskap. In baie swart gesinne is die ouers op geen manier by die skool betrokke nie (Van der Walt, 1986:7 ; Coetzee, 1985:42).

As gevolg van die diskongruensie tussen die ontwikkelende ouerhuis en die volledig verwesterde skool, aanvaar heelwat swart ouers maar gelate dat wat die skool doen, reg en goed is. Hulle toon geen belangstelling of betrokkenheid in skoolaktiwiteite nie (Van der Walt, 1986:8 ; Coetzee, 1985:10).

Indien ouers meer betrokke kan raak by die skool en sélf ook opleiding ondergaan, sal die probleem van verwydering tussen ouer en kind, as gevolg van die verskil in ontwikkelingsvlakke, in 'n groot mate verlig word (vergelyk tweerigtingfrekwensies,

paragraaf 4.4.7.3). Daar moet geleentheid wees vir dié ouers wat nog ongeletterd is, om hulself tot op dieselfde ontwikkelingsvlak as hulle kinders te bekwaam. Die gesagskrisis (vergelyk paragraaf 3.5.2.3.8) wat in soveel van die hedendaagse swart gesinne heers, behoort ook op hierdie wyse verlig te word.

3.5.4.3 Die gesagskrisis

Die gesinslewe in die Westerse samelewing is 'n intieme samelewingsvorm met 'n eie struktuur en gesagsentrum (Durand, 1970:29). Dit is juis hier waar die half-verwesterde, stedelike swartman een van sy grootste probleme ondervind. Hy kan nog nie die gesinsverband - los van die groter familie- en stamverband - as 'n individuele struktuur onderskei en in alle opsigte beleef nie (Woudstra, 1973:52). Die gesin as 'n selfstandige en intieme eenheidskring waar die gesagstruktuur uitsluitlik draai om die verhouding tussen die ouer en die kind, bestaan nie in die lewe van die tradisionele swartman nie. Die uitoefening van gesag word opgeneem in die wyer gesagstruktuur van die verwantskapsgroep.

Deurdat die struktuur van die gesin in die stede verander het van die uitgebreide gesinstipe na die kerngesin, het die magsentrum vanaf die stamtotaliteit verskuif na die kerngesin en individu. Dit veroorsaak in baie gevalle ontwrigting in die gesinslewe van die swartmense (vergelyk paragraaf 3.4.5.7).

Nog 'n oorsaak van die gesagsprobleem wat menige van die hedendaagse swart ouers ervaar, is die feit dat beide ouers dikwels genoodsaak is om 'n beroep te beoefen (vergelyk paragraaf 3.5.4.4).

Bogenoemde situasies werk in baie gevalle ontwrigtend in op die gesinslewe van die verstedelikte swartmens. Gesinsontwrigting verdring die gevoel van vrywillige gesagsonderwerping, sekuriteit en vertroue in die toekoms. Waar die liefdevolle uitoefening van gesag en die ervaring van sekuriteit baie nou met gesonde persoonlikheidsontwikkeling saamhang, is dit onmoontlik vir 'n

kind se persoonlikheid om normaal te ontplooi waar beide gesag en sekuriteit ontbreek (Woudstra, 1973:54). Waar gesonde verhoudinge tussen ouer en kind wel bestaan, kry die kind geleentheid om normaal te ontwikkel en as volwassene suksesvol in te skakel by 'n komplekse samelewing.

In paragraaf 5.2.3 word opvoedingsriglyne voorgestel en word aanbevelings gemaak wat moontlike disharmoniese verhoudinge tussen ouers en kinders kan laat stabiliseer. Indien harmoniese verhoudinge tussen ouers en kinders geïdentifiseer word (Bylae B, vrae B5 tot B14), kan sodanige verhoudinge as verwysingsraamwerk dien vir die opstel van positiewe opvoedingsriglyne.

3.5.4.4 Werkende ouers

Die Industriële Revolusie wat na afloop van die Tweede Wêreldoorlog 'n aanvang geneem het, het die struktuur van die gesin drasties beïnvloed (paragraaf 3.3.3.2). Die **eenheid** in die gesin wat kenmerkend van die hegte uitgebreide gesinstruktuur was, het begin verkrummel en plek gemaak vir die kerngesin wat te midde van die gejaagde stadslewe in heelwat gevalle onpersoonlik en sonder warmte funksioneer (Van den Berg, 1987:102 ; Hugo, 1985:137).

Ter wille van volledigheid moet hier vermeld word dat die teenoorgestelde situasie egter ook in heelwat kerngesinne bestaan; waar die kleiner gesinstruktuur juís bydra tot intiemer gesinsverhoudings.

Die primêre sosialiseringsgroep, naamlik die gesin, is deur hierdie gejaagde stadsopset in vele opsigte versteur. In die Westerse samelewing is die verkrummeling van die eenheid in die gesin primêr veroorsaak deur "...the relatively new phenomenon of both parents working" (Van den Berg, 1987:102 ; Kroll, 1987:6). Die resultaat van beide ouers se betrokkenheid by beroepsarbeid, was in heelwat gevalle soos volg: "...the vacuum

left by the absent parents has come to be filled by the peer group." (Van den Berg, 1987:102). Op sy beurt het die invloed van die portuurgroep op mekaar veroorsaak dat gewelddadige gedrag, 'n algemene onverskillige houding en opstand teen alle vorme van gesag, kenmerkend van die jeug in die stede geword het (Van den Berg, 1978:109; Anon., 1986:4); 'n situasie wat gesinsontwrigtend werk (Gazendam, 1990:50).

Min of meer dieselfde patroon word herhaal in baie swart stedelike gesinne in Suid-Afrika - veral in die minder gegoede gesinne. 'n Probleem wat heelwat van hierdie mense ervaar word veroorsaak deur die relatief lae salarisse wat hierdie mense vir hul daaglikse arbeid ontvang (Cock et al., 1985:30 ; Shaw, 1991:13). "The vast majority of urban Africans live a hand-to-mouth existence" (De Ridder, 1961:155). Al verrig beide die ouers beroepsarbeid, is die inkomste gewoonlik te skraal om die gesin na behore te onderhou. Die lewenskoste in die stede is aansienlik hoër as op die platteland en die swartmense ondervind dikwels probleme om in hulle daaglikse behoeftes te voorsien (De Ridder, 1961:155 ; Pretorius, 1982:112 ; Van der Walt, s.a.:11 ; Hlatshwayo, 1988:6 ; Edwards, 1990:56 ).

As gevolg van die lang afstande wat beide ouers dikwels werk toe moet aflê en die lang ure wat die ouers as gevolg daarvan van die huis afwesig is, ontbeer die kinders dikwels voldoende gesinsondersteuning (Coetzee, 1985:42). Angenent (1976:33) verduidelik die situasie soos volg: "Voor mensen die in minder gunstige economische omstandigheden leven is het tenslotte in de eerste plaats belangrijk dat er brood op de plank komt, ook al gaat dit ten koste van de opvoeding van de kinderen." Onder sulke omstandighede kan daar nie voldoende toesig en beheer oor die kinders wees nie - 'n situasie wat bydra tot die gesagsprobleem in menige van die hedendaagse swart gesinne in die stad (paragraaf 3.5.4.3).

Skoolgaande kinders vertrek dikwels eers skool toe nadat die ouers reeds werk toe is en in die aande is daar weinig tyd vir

kwalitatiewe tydsbesteding aan mekaar (Hugo, 1985:137). Die meeste van die ouers - en dit sluit die moeders in - werk tussen 16 en 18 ure per dag (Edwards, 1990:60). Die tyd wat die moeders wel by die huis bestee, word grotendeels gevul met huishoudelike take en min tyd kan aan die kinders bestee word (Cock et al., 1985:32).

Die gebrek aan kommunikasie tussen ouer en kind wat onder hierdie negatiewe omstandighede bestaan, wek spanning, frustrasie en angs by die kind. Verwarring, vereensaming, 'n gevoel van onveiligheid, 'n negatiewe lewensopvatting en -houding, kan onder meer die ongelukkige gevolge wees van die gejaagde en onpersoonlike interaksie tussen die stadskind en sy ouers (Hugo, 1985:137 ; Pretorius, 1988:253).

'n Groot leemte in sommige van die swart woongebiede - waaronder die swart dorp Ikageng net buitekant Potchefstroom - is die tekort aan sport- en ontspanningsfasiliteite (Oosthuizen, 1991). As gevolg van hierdie leemte gebeur dit makliker dat die kinders afleiding soek in die strate en op hierdie manier betrokke raak by allerlei vorme van misdaad en wangedrag.

3.5.4.5 Behuisingstekorte

Die tekort aan behuising vir swartmense in die stede is 'n kommerwekkende verskynsel wat in vele opsigte ontwrigtend kan inwerk op die gesinslewe. Schapera (1967:188) stel naamlik morele agteruitgang en gevolglike disharmoniese persoonlikheids= ontwikkeling, as van die ernstigste probleme wat kan ontstaan wanneer daar in agterbuurttoestande en oorbesette huise geleef word.

Die situasie rondom behuising in die dorp Ikageng word in vrae 6 en 7 van afdeling A van die vraelys ondersoek (Bylae B).

#### 3.5.4.6 Die enkelouergesin

Waar hierdie navorsing beoog om die toereikendheid van ouer-kind-opvoedingsverhoudinge spesifiek in **kerngesinne** in Ikageng te toets, is dit tog belangrik om kennis te dra van enkele probleme ten opsigte van ouer-kind-verhoudinge wat deur enkelouergesinne ondervind word. Die rede waarom kennis in dié verband vir hierdie navorsing van belang is, is geleë in die feit dat sommige van die probleme waarmee enkelouergesinne te kampe het, ook soms deur kerngesinne ervaar word.

Die enkelouergesin ondervind in baie opsigte probleme. Soos Touliatos en Lindholm (1980:265) dit stel: "deviations from the two natural parent norm are commonly believed to have deleterious effects." In die meeste studies oor enkelouerskap - en dit geld vir alle bevolkingsgroepe - word finansiële probleme as die belangrikste uitgelig (Steyn et al., 1990:136 ; Touliatos & Lindholm, 1980:267 ; McLanahan & Booth, 1989:557 ; Wilson, 1984:1334 ; González, 1990:5 ; Kroll, 1985:6). Die meeste van die enkelouergesinne is moeder-kind-gesinne (Steyn et al., 1990:133). Die salaris van die vrou alleen is in die meeste gevalle so min dat die lewenstandaard van die gesin oor die algemeen aansienlik daal; "resulting in minimal allowance for child care, inferior housing accomodations and unfavorable neighborhoods, and limited time for the performance of familial tasks..." (Touliatos & Lindholm, 1980:267).

Die swakker woongebiede waar baie van hierdie moeders verplig is om te woon, word dikwels gekenmerk deur misdaad en wangedrag - veral onder die jeug - en ook deur swak onderwysfasiliteite (McLanahan & Booth, 1989:561). Beide faktore werk geweldig opvoedingsbelemmerend: "All of these factors make the job of being a single parent more difficult and may ultimately affect parenting practices and parent-child relationships" (McLanahan & Booth, 1989:561). Die vrou as enigste én werkende ouer ondervind dus heelwat probleme met die opvoeding en versorging van die kinders (McLanahan & Booth, 1989:563).

Kindersorgfasiliteite vir voorskoolse kinders en kinders wat ná skool versorg moet word, is skaars en duur. In sommige gevalle maak swart moeders gebruik van 'n ouma om na die kinders te kyk, maar die teenwoordigheid en versorging van die moeder sélf ontbreek (Cock et al., 1985:45 ; Wilson, 1984:1337). Touliatos en Lindholm (1980:266) het bevind dat die nadelige gevolg van die moeder se afwesigheid vir lang ure, in baie gevalle lei tot vertraging in die persoonlikheidsontplooiing van die kinders en gedragsprobleme.

Baie min werkgewers verskaf kindersorgfasiliteite; die hoofrede daarvoor is dat die teenwoordigheid van die kinders by die werk die moeders se produktiwiteit sal benadeel (Cock et al., 1985:46). Bewaarskole word hoofsaaklik deur privaat-instansies gesubsidieer; daar bestaan dus 'n groot leemte wat betref staatsondersteunde bewaarskole vir swart kinders. Hierdie situasie geld nie net vir enkelouers nie; gesinne waar albei ouers werk, ervaar presies dieselfde probleem.

Die enkelouer moet sterk kompenseer vir die gemis aan die teenwoordigheid van die ander party. Die gevolg van hierdie gemis word dikwels gereflekteer in spanning tussen ouer en kind (vergelyk tweerigtingfrekwensies, paragraaf 4.4.7.4).

'n Feit wat heelwat kommer wek, is dat kinders wat in enkelouergesinne opgroei, nie net ontwrig word as jong kinders nie, maar dat hulle gedurende adolessensie en selfs later as volwassenes, dikwels probleme ondervind om normale verhoudings met mense aan te gaan (McLanahan & Booth, 1989:565).

#### 3.5.4.7 Samevatting

Uit bogenoemde uiteensetting blyk dit duidelik dat daar heelwat probleme in swart gesinne bestaan wat direk of indirek verband hou met die proses van verstedeliking. Verder blyk dit duidelik dat die probleme baie nou by mekaar aansluit - veral die probleme van kulturele verdeeldheid, die gesagskrisis en die feit dat

beide ouers verplig is om beroepsarbeid te verrig.

Volgens Pretorius (1988:202) is die volgende faktore kenmerkend van heelwat van die hedendaagse swart gesinne in Suid-Afrika: armoede, lidmaatskap van 'n kultuurgroep anders as die dominante kultuur, fisiese tekorte (wat dikwels lei tot oorvol en vervalle wooneenhede), hoë mobiliteit en ontworteldheid van die gesin (byvoorbeeld weens verstedeliking en trekarbeid), gebroke of onvolledige gesinne (waaronder enkelouerskap) en 'n gesinsmilieu wat min emosionele of kulturele stabiliteit bied.

In sulke gesinne is dit moeilik om 'n atmosfeer van stabiliteit en harmonie tussen ouer en kind te skep; faktore wat essensieel is vir die toereikende persoonsontplooiing van die kind.

Die stand van die verhoudinge in Ikageng word in paragraaf 5.2.2 geëvalueer waar afleidings en gevolgtrekkings rondom die toereikendheid al dan nie van die verhoudinge tussen ouers en kinders in hierdie dorp gemaak sal word. Daar sal gepoog word om lyne te trek tussen die stand van ouer-kind-opvoedingsverhoudinge en die mate van stabiliteit wat in die gemeenskapslewe heers.

Die samelewing het ook 'n invloed op die sukses waarmee (ouerlike) opvoeding van die jeug kan plaasvind. Pretorius (1988:35) motiveer hierdie stelling met die feit dat die mens (jeug) nie in isolasie binne die heilsame invloedsfeer van die verskillende opvoedingsinstellings - waaronder die ouerhuis - alléén leef nie. Die wyer samelewing het voortdurend 'n invloed op die toereikendheid waarmee die opvoeding van die jeug kan plaasvind. Hiermee word bedoel dat indien die situasie in die samelewing van só 'n aard is dat rewolusionêre en nie-Christelike standpunte byvoorbeeld deur kommunikasiemedia aan volwassenes en jeugdiges oorgedra word, daar op die breë publiek 'n aanslag gemaak word wat gesonde opvoedingsgedagtes vertroebel en die Christelike normbesef laat verwaarloos (Pretorius, 1988:35). Só 'n samelewingsituasie werk negatief in op die gesonde volwassewording van die jeug en op die harmonie tussen

ouer en kind. Nét so is 'n samelewing wat voortdurend gekenmerk word deur geweld en oproer, nie bevorderend vir 'n gesonde opvoedingsmilieu nie - of dit nou opvoedende onderwys in skoolverband is, of ouerlike opvoeding binne gesinsverband.

## 3.6 EVALUERENDE PERSPEKTIEF

In hoofstuk 3 is gekyk na enkele gesinstipes, waaronder veral die manifestering van die gesin deur die eeue tot en met die Industriële Revolusie. Daar is in meer besonderhede na die kerngesin gekyk, aangesien dit die oorheersende gesinstipe in die hedendaagse samelewing is. Die voordele van die kerngesin in 'n geïndustrialiseerde samelewing, sowel as die kwesbaarheid daarvan, is onder andere aangeraak. Hierdie deel van hoofstuk 3 vorm 'n belangrike agtergrond waarteen die hedendaagse swartmens van Suid-Afrika in sy verstedelikte, half-verwesterde situasie beskou word.

Die invloed van die Christendom, Westerse kultuur en die proses van verstedeliking, het die tradisionele swartman in feitlik al die fasette van sy lewe beïnvloed; dikwels ten goede, maar ongelukkig het hierdie beïnvloeding ook met heelwat aanpassingsprobleme gepaard gegaan, en dit gaan nog steeds met probleme gepaard wat groot ontwrigting in die lewens van die hedendaagse swartmense veroorsaak. Ook en veral van belang vir hierdie navorsing is ontwrigting van die gesinslewe en verhoudinge binne die gesin.

Alvorens bogenoemde invloede op die tradisionele swartmense van Suid-Afrika bestudeer kon word, was dit eerstens noodsaaklik om die swartman in sy tradisionele milieu te begryp. Om hierdie rede is daar kortliks aandag geskenk aan die tradisionele swartmense van Suid-Afrika, waaronder hul vestigingspatrone, hul lewens- en wêreldbeskouing, hul samelewingbeskouing en gesinslewe en hul opvoedingsgedagtes.

Uit die gegewens soos in die afgelope hoofstuk vervat, is dit

duidelik dat die grootste meerderheid van die hedendaagse swartmense in 'n half-verwesterde toestand verkeer en dat dit die minderheid van die swartmense is wat reeds volledig verwester het (vergelyk paragraaf 3.5.1). Op feitlik al die terreine van die lewe moes die swartmense in die verstedelikte opset met sy Westerse idees, aanpassings maak. Hierdie aanpassings is in baie van die gevalle noodsaaklik ten einde aan die swartmense 'n staanplek in die komplekse geïndustrialiseerde samelewing te verseker. Hier word byvoorbeeld gedink aan die Westers-georiënteerde skool wat vreemd aan die tradisionele kultuur van die swartmense is, maar wat noodsaaklik is omdat dit sekuriteit in 'n hoogs-kompeterende beroepswêreld bied.

Heelwat probleme word egter deur die swartmense in die stede ervaar; sommige waarvoor oplossings reeds gevind is, andere waarvoor nog dringend na oplossings gesoek word. In paragraaf 5.2.3 word gepoog om op grond van die empiriese ondersoek in hoofstuk 4 (vergelyk vrae B5 tot B14, Bylae B), 'n paar aanbevelings te maak (indien nodig blyk te wees) wat kan help om die aanpassingsfase van die swartmense in die stede makliker te maak - onder andere in die vorm van opvoedingsvoorligting aan swart ouers.

Vervolgens sal daar in hoofstuk 4 vasgestel word in watter mate gesonde ouer-kind-opvoedingsverhoudinge - soos blootgelê deur die literatuurondersoek van hoofstukke 2 en 3 - in geïdentifiseerde kerngesinne in Ikageng tot hulle reg kom al dan nie. Die resultaat van die empiriese ondersoek sal dan gebruik word om ontoereikende of harmoniese eienskappe van ouer-kind-opvoedingsverhoudinge waar van toepassing, onderskeidelik te vermy of te implementeer vir uiteindelike gesonder verhoudinge in gesinsverband en in die wyer gemeenskap.